

**'N KOGNITIEWE BENADERING
TOT TYDSMARKERING
IN AFRIKAANS**

**Proefskrif ingelewer vir die graad
Doktor in die Lettere en Wysbegeerte**

deur

Maria Magdalena Spruyt
B.A. Hons. M.A.

**aan die Universiteit van Zululand
Durban-Umlazi Kampus**

Promotor: Prof. R.M. Klopper

Januarie 1999

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

HANDTEKENING

DATUM

M. W. Spruijt

31 | 1 | 99

OPSOMMING

Die doelwit van hierdie dissertasie was om deur middel van bronverkenning 'n oorsig te bied van werk wat in Afrikaans gedoen is oor tydsvergestalting, en om aan te dui dat die Kognitiewe Retoriek, as opkomende studiegebied, ontledingsmeganismes bied vir probleme met tydsmarkering wat nie deur tradisionele metodes van ontleding en beskrywing opgelos kan word nie.

'n Ontledingsraamwerk gebaseer op die kognitiewe dinkruimbenadering is ontwikkel wat voorsiening maak vir die beginsel dat die semantiese struktuur van 'n taal 'n mens se bewussyn van 'n fisiese, sosiale en taalkundige wêreld reflekteer, sodat tyd metafores as ruimte herbedink word. Hiervolgens word tyd as 'n houer gesien waarbinne tydskonsepte soos hede, verlede en toekoms as kleiner houters opgesluit lê. Hierdie houters funksioneer as dinkruime, wat gedeeltelike weergawes is van logiese, samehangende situasies of potensiële werklikhede waarbinne tyd as 'n beweging en 'n manipuleerder optree.

'n Basiese vertrekpunt van die ontledingsraamwerk wat ontwikkel is, behels dat 'n dinkruim vir die teenwoordigetyd as die primêre belewingsruim van die mens beskou word, en as die kognitiewe vertrekpunt vanwaar hy metafores projekteer na 'n verledetyddinkruim of 'n toekomstigetyddinkruim. Binne 'n bepaalde dinkruim is daar 'n sekvensie van gebeurtenisse wat vir dieselfde tyd gemerk is; sodra 'n tydskuif plaasvind, word 'n nuwe dinkruim oopgemaak vir die nuwe tydraam.

Die dinkruimbenadering is benut om aan te toon hoe tyd as agtergrond-organiserende meganisme gebruik word om tyd in alledaagse diskoers asook in narratiewe tekste te ontleed.

SUMMARY

The aim of this dissertation was to give an overview of work done on the grammatical expression of time in Afrikaans, and to show that the Cognitive Rhetoric, as a relatively new field of study, offers analytical tools that can account for problems being encountered with time expression which cannot be successfully dealt with through traditional methods of analysis and description.

A descriptive framework was developed based on the cognitive approach of mental spaces, which has as basic principle the view that the semantic structure of a language is a reflection of a person's conscious experience of a physical, social and linguistic world, which allows for time to be metaphorically viewed as space. Thus time can be viewed as a container in which past, present and future are locked up in still smaller containers. These containers function as mental spaces, which are partial renderings of logical, coherent situations or potential realities in which time moves as a mover or a manipulator.

An important tenet of the analytical framework which has been developed, is that a mental space for the present tense is regarded as man's primary field of experience, and as the cognitive point of departure from where he metaphorically projects to a past tense mental space or a future tense mental space. Within a particular mental space there is contained a sequence of events which are marked for the same tense; when a shift in time occurs, a new mental space is opened for the new time frame.

The mental spaces approach has been utilised to show how time is used as a background-organising mechanism for the analysis and description of tense in everyday discourse as well as a fictional narrative text.

DANKBETUIGINGS

Met die afhandeling van hierdie dissertasie wil ek graag my opregte dank betuig teenoor:

- Prof. Rembrandt Klopper, my promotor, vir sy inspirasie en kundige leiding wat die studie moontlik gemaak het.
- My man, Johan, en my kinders, Corné, Sonia en Geo, vir opoffering en liefdevolle ondersteuning.
- Elsa Klopper, vir haar hulp met die finale proefleeswerk.
- Die Universiteit van Zululand, vir geldelike steun.
- Die RGN, vir geldelike steun.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1:

'N ONDERSOEK NA TYDSVERGESTALTING IN AFRIKAANS

1.0	INLEIDING	1
1.1	PROBLEEMONTLEDING	4
1.2	PROBLEEMSTELLING	10
1.3	DOELWITSTELLING	11
1.4	PRINSIPIELE BENADERING VAN DIE ONDERSOEK	12
1.5	VERDERE VERLOOP VAN DIE STUDIE	14

HOOFSTUK 2:

BRONVERKENNING: KANONIEKE BRONNE

2.0	INLEIDING	17
2.1	HANTERING VAN TYD IN KANONIEKE BRONNE	17
2.1.1	DIE ROL VAN DIE DEIKTIESE SENTRUM BY TYDSUITDRUKKING	19
2.1.2	KONTEKS	20
2.1.3	WERKWOORDPATRONE: TEMPUS, ASPEK, AKSIONART	21
2.1.4	"GEWETE" EN WAARGENOME WÊRELDE	23
2.1.5	NUWE PERSPEKTIEWE OP GEVESTIGDE BRONNE	23
2.1.6	NUWE INSIGTE MET BETREKKING TOT BETEKENIS EN TAAL	26
2.2	SAMEVATTING	29

HOOFSTUK 3:

BRONVERKENNING: DIE KOGNITIEWE GRAMMATIKA

3.0	INLEIDING	31
3.1	DIE HANTERING VAN TYD IN DIE KOGNITIEWE GRAMMATIKA	31
3.1.1	TIPIESE EN MINDER TIPIESE GEBRUIKSPATRONE	33
3.1.2	DIE KONSTRUKSIE VAN KONSEPTUELE DINKRUIE	34
3.1.3	DIE KOGNITIEWE RAAMTEORIE	35
3.1.4	GEBEURERAME	36
3.1.5	BEELDSKEMAS, TYD EN RUIMTE	39
3.1.6	GEBEURE EN OBJEKTE IN TYD	40
3.1.7	STORIES IN TYD: ANALOGIE EN METAFORIEK	42
3.1.8	TYD AS 'N DEIKTIESE KATEGORIE	45
3.1.9	DIE FIGUUR-EN-GROND-GESTALT	47
3.1.10	SEKWENSIES IN TYD	48
	Sekwensie, skandering en summiere skandering	49
	Sekwensieskandering en summiere skandering binne die deiktiese konteks	50

3.1.11	DIE ROL VAN GEHEUE BY TYDSONDERSKEID	51
3.2	CUTRER (1994) SE DINKRRUIMMODEL VIR DIE ONTLEDING VAN TYDSVERLOOP IN DISKOERS	52
	Die konstruksie van dinkruime tydens diskoers.....	53
	Tempusrelasies by matrikssinne en ingebedde sinne.....	55
	Die verwantskap tussen teenwoordigetydmarkering en die konstruering van prediksies as feitelike stellings.....	56
	Die verwantskap tussen verledetydmarkering en die konstruering van ongerealiseerde gebeure as teenfeitelike stellings.....	57
	Die voorwaarde-en-gevolg-hipotetiese-konstruksie in diskoers.....	57
	Die waarde van Cutrer (1994) se werk oor tydsverloop in diskoers.....	62
3.3	SAMEVATTING	63

HOOFSTUK 4: TEORIEë EN BEGINSELS ONDERLIGGEND AAN 'N DESKRIPTIEWE RAAMWERK VIR TYDSBELEWING

4.0	INLEIDING	65
4.1	KONSTRUERING EN PROFILERING	65
4.2	DINKRUIME EN KONSEPTUELE KARTERING	66
4.3	SINSKONSTRUKSIES AS DRAERS VAN SKEMATIESE SEMANTIESE INFORMASIE	67
4.4	DIE METAFORIES-INNOVERENDE GEBRUIK VAN SINSKONSTRUKSIES	68
4.5	WERKWOORDKLASSE	70
4.6	DIE INTEGRERING VAN SINTAKTIESE EN SEMANTIESE INFORMASIE DEUR MIDDEL VAN DINKRUIME.....	71
4.7	SAMEVATTING	76

HOOFSTUK 5: 'N ONTLEDINGSRAAMWERK VIR DIE BESKRYWING VAN TYDSBELEWING IN DISKOERS

5.0	INLEIDING.....	78
5.1	KOMMUNIKASIE AS 'N RAAMWERK WAARBINNE DISKOERS PLAASVIND	78
5.2	HOE DINKRUIME GEBRUIK WORD OM BETEKENIS EN STRUKTUUR TE INTEGREER	81

5.2.1	DIE TAALHANDELINGSRAAM.....	82
	Die figuur-en-grond-gestalt as grondslag vir die konstruering van nuwe en onbekende informasie.....	85
	Tempus	85
	Modaliteit	86
5.2.2	DIE STAATRAAM.....	87
	Aspektuele onderskeid en die hoofwerkwoord.....	91
5.2.3	DIE GEBEURERAAM.....	94
	Die tipe gebeurtenis	95
	Oorsaaklikheid en intensionaliteit	97
	Die partye/entiteite betrokke by 'n gebeurtenis.....	99
5.2.4	KONSEPTUELE VERMENGING VAN DIE KONSEPTUELE STRUKTUUR EN DIE LINGUISTIESE STRUKTUUR.....	104
5.3	SAMEVATTING.....	106

HOOFSTUK 6:

'N KOGNITIEF-LINGUISTIESE ONDERSOEK NA TYDS- VERGESTALTING IN 'N NARRATIEWE POËSIETEKST: *DENNEBOL* VAN D.J. OPPERMAN

6.0	INLEIDING.....	110
6.1	HOE DINKRUIME GEBRUIK WORD OM BETEKENIS TE KONSTRUEER.....	110
6.2	AGTERGROND TOT DIE GEDIG.....	112
6.3	OPSTEL VAN DINKRUIME IN <i>DENNEBOL</i>	113
6.3.1	GENERIESE, BRON-, TEIKEN- EN MENGRUIME.....	113
6.3.2	BEPALING VAN DIE TEMA (SENTRALE INFERENSIE) VAN DIE GEDIG	117
6.4	DINKRUIME, GEBEURERAME EN TYDRAAME IN <i>DENNEBOL</i>	115
6.4.1	VESTIGING VAN DEIKTIESE ANKERPUNT IN DIE GROOTTYDRAAM: 'N VRAAG WORD GESTEL	120
6.4.2	DEIKTIESE ANKERPUNT IN DIE BRONRUIM: 'N FISIESE REIS	120
6.4.3	VERPLASING VAN DIE DEIKTIESE SENTRUM NA DIE INGEBEDDE TYDRAAM AS TEIKENRUIM	121
6.4.4	"KYK"- EN "DINK"-RUIME: KOGNITIEWE BEWERKING VAN BEELDSKEMAS TOT KONSEPTE	123
6.4.5	VERMENGDE RUIM: NUWE INSIGTE	126
6.4.6	TRANSENDASIE VAN TYD EN RUIMTE: DIE VRAAG BEANTWOORD	127
6.5	SAMEVATTING	128
	ADDENDUM: <i>DENNEBOL</i> VAN D.J. OPPERMAN	130

HOOFSTUK 7:
SAMEVATTING 133

BIBLIOGRAFIE..... 138

LYS VAN DIAGRAMME

FIGUUR

Figuur 1:	Die bron-, teiken-, generiese en mengruime van 'n konseptuele vermenging	44
Figuur 2:	Konseptuele vermenging: <i>Jan nies die servet van die tafel af</i>	73
Figuur 3:	Integrasie van konseptuele dinkruime, as kennisrame, met 'n taaluiting	82
Figuur 4:	Klien vir prototipiese en atipiese temas.....	100
Figuur 5:	<i>Dennebol</i> : Generiese, bron-, teiken- en mengruime in konseptuele vermenging.....	113
Figuur 6:	<i>Dennebol</i> : 'n Skematiese uiteensetting van die dinkruime waarop die interpretasie van die gedig berus.....	115
Figuur 7:	<i>Dennebol</i> : Tyd- en gebeurerame.....	117

Hoofstuk 1:

‘N ONDERSOEK NA TYDSVERGESTALTING IN AFRIKAANS

*“What then is time? If no one asks me, I know what it is,
If I wish to explain to him who asks me, I do not know.”*
St Augustine, *Confessions*

1.0 INLEIDING

Hoe beleef die mens tydsverloop? En hoe word dit in die grammatika van ‘n taal vergestalt?

Robert Binnick se ensiklopediese werk in 1991, *Time and the Verb*, begin met die stelling *“It is no contradiction to say that we know a very great deal about tense, but understand it little...It has been difficult even to know how much we do understand it, for confusing as discussions of the tenses of various languages may be, the scholarly literature concerning tense in general is, if anything, even more confusing”*. Turner (1996:148) onderskryf hierdie stelling en sê dat alhoewel tyd eksplisiet, intensief en intelligent vir die afgelope twee en half duisend jaar bestudeer word, en alhoewel daar lywige tegniese literatuur oor tyd as ‘n faset van verskillende tale bestaan, kundiges nog nie ooreen kon kom oor tyd as ‘n grammatikale fenomeen nie. In ‘n omvattende ondersoek na grammatikale tydsvergestalting in Afrikaans vra Wybenga (1983) of die ondersoek na die grammatikale uitdrukking van tyd dan nog nie voltooi is nie - hy kom tot die slotsom dat, alhoewel daar reeds ‘n deeglike verkenning deur taalkundiges gedoen is, ook in die geval van Afrikaans die saak nog nie uitgepluis is nie.

Die ouer Indo-Europese tale dui tydsonderskeid (tyd en aspek) deur middel van werkwoordelike fleksie aan – die tradisionele siening is derhalwe dat tyd noodwendig ‘n

flektiewe kategorie van die werkwoord is (vgl. De Villiers 1948, 1951; Van der Merwe 1982). In die jonger Indo-Europese tale is hierdie uitgebreide fleksiesisteen tot 'n groot mate vervang deur ander grammatikale sisteme, soos die gebruik van hulpwerkwoorde en die toenemende gebruik van setselkonstruksies. Hierdie proses van deflektering het sover gevorder dat daar in moderne tale soos Duits, Frans, Engels, Nederlands en Afrikaans min van die eertydse uitgebreide fleksiesisteen oorgebly het. In Afrikaans word tydsaanduiding tradisioneel gesien as die funksie van die werkwoord of minstens in die modifisering van die werkwoord deur ander woorde. Hierdie benadering is hoogs gestruktureerd en daarom ontoereikend en problematies omdat dit, soos deur Wybenga (1983:246) aangedui, nie rekening hou met die jonger insigte oor grammatikale tydsvergestalting in die wêreld nie - dit is immers nie die struktuur van taal wat kommunikeer nie, maar die gebruikers van die struktuur.

Na aanleiding van hierdie belangrike insig maak Wybenga (1983:205-244) die volgende stellings wat vir die doeleindes van hierdie dissertasie van belang is: tydsuitdrukking is nie 'n verskynsel wat in die taal los van ander verskynsels staan nie en daar sal derhalwe vasgestel moet word hoe tyd deur die taalgebruikende mens ervaar word. Hy maak 'n onderskeid tussen gewete en waargenome wêreld - eersgenoemde hou in dat 'n mens hom in sy taal uitspreek oor dit wat hy weet van die wêreld, en laasgenoemde verwys na mededelings wat hy maak slegs ten opsigte van dit wat hy waarneem.

Hierdie insigte kom grootliks ooreen met dié van die kognitiewe benadering tot taalondersoek en staan in kontras tot die sogenaamde Objektivisme (vgl. Rosch 1973; Johnson 1987; Taylor 1989; Langacker 1990), wat die realiteit ('real world') beskou as gegrondves op 'n rasonale struktuur, onafhanklik van die geloof van enige persoon. Die korrekte, objektiewe rede weerspieël hierdie rasonale struktuur en staan los van menslike ervaring en kennis. Hierdie siening word deur kognitiewe taalkundiges bevestig. Jackendoff (1983:24,25) ontken nie die realiteit van die wêreld nie, maar sê dat 'n mens nie die "werklike wêreld" kan waarneem soos wat dit is nie - wat ons sien, is die

geprojekteerde wêreld, die enigste een waartoe ons bewustelik toegang het en wat onbewustelik deur die menslike gees georganiseer word. Menslike ervaring en kennis sal dus in die struktuur van taal en die funksionering van taal weerspieël word.

Uit die voorgaande is dit moontlik om die vraag wat ter aanvang gestel is, gedeeltelik aan die hand van Turner (1996) te beantwoord: daar is 'n werklike wêreld wat in tyd en ruimte bestaan; ons is in daardie wêreld; daar is waarhede oor daardie wêreld wat in ons denke gereflekteer word; ons taal laat ons toe om oor daardie wêreld en ons rol daarin te praat, en daar is 'n direkte verwantskap tussen ons taal en die werklike wêreld. Ons waarneming van tyd, soos enige ander konsep wat deur die menslike gees georganiseer word, sal dus 'n subjektiewe basis hê, afhanklik van die konseptualiseerder se subjektiewe ervaring van 'n gegewe situasie.

Dit bring ons by die volgende vraag: hoe word hierdie waargenome, subjektiewe ervaring van tyd in die grammatika van 'n taal vergestalt? Turner (1996:120-150) sê dat enige algemene verduideliking van tyd wat uiteindelik aanvaarbaar sal wees, heelwat anders sal lyk as dit wat ons tans daarvoor te sê het. Hy vergelyk tydsbeleving met 'n storie wat in tyd en ruimte geprojekteer word, sodat die ervaarder deur middel van hierdie projeksie 'n spesifieke temporele fokus en 'n spesifieke temporele gesigspunt sal hê. 'n Mens fokus normaalweg op die temporele ruimte "gister" vanaf die gesigspunt "vandag": "ek het dit gister gedoen". Ons fokus ook op die temporele ruimte van môre of oormôre vanaf die gesigspunt van "vandag": "hy sal môre huis toe kom en ons sal hom die volgende dag vra of hy die goed gekry het...". Ons fokus egter ook op die temporele ruimte 1652 vanaf 'n verplaasde gesigspunt in 1652: "Dit is 1652. Jan van Riebeeck se drie seilskepe lê in die baai".

Die terme "gesigspunt" en "fokus" word in hierdie dissertasie as kognitiewe primitiewes beskou wat 'n bepalende rol speel by betekenisgewing aan tydsdimensies en tydsdure en die grammatikalisasie daarvan in taal, en word in die volgende hoofstukke breedvoerig bespreek.

Deur middel van die kognitiewe prosesse van metaforiek, vergelyking en projeksie orden die mens sy wêreld. Hierdie aspekte is volgens die neurowetenskaplike William H. Calvin (1996) die wesenskenmerk van menslike intelligensie: “*..closer to intelligence are the power(s) of analogies, metaphors, similes, parables, and mental models*”. Dié proses vorm die basis van die teorie van konseptuele vermenging (Fauconnier & Turner 1994; Turner & Fauconnier 1995) en word gebruik vir die persepsie van alle soorte simboliese interrelasies wat verband hou met die vergelyking van een ding met ‘n ander, soos hipoteseformulerings, uitvindings, ontdekkings, konseptuele projeksie tydens matematiese berekenings asook die persepsie van metaforiese en grammatiese interrelasies. Edelman, soos gerapporteer in Turner (1996:160), sê dat grammatikale struktuur vanuit konseptuele strukture voortspruit en sintaksis vanuit die projeksie van semantiek op fonologie. Turner beskryf die konseptuele struktuur onderliggend aan grammatikale struktuur as klein verhaaltjies: sinne is klein verhaaltjies wat deel vorm van groter verhale wat ons oor gebeurtenisse vertel. ‘n Werkwoord is ‘n gebeurtenis, ‘n adjunk modifiseer die gebeurtenis en tempus dui die temporale gesigspunt en fokus in die storie aan.

Tydsdifferensiasie in ‘n teks kan derhalwe nie beskryf word as ‘n verskynsel wat in die taal los van ander verskynsels staan nie – ons waarneming van tyd, soos enige ander konsep wat deur die menslike gees georganiseer word, het ‘n subjektiewe basis, is afhanklik van die konseptualiseerder se subjektiewe ervaring van ‘n gegewe situasie en word as sodanig in die taal gereflekteer.

1.1 PROBLEEMONTLEDING

Cutrer (1994) verwys na die tradisionele siening van tyd (1994:3-17) as die temporele plasing van ‘n gebeure, die gebeuretyd, in verhouding tot uitingstyd – die teenwoordigetyd dui aan dat die gebeuretyd ooreenkom met uitingstyd, die verledetyd dui aan dat die gebeuretyd die uitingstyd voorafgaan en die toekomendetyd dui aan dat die gebeuretyd ná spreektyd voorkom. Tyd is deikties, aan die gespreksituasie veranker, met die uitingstyd as deiktiese sentrum.

Temporele interpretasie is egter dikwels verskillend van sy temporele waarde – die teenwoordigetyd kan verwys na 'n gebeurtenis wat nie ooreenstem met die uitingstyd nie. So, byvoorbeeld, kan die teenwoordigetyd verwys na gebeure wat in die werklike wêreld toekomsverwysend is:

- (1)
- a. Ek vertrek môre.
 - b. Ek vertrek vanaand om sesuur.
 - c. As hy vanaand kom, sal ek hom daaroor inlig.
 - d. As ek hom volgende week sien, sal ek hom vra om jou te skakel.
 - e. Wanneer hy uitvind hoeveel werk ons gedoen het, sal hy bly wees.

In voorbeelde (1a) en (1b) word die teenwoordigetyd gebruik om na gebeure te verwys wat ná uitingstyd voorkom. In klouse wat begin met “as” is die teenwoordigetyd toekomsverwysend soos in (1d). In klouse wat begin met “wanneer” is die teenwoordigetyd ook verpligtend vir gebeure wat ná uitingstyd voorkom (1e). Die teenwoordigetyd kan verwys na verledetydsgebeure, dit wil sê gebeure wat vóór uitingstyd plaasvind:

- (2)
- a. Ek loop eendag in die straat en skielik loop hierdie ou my by.
 - b. Dit is die jaar 1652. Jan van Riebeeck land aan die Kaap.
 - c. Hy vang die bal. Hy hardloop pale toe. Hy druk sy drie!

Die gebruik van die teenwoordigetyd om te verwys na verledetydsgebeure is 'n algemene kenmerk in beide mondelinge en geskrewe diskoers of narratiewe (2a en b). Tydens lewendige sportuitsendings word die teenwoordigetyd gebruik om na “net vóór” gebeure te verwys (2c).

Die verledetyd kan ook 'n temporele interpretasie hê wat verskil van sy kanonieke temporele waarde. Die teenwoordigetyd kan byvoorbeeld verwys na 'n gebeure wat nie

uitingstyd voorafgaan nie, en die verledetyd kan gebruik word vir 'n teenwoordigetyd interpretasie:

- (3)
- a. Het jy 'n bietjie tyd? Ek wou jy iets gevra het.
 - b. Ek het gedink jy mag dalk iets wou bydra.
 - c. Ek wens ek het nader aan jou gebly.
 - d. As ek nou tyd gehad het, het ek jou met graagte gehelp.

In (3a) en (3b) word die verledetydsmerkers (“wou gevra het” of “het gedink”) met teenwoordigetydsbetekenis om beleefdheidsredes gebruik; in (3c) word die verledetyd (“het gebly”) gebruik om ‘n wens of versugting in ‘n teenfeitelike situasie uit te druk en in (3d) word die verledetyd (“het gehad” en “het gehelp”) in ‘n voorwaardelike konstruksie gebruik om ‘n teenfeitelike situasie uit te druk.

Die verledetyd kan ook gebruik word vir toekomstige gebeure wat ná uitingstyd plaasvind:

- (4)
- a. As ek vanaand tyd gehad het, het ek jou partytjie bygewoon.
 - b. As ek jy was, het ek vinniger gewerk.
 - c. Ek moet nou klaarmaak, anders sal hy vra wat ek gedoen het.
 - d. Ek kan nie vanaand gaan nie. Vertel my môre wat gebeur het.

In (4a) is die verledetyd toekomsverwysend. In (4b) word die verledetyd gebruik om ‘n toekomstige voltooiingstyd aan te dui. In (4c) is twee interpretasies moontlik: dit kan as net voor uitingstyd geïnterpreteer word of as toekomsverwysend in verhouding tot eksterne uitingstyd, dit is die tyd waartydens die uiting as geheel gemaak word, vóór die gerapporteerde spraakgebeure (“sal hy vra”). In (4d) kan die ingebedde verledetyd (“gebeur het”) nie geïnterpreteer word as net voor die eksterne uitingstyd nie, maar slegs as voor “môre” en die gebeure “vertel”.

Die toekomstigetyd kan ook 'n nie-kanonieke temporele interpretasie hê, waar die gebeure nie geïnterpreteer word as vóór uitingstyd nie. Die toekomstige “sal” kan as teenswoordig geïnterpreteer word:

- (5) a. Sal dit al wees?
b. Ja, dit sal al wees, dankie.
c. Kyk in my beursie, my sleutels sal daar êrens wees.

Die uitdrukkings in (5a) en (5b) word algemeen deur verkoops personeel en kopers gebruik tydens 'n kooptransaksie. In (5c) word die toekomsverwysende “sal” gebruik om te gis oor die huidige lokaliteit van die sleutels.

Die toekomstige “sal” kan ook gebruik word vir verledetydsgebeure:

- (6) Prof. Henderson het in 1967 by Ikeys afstudeer. In 1988 het hy 'n professoraat by Wits aanvaar. Hy besluit dat hy by die WNNR sal aansluit vir die geleentheid wat so 'n stap bied en sit so 'n briljante loopbaan in navorsing voort.

Soos uiteengesit, kan die teenwoordigetyd, verledetyd en toekomstigetyd in 'n toepaslike konteks na 'n werklike huidige, verlede of toekoms verwys. Saamgestelde tydsvorme kan egter ook nie-kanonieke interpretasies hê wat nie 'n anomalie eie aan literêre styl is nie, maar algemeen en patroonmatig binne 'n taal verspreid is. Interpretasies soos hierdie laat ons met die vraag oor hoe dit vir die leser duidelik is met watter tydskategorie hy te doen het aangesien tydskategorieë oorvleuel. Verdere probleme word ook ondervind met tydsverrekening in konstruksies soos die indirekte rede, waar tyd in die ingebedde klous aan 'n ander verwysingspunt as die eksterne uitingstyd kan veranker:

- (7) a. Jan sal teen middernag aankondig [dat hy die dokument verbrand het]¹.

¹ Vierkantige hakies word gebruik om die leser se aandag op spesifieke lekseme, frases of klouse binne 'n groter taalaanbod te fokus.

- b. Die minister sal die dokument om tienuur verbrand. Teen middernag sal hy aankondig [dat hy die dokument reeds twee ure gelede verbrand het].

Die interpretasie van die ingebedde verledetyd in (7a) en (7b) word nie in die standaard benadering verreken nie, waar die verledetyd aandui dat 'n gebeurde voor die uitingstyd plaasgevind het en die toekomstige "sal" dat die gebeurde ná die uitingstyd gaan plaasvind.

Geskrewe diskoers en narratiewe het eiesoortige probleme vir 'n sprekergebaseerde tydsisteem. In die eerste plek kan die outeur en leser in tyd, ruimte en persoonlike kennis geskei wees. In fiksie het die leser tipies nie toegang tot die outeur se uitingstyd nie en tyd moet dus in verhouding tot 'n sprekerstyd, wat ongedefinieer is, geïnterpreteer word. Tweedens kan die verlede-, teenwoordige- en toekomstigetyd aan 'n punt binne die verledetyd storiewêreld veranker:

- (8) Wanneer jy die plaas nader, of dit nou die Karoo is met die ou pad langs Vloksbergpas af of die pad van die dorp, is dit die nuwe huis wat jy die eerste sien waar sy blink dak uit die verte die lig weerkaats.....Dit was die wêreld van my jeug en die omliggende plase het die grense daarvan uitgemaak, behalwe wanneer ons in die winter aftrek na die Karoo (Karel Schoeman: *Hierdie lewe*, hoofstuk 2).

Hierdie soort tydskuiwe wat in die historiese (narratiewe) presens voorkom, is nie beperk tot die teenwoordigetyd nie, maar kan ook in die toekomstigetyd of verledetyd voorkom. Die toekomstige- en verledetyd kan aan die storie se nou veranker, net soos die teenwoordigetyd. In (8) word die historiese presens gebruik om na die verledetyd van die storiewêreld te verwys. Die verledetyd word gebruik om na 'n gebeurde vóór die nou van die storiewêreld te verwys, sodat tyd nie aan die uitingstyd veranker is nie.

Derdens is dit in die narratief moontlik dat tyd glad nie aan die uitingstyd van die spreker veranker is nie, maar wel aan die leser se tyd:

- (9) a. Ek skryf vir jou vanuit Australië.
b. Jy lees nou my laaste brief.

Soos Fillmore (1977) uitwys, kan tyd verwys na die kodeerder of dekodeerder se tyd. In (9a) word die teenwoordigetyd geïnterpreteer as die tyd van skryf. In (9b) word die teenwoordigetyd geïnterpreteer as die tyd van lees. Die teenwoordigetyd dui nie aan dat die gebeure ooreenkom met uitingstyd nie, maar eerder dat die gebeure ooreenkom met die leser se tyd. Geskrewe diskoers en narratiewe het duidelik eiesoortige probleme vir 'n sprekergebaseerde tydsisteem: die outeur en leser kan in tyd, ruimte en persoonlike kennis geskei wees. In fiksie het die leser tipies nie toegang tot die outeur se uitingstyd nie en tyd moet dus in verhouding tot 'n sprekerstyd, wat ongedefinieer is, geïnterpreteer word.

In die voorafgaande bespreking is gefokus op die verskillende nie-kanonieke, kontekstuele interpretasies vir tyd, asook die probleme vir die formulering van 'n omvattende teorie oor tydsvergestalting. Comrie (1985) se benadering tot kontekstuele vs. nie-kontekstuele betekenis, wat as die standaardbenadering beskou word, behels 'n model van taalkundige organisasie waar prosessering en produksie verdeel word in verskeie komponente: 'n sintaktiese komponent vir grammatikale reëls, strukture en funksies, 'n semantiese komponent wat referensiële betekenis insluit en 'n pragmatiese of diskoers-pragmatiese komponent wat die interpretasie vervat in die semantiese komponent ondervang op grond van kontekstuele en pragmatiese voorwaardes.

In hierdie komponentmodel word tempusmerkers onderskei in terme van hulle konteks-onafhanklike betekenis. Betekenis wat met 'n bepaalde tydsmorfeem in pragmatiese konteks geassosieer word, word aan 'n aparte pragmatiese komponent toegewys. Comrie (1985:26) maak 'n onderskeid tussen basiese, semantiese betekenis en geassosieerde pragmatiese betekenis en sê dat tempus-aspek morfeme in terme van hulle semantiese (konteks-onafhanklike) betekenis gesien moet word; vir tempus, die grammatikalisasie van plek in tyd. Waar tyd ander interpretasies in spesifieke kontekste

het kan dit verklaar word in terme van die interaksie van konteks-onafhanklike betekenis en konteks en vorm dit derhalwe nie deel van die betekenis van die betrokke tempuskategorie nie.

Cutrer (1994:17) se vernaamste beswaar teen hierdie model is dat die vraag oor hoe kontekstuele betekenis vanuit die kombinasie van basiese betekenis en geassosieerde implikature voortspruit, nie aangespreek word nie sodat 'n groot klomp data nie verreken word nie. Hierdie benadering van Comrie (1985) reflekteer volgens Cutrer die onewewigtigheid in moderne linguistiek waarvolgens kontekstuele en diskoers data uitgesluit word van die taalkundige se domein van ondersoek – betekenis wat geassosieer word met kontekstuele en narratiewe gebruike van tyd, word eenvoudig aan die pragmatiese komponent toegesê. Cutrer verwys ook na Fauconnier (1990) se besware teen hierdie benadering wat taal in aparte komponente verdeel; sy wys daarop dat so 'n benadering nie slegs 'n hele reeks linguistiese data buite rekening laat nie, maar dat dit ook nie daarin slaag om bevredigende pragmatiese beginsels of eenvormige eksplanatoriese beginsels te ontwikkel nie.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Soos deur Wybenga (1983) en Cutrer (1994) uitgewys, is daar weinig eenstemmigheid by hoogaangeskrewe taalkundiges oor die wyse waarop tyd in taal, insluitende Afrikaans, vergestalt word. Wybenga (1983) wys daarop dat handboeke grammatika saniteer en veilige of tipiese eksemplare van taalgebruik voorhou. Hy wys verder op die diskrepansie tussen tradisionele grammatikahandboeke soos Meyer de Villiers se *Woordsoorte, werkwoorde en tye* (1948) se tipiese benadering tot tydsmarkering en Ponelis se *Afrikaanse Sintaksis* (1979), wat 'n minder tipiese benadering het. 'n Simplistiese en preskriptiewe benadering word volgens Wybenga vir Afrikaans voorgehou waarvolgens tydsuitdrukking uitsluitlik gesien word as 'n funksie van die werkwoord: verledetydsaanduiding deur *het ge+*, toekomendetyd deur *sal/gaan*, aspek deur middel van modale hulpwerkwoorde wat houdings uitdruk (*sal/wil/sou/wou*), en die verloop van handeling deur middel van die aspektuele onderskeidings inchoatief/

duratief/ iteratief/ perfektief/ momenteel (vgl. De Villiers 1951, 1971; Bowmer 1978; Ponelis 1979).

Die gevestigde sienings het die predikaatlogika as grondslag en betrek oor die algemeen almal semantiese rolle, wat verskil van outeur tot outeur. Die struktuur van taal word geobjektiveer en die aanname word gemaak dat 'n taalsisteem 'n selfstandige bestaansreg het los van die bewussynswerklikheid, terwyl taal daarenteen 'n vername geesteskenmerk is wat die mens as spesie onderskei – dit impliseer dat grammatikale verskynsels met kognitiewe vertrekpunte ondersoek moet word. 'n Betekenisvolle verskuiwing in die navorsingsdomein van die linguistiek en meer spesifiek in die wyse waarop tyd vergestalt word, word in die werk van sekere kontemporêre navorsers gereflekteer met sienings oor hoe linguistiese kennis kognitief gerepresenteer word en die analitiese en deskriptiewe meganismes wat deur hierdie verskuiwing genoodsaak word.

Die standaardbenaderings gee nie 'n bevredigende pragmatiese of eksplanatoriese oplossing vir tydsuitdrukking nie. In hierdie dissertasie word die kognitiewe taalkunde aangebied as 'n alternatief vir hierdie beskouing, weens die benadering dat konsepvorming op sintuiglike waarneming (persepsie) gegrond is, dat die mens die werklikheid konseptualiseer deur sy innerlike vergestaltings daarvan op die werklikheid te superponeer en dat leksikale sowel as sintagmatiese aspekte van 'n grammatika simbolies is. Metaforiek, as 'n proses waarmee onbekende of abstrakte informasie verstaanbaar gemaak word deur bekende of meer konkrete informasie daarop te superponeer, word herlei na die stelling dat tyd as ruimte herbedink moet word omdat tyd as abstrakte, nie-sintuiglike konsepsie verstaanbaar gemaak word deur meer konkrete ruimtelike konsepsies daarop te projekteer.

1.3 DOELWITSTELLING

Hierdie dissertasie, soos deur die titel aangedui, ondersoek die wyse waarop taal gebruik word vir die beskrywing van 'n mens se subjektiewe belewenis van tydsverloop. Tydens die ondersoek word taalgebruik in alledaagse kommunikasie asook die kreatiewe gebruik

van taal, betrek. Die linguistiese data is afkomstig uit kanonieke bronne in Afrikaans en kontemporêre bronne oor die kognitiewe benadering tot taalondersoek. Voorbeelde van sinskonstruksies is afkomstig uit Cutrer (1994), Goldberg (1995) en Mandelblit (1997), vrylik vertaal, en vanuit my eie intuïesies as 'n Afrikaanse moedertaalspreker.

Die taalkundige ontledings is in die eerste plek 'n ontleding van werklike taalgebruik (die generering en interpretasie van sinskonstruksies) ten einde aan te toon watter komplekse kognitiewe bewerkings in die brein plaasvind wanneer 'n mens 'n taaluiting prosesseer. Tydens die ontledings word aangetoon hoe 'n benadering van konseptuele dinkruime tydens kennisie probleme met tydvergestalting oplos wat nie deur die tradisionele benadering opgelos kan word nie. Daar sal aangetoon word dat kognitiewe kartering behels dat konsepte vanuit 'n bronruim geprojekteer word op konsepte in 'n teikenruim om tot nuwe gevolgtrekkings te kom in 'n vermengde dinkruim. Daar sal verder aangetoon word dat konseptuele kartering behels dat kleiner versamelings konsepte op mekaar betrek word om afleidings te maak binne 'n omvattender dinkruim, en dat gekarteerde konsepte binne dinkruime as gebeurerame gekonstrueer word.

'n Belangrike deel van die ondersoek berus op die teorie van kognitiewe vermenging en die aanname dat kognitiewe kartering ('mapping') oor kognitiewe domeine heen 'n sentrale rol speel by taal en denke. Die proses van vermenging, waar twee aspekte van 'n objek konseptueel en linguisties op mekaar betrek word, word noukeurig beskryf en toegepas op 'n Afrikaanse fiksionele narratiewe teks ten einde aan te toon dat dieselfde beskrywingsmeganismes vir alledaagse sowel as kreatiewe taalgebruik geld wanneer tydsverloop grammatikaal vergestalt word.

1.4 PRINSIPIËLE BENADERING VAN DIE ONDERSOEK

Die kern van die dissertasie berus op die algemene beginsels van die Kognitiewe Retoriek, 'n dekterm wat toenemend onder kognitiwiste gebruik word vir die Kognitiewe Letterkunde, Kognitiewe Semantiek en Kognitiewe Literêre Teorie (Lakoff & Johnson

1980; Lakoff 1987; Langacker 1987, 1990, 1991; Fauconnier 1985; Fauconnier & Turner 1994). Die Kognitiewe Retoriek kom kortliks daarop neer dat die mens se taalbeheersing berus op sy algemene simboliseringsvermoë, dat hierdie taal- en simboliseringsvermoë nie beperk word tot en beheer word deur toegewyde neurologiese modules in die brein nie, maar deur die brein as geheel en dat alle aspekte van 'n taalsisteem direk betekenisdraend is. Tydsdifferensiasie in 'n teks word beskryf as 'n verskynsel wat in die taal afhanklik is van die konseptualiseerder se subjektiewe ervaring van 'n gegewe situasie, wat in die menslike gees georganiseer en in die taal gereflekteer word.

'n Metode word gevolg waarbinne tydvergestalting in diskoers-narratief, in hoof- en bysinne en in nie-kontekstuele sinne ondersoek word, en 'n model word ontwikkel vir die ontleding van prototipiese, minder tipiese en atipiese gebruike van tyd in Afrikaans. Hierdie ontleding word gedoen teen die agtergrond van drie aannames van die Kognitiewe Retoriek soos volg deur Klopper (1998) geformuleer:

1. Die nie-diskreetheid van taalelemente: (a) Daar is geen konseptuele onderskeid tussen 'n mens se leksikale kennis en jou wêreldkennis nie. (b) 'n Lekseem se betekenis is 'n neksus konsepte in 'n netwerk lekseme wat deur individuele konsepte aan mekaar verbind word. (c) Lekseme, sinsdele en konteks vervat die konsepte saambegryp wanneer 'n mens die betekenis van 'n uiting konstrueer.
2. Prototipiesheid: (a) Leksikale kategorieë het prototipiese, minder tipiese en atipiese lede. (b) Sinselemente kan op prototipiese, minder tipiese en atipiese maniere gebruik word.
3. Metaforiese verbande tussen taaldomeine: (a) 'n Mens se kennis is assosiatief in betekenisdomeine, subdomeine en subsubdomeine georden. (b) 'n Mens kan 'n konkrete betekenisdomein as geheel metafories met 'n abstrakte domein assosieer om die abstrakte domein meer verstaanbaar te maak.

In die terminologie van die Kognitiewe Retoriek gestel, projekteer 'n mens konkrete konsepte uit 'n bronruim op meer abstrakte konsepte in 'n teikenruim om

sodoende 'n sintese van die konsepte in 'n vermengde ruim te maak. Die konseptuele inhoud van die vermengde ruim verteenwoordig dan die nuwe insigte wat 'n mens bereik oor die abstrakte konsepte van die teikenruim. Volgens Klopper (1998:6) kan tyd as abstrakte, nie-sintuiglike konsepsie verstaanbaar gemaak word deur meer konkrete ruimtelike konsepsies daarop te projekteer. Dié insig vorm 'n belangrike fokuspunt vir die besprekings wat volg.

1.5 VERDERE VERLOOP VAN DIE STUDIE

Die dissertasie bevat sewe hoofstukke wat soos volg ingedeel is:

HOOFSTUK 1 is 'n inleidingsoriëntering van die leser ten opsigte van probleemstelling en doelwitstelling.

In HOOFSTUK 2 word aangedui dat daar in Afrikaans tot dusver geen sistematiese en integrerende verduideliking van tydsuitdrukking gegee is nie. Die gangbare opvatting in die meeste voorskrywende grammatikas vir Afrikaans is dat tydsuitdrukking 'n werkwoordelike kategorie is wat vereis dat die basiese vorme van die werkwoord vir die ses vernaamste tye (verlede, teenwoordigetyd, toekomstetyd en voltooid, onvoltooid, voortdurend) onderskei moet kan word. Daar word verwys na die werk van Wybenga (1983) wat die rol van die werkwoordpatrone weer as gering beskou, met 'n primêre funksie om kontras en aspek weer te gee. Hierdie kwessies word verder in sowel kanonieke as meer kontemporêre bronne ondersoek. Laastens word daar kortliks na die beginsels van die kognitiewe grammatika verwys as 'n alternatief vir die tradisionele beskrywing van tydsmarkering.

In HOOFSTUK 3 word aan die hand van kontemporêre kognitiewe bronne aangetoon dat taal volgens dié benadering as 'n konseptuele struktuur beskryf word wat in 'n mensgerigte wêreld funksioneer en wat as sodanig in die taalsisteem gereflekteer word. 'n Sentrale beginsel van die kognitiewe grammatika, dat betekenis gereduseer moet word tot konseptualisasie, word benut om aan te dui dat die semantiese struktuur van 'n

taal ons bewussyn van 'n fisiese, sosiale en taalkundige wêreld reflekteer. Hiervolgens word tyd metafories as ruimte herbedink. Cutrer (1994) se dinkruimmodel vir die ontleding van tydsverloop in diskoers word ook bespreek inleidend tot die besprekings en ontledings in verdere hoofstukke.

In HOOFSTUK 4 word 'n oorsig gegee van die teorie van dinkruime soos deur Fauconnier (1985) en Fauconnier en Turner (1994,1996) ontwikkel as 'n verklaring vir hoe 'n mens konsepte assosiatief integreer. Daar word aan die hand van Langacker (1987a, 1987b, 1991) gewys op die rol wat konstruering en profilering speel by die proses van interpretasie. Daar word ook aangetoon hoe Mandelblit (1997) dié teorieë in samehang met die veroorsaakte bewegingkonstruksie van Goldberg (1995) toepas om te verklaar hoe 'n mens tydsbeleving konsipieer deur die opstel van konseptuele dinkruime tydens die interpretasieproses.

In HOOFSTUK 5 word 'n ontledingsraamwerk ontwikkel vir die beskrywing van tydsbeleving in alledaagse taalgebruik, asook in narratiewe tekste, gebaseer op die kognitiewe beginsels wat in die vorige hoofstukke uiteengesit is. Taal word as 'n kommunikasieraamwerk beskryf waarbinne 'n spreker en 'n aangesprokene 'n gemeenskaplike tema moet hê sodat diskoers sonder misverstand kan plaasvind. Die diskoers tussen gespreksgenote word beskryf as 'n spektrum van taalhandelinge waarin versamelings kennis binne drie kennisrame vervat is: 'n taalhandelingsraam, 'n staatraam, en 'n gebeureraam, wat byeengedink en deur middel van 'n vermengingsproses as 'n taaluiting gekonstrueer word.

In HOOFSTUK 6 word die ontledingsraamwerk wat in die vorige hoofstuk ontwikkel is, toegepas op 'n narratiewe poësietekst, *Dennebol* van D.J. Opperman, om aan te toon hoe tydsverloop in die vorm van gebeureraam gekonstrueer word.

In HOOFSTUK 7 word die vernaamste uitgangspunte wat in hierdie dissertasie vervat is, kortliks saamgevat. 'n Samehangende grammatikale raamwerk word voorgestel

wat 'n oplossing bied vir die onewewigtigheid in moderne linguistiek wat kontekstuele en diskoers data uitsluit van die taalkundige se domein van ondersoek, sodat betekenis wat geassosieer word met kontekstuele en narratiewe gebruike van tyd aan die pragmatiese komponent toegesê word.

Hoofstuk 2:

BRONVERKENNING: KANONIEKE BRONNE

2.0 INLEIDING

In die eerste hoofstuk is verwys na die probleme wat ondervind word met die onderskeiding van tydskategorieë wat vormlik oorvleuel. Dit is in die vooruitsig gestel dat daar kennis geneem sal word van benaderings wat in gevestigde Afrikaanse en kontemporêre bronne gevolg word met betrekking tot grammatikale tydsdifferensiasie, en dat die kognitiewe benadering aangebied sal word as 'n metode om die probleme wat geïdentifiseer is, op te los.

In hierdie hoofstuk word daar ingegaan op die werk van taalkundiges oor die hantering van tydsuitdrukking in kanonieke bronne en die probleme wat daarmee ondervind word. Daarna word 'n oorsig gegee van die werk wat deur kognitiewe taalkundiges soos Langacker (1987a, 1987b, 1991), Fauconnier (1985) en Dinsmore (1991) gedoen is. Laastens word die model wat deur Cutrer (1994) ontwikkel is vir die beskrywing van tydsuitdrukking in oënskou geneem ten einde 'n basis te lê vir die model van tydsbeskrywing wat in hierdie dissertasie ontwikkel word.

2.1 HANTERING VAN TYD IN KANONIEKE BRONNE

Die belangrikste werk wat tot datum gedoen is oor die grammatikale vergestaltung van tyd in Afrikaans, is dié van Wybenga (1983). Hy doen breedvoerig verslag oor die werk van onder andere De Villiers (1948, 1951, 1962, 1971), Loubser (1961), Labuschagne (1972), Van der Merwe (1963, 1972) en Ponelis (1979). Hy wys daarop dat hierdie taalkundiges hoofsaaklik twee standpunte huldig wanneer grammatikale tydsuitdrukking ter sprake is – 'n morfologiese benadering wat fokus op vormlike verskille van die werkwoord, en 'n sintaktiese benadering, waar gekyk word na die werkwoord in samehang met bywoorde en voegwoorde.

De Villiers (1948:137-157) se werk oor die sintaksis van die werkwoord is vir die doeleindes van hierdie dissertasie belangrik omdat dit die eerste volledige uiteensetting gee van die aspektiese funksie van skakelwerkwoorde. Hy stel dit ook duidelik dat tyd 'n deiktiese kategorie is; dat die drie tye hede, verlede en toekoms geen vaste grense het nie en dat die interpretasie van tyd afhang van die spreker se blik daarop. Hy kom tot die slotsom dat tydsuitdrukking in Afrikaans berus op die aspek van handeling. Hierdie beskouings word as belangrik vir tydsondersoek gesien en word verderaan meer breedvoerig bespreek.

Loubser (1961) se studie van die ontwikkeling van die saamgestelde verbale vorm van Nederlands tot Afrikaans het ook waarde vir 'n ondersoek na tydsuitdrukking. Hy bepaal hom veral by aspektiese funksies van die saamgestelde werkwoordpatroon en maak sekere gevolgtrekkings oor die funksie van dié patroon by tydsuitdrukking.

Labuschagne (1972) stel dit dat daar geen tempusstelsel vir die uitdrukking van tyd in Afrikaans bestaan nie en dat wat as sodanig geklassifiseer is, in der waarheid 'n "markante aspekstelsel" is.

Ponelis (1979) ignoreer aspek en konsentreer op tyd as 'n deiktiese verskynsel waarby tekstuele tyd ook ter sprake kom. Hy brei uit op werkwoordelike patrone wat vir tydsuitdrukking bloot toevallig is, soos in sy voorbeeld (vgl. Wybenga 1983:54):

ek draai nou-nou vir jou 'n plaat

Dit is nie die werkwoordpatroon wat tyd aandui nie, maar wel die bepalings wat deel van die sin vorm. Hierdie insigte oor die rol van tydsadjunkte as die basis van tekstuele tydsuitdrukking in Afrikaans word ook as belangrik beskou en word verderaan breedvoerig bespreek.

Na aanleiding van die verwarrende uitsprake van taalkundiges wanneer begrippe soos aksionsart, aspek, tempus en tyd ter sprake kom, sê Wybenga (1983:19) dat

tydsuitdrukking 'n komplekse en multifasettige kategorie is wat nie slegs in terme van die werkwoord, adjunkte, semantiek, deiksis of sintaktiese ontledings verduidelik kan word nie. In teenstelling met die tradisionele siening dat tydsuitdrukking 'n werkwoordelike kategorie moet wees, kom hy tot die slotsom dat tyd nie soseer uitgedruk nie maar veronderstel word – dit hang af van die konteks en daarom van die deelnemers, die tyd-ruimtelike plasing, aard van die teks en voorveronderstellings wat by deelnemers bestaan. Hierdie bevinding bring nuwe insigte oor die wyse waarop tyd in taal vergestalt word. In die bespreking wat volg, sal na sekere aspekte van Wybenga (1983) asook ander gevestigde bronne gekyk word ten einde te bepaal in watter mate dit aansluiting vind by die kognitiewe benadering en watter nut dit kan hê vir die onderhawige ondersoek na tydsdifferensiasie in Afrikaans.

2.1.1 DIE ROL VAN DIE DEIKTIESE SENTRUM BY TYDSUITDRUKKING

Wybenga beskou die deiktiese sentrum as “n baie belangrike saak vir tydsuitdrukking” (1983:25,72-74). Dit is die punt waarop en waartydens die spreker hom bevind by die maak van 'n uiting teenoor 'n hoorder en sy ruimtelike plasing is dus die fokuspunt waarom al die elemente in die konteks gerangskik is.¹ Vanuit die deiktiese sentrum word daar na ander tydsoriënteringspunte verwys; dit is nie 'n verwysingspunt in dié sin dat 'n mens daarna kan verwys nie, maar is 'n implisiete gegewe van enige konteks. Die deiktiese sentrum is nooit objektiveerbaar nie – indien dit geobjektiveer sou word, word dit 'n verwysingspunt (1983:21).

Hierdie siening word in die kognitiewe benadering verder verfyn waar dit in verband gebring word met die perspektief waaruit 'n situasie beskryf word, met fokus en gesigspunt as belangrike kognitiewe meganismes waarvolgens sprekers kategorieë kognitief konstrueer, in stand hou en verander na analogie van die wyse waarop hulle hul eie posisie ruimtelik ervaar en verstaan (vgl. MacLaury (1991:62) *vantage point theory*, Cutrer (1994) *focus* en *vantage point*; Turner (1996) *focus* en *viewpoint*).

¹ Vgl. Ponelis (1979:55) se uiteensetting van binnetekstuele en buitetekstuele deiktiese verwysing in die gesprekskonteks.

Wybenga onderskei benewens 'n enkele deiktiese sentrum vir elke diskoers ook 'n fiktiewe deiktiese sentrum vir literêre tekste (1983:24,123-124), waar die leser en verteller toeskouers word van 'n gesprek tussen die fiktiewe deelnemers in die vertelling. Die persoon deur wie se oë en gees verskillende hoeke in die gebeure belig word, is 'n fokalisator wat bepalend kan wees vir die fiktiewe deiktiese sentrum.

Teenoor hierdie sentrum is daar volgens Wybenga 'n nie-deiktiese oriënteringspunt wat dien as oriëntering vir ander sake waarna verwys word; tyd en ruimte kan hiermee saamval, maar is dan nie die deiktiese sentrum nie maar slegs 'n oriënteringspunt wat deur die fokalisator gekies word. Hierdie siening kom grootliks ooreen met Cutrer (1994:39) waarvolgens die spreker/verteller se herlewing van gebeure moontlik gemaak word deur 'n skuif in die sentrum van oriëntasie; die enkodeerder laat vaar die werklike sentrum van oriëntasie en sien homself in 'n verbeelde gedagteruimte wat spesifiek geïdentifiseer word met die tyd en plek van die gerapporteerde gebeure (vgl. Langacker 1991).

2.1.2 KONTEKS

Na aanleiding van sy siening dat "'n diskoers uit 'n teks en 'n konteks bestaan waarbinne die teks tot stand kom", maak Wybenga (1983:67) die afleiding dat elke sin in 'n situasie ingebed is waar spreker en hoorder tot onderlinge begrip of wanbegrip kom – daar is derhalwe geen "kontekslose" sinne nie, 'n siening wat ook deur Cutrer (1994) onderskryf word. Wybenga gebruik as voorbeeld 'n lesing waarin bekende en onbekende tydselemente aan die gehoor opgedra word - wat bekend is, word deur die gehoor as teenwoordig en aktueel ervaar: "Daar is 'n ontsettende droogte.." Die daaropvolgende teksgedeelte plaas die voorafgaande egter in 'n ander perspektief: "*Vandag* staan ons weer voor 'n soortgelyke toestand...as *in 1933...*" Die tydsmerkers verplaas die opmerking vanuit die hede na die verledetyd, maar die konteks het die eerste interpretasie moontlik gemaak. Elke lid van die gehoor het sy parallelle teks gebou, en toe hierdie teks nie meer met dié van die spreker ooreenstem nie, was 'n nuwe teks noodsaaklik wat op grond van die teks en konteks gekonstrueer kon word. Wybenga maak die belangrike

afleiding dat so 'n konstruering nie op die basis van die interpretasie van 'n geïsoleerde sin of 'n aantal kontekslose sinne moontlik sou gewees het nie.

Volgens die kognitiewe benadering sal hierdie uiteensetting beskryf word as die kern van dinkruimkonstruksies: 'n dinkruim is 'n relatiewe klein konseptuele pakket wat vir die doeleindes van plaaslike begrip en aksie, terwyl ons dink en praat (en luister), gekonstrueer word - namate die diskoers vorder, word dit aangepas deur middel van pragmatiese prosedures of projeksie vanuit een dinkruim op 'n ander. Die interpretasie van diskoers berus dus op die konstruksie van 'n komplekse konfigurasie van hiërargies verwante ruime wat pragmaties uitgebrei word vanuit agtergrondkennis vervat in die vorm van beeldskemas binne gebeurterame. Hierdie aspekte word later meer volledig bespreek.

2.1.3 WERKWOORDPATRONE: TEMPUS, ASPEK, AKSIONART

Wat tydsuitdrukking betref, kom Wybenga (1983:28-38) tot die belangrike slotsom dat teenstrydig met tradisionele sienings oor die werkwoord, die Afrikaanse werkwoordpatrone tydsvry is. Hy onderskei gemerkte en ongemerkte patrone. Ongemerkte patrone omvat die stamvorm en gemerkte patrone die verledetydsvorm *het* *ge+* asook sekondêre vorme van die hulpwerkwoord, die koppelwerkwoord en omskrywingswerkwoorde soos *kon*, *moes*, *was*. Hierdie patrone het volgens Wybenga niks met tydverskille te doen nie, en ander elemente in die sin soos tydsadjunkte word gebruik om tydoriënteringspunte aan te dui. Tempus, aldus Wybenga, "berus in Afrikaans op die samehang wat uit die teks spreek en die verhouding van die teks tot die konteks waarin die deiktiese sentrum gevind kan word" (1983:231). Aangesien daar allerlei variasies in die verhouding en getal deiktiese sentrums bestaan, kan die outeur die gemerkte werkwoordpatroon vir die verteller gebruik en die ongemerkte patroon vir persone in die vertelling. Die twee werkwoordpatrone is dus 'n struktuur- of organisatoriese middel asook 'n kreatiewe stylmiddel wat hulle besondere funksie in die tekssamehang verkry.

Wybenga (1983:30-35,235) vind dit nodig om tussen tempus, aspek en aksionart te onderskei. Dit is nie tyd wat deur aspek en aksionart uitgedruk word nie, maar wel die verhouding wat met behulp van hierdie twee verskynsels in die opeenvolging van handeling, toestande en gebeure ten opsigte van 'n besondere tydsoriëntering weergegee word.

Aspek verwys volgens Wybenga na kenmerke van 'n werkwoord wat deel is van sy betekeniskomponente (wat hy onderskei as ingressiewe, inchoatiewe, imperfektiewe, okklusiewe en perfektiewe aspek); dit is die wyse waarop 'n handeling of toestand in die tyd of daarbuite voltrek word ten opsigte van 'n spesifieke tydsoriënteringspunt wat ook die deiktiese sentrum kan wees. Aksionart word gesien as die argumente wat vir die werkwoord geld en verwys na daardie kenmerke van werkwoorde wat betrekking het op hulle verbindbaarheid met ander leksikale items en hulle aktiveerbare potensialiteite in sinne, soos hulle "intensiverende aard, kousativerende aard, statiwiteit, momentaniteit en aardlike duratiwiteit" (1983:30-31). Wybenga verduidelik sy stelling aan die hand van voorbeelde soos die werkwoorde *wees*, *was* en *is* binne 'n vertelkonteks: *wees* se funksie is om die bestaan van sake uit te druk; die werkwoord is nie duratief nie en gee eerder die resultaat van die bestaan van 'n saak of toestand weer. *Was* dui aan dat die bestaan opgehef is en *is* op die bestaan op die tydspunt wat as oriëntering vir die toestand gegee word.

In sy bespreking oor die wyse waarop aspek in Afrikaans uitgedruk word, beskryf Wybenga (1983:240-245) aspek as waarde-oordele wat oor die verloop van gebeure gemaak word en daarom, waar nodig, eksplisiet weergegee word in verbindings met infinitiefsinne, adjunkte, voegwoorde, die gemerkte werkwoordpatroon en skakelwerkwoorde en ander werkwoorde wat soos skakelwerkwoorde ingespan word. Laasgenoemde beskou hy as "een van die belangrikste aspektiese middele in Afrikaans" waarmee inchoatiewe, duratiewe en okklusiewe aspek uitgedruk word. Deur middel van skakelwerkwoorde, adjektiewe en adjunkte word die werkwoorde se duratiwiteit gewysig of versterk: by oorganklike werkwoorde rig dit die beperkte duur van gebeure en by onoorganklike werkwoorde die durendheid van gebeure; by onoorganklike

deeltjiewerkwoorde lê die beperking op duur in die deeltjie opgesluit; met behulp van tyd- en wyseadjunkte word duur en voltooidheid uitgedruk, en aangesien dit voegwoorde se funksie is om sinne te verbind, het hulle terselfdertyd 'n aspek-wysigende funksie deur een handeling in verhouding tot 'n ander te stel. Voltooidheid of perfektiewe aspek word met behulp van die gemerkte werkwoordpatroon uitgedruk

2.1.4 "GEWETE" EN WAARGENOME WÊRELDE

Wybenga (1983:206) maak 'n onderskeid tussen gewete en waargenome ('known or observed' in Wybenga 1993) wêrelde. Die mens spreek hom in sy taal op so 'n manier oor die wêreld uit dat dit op grond van dit wat hy sê, blyk dat hy kennis of wetes het aangaande dit wat hy meedeel. Hierteenoor kan hy in sy taal mededelings maak slegs ten opsigte van dit wat hy waarneem. Volgens Wybenga kan alle uitings in taal onder een van hierdie hoofde tuisgebring word, wat impliseer dat die mens hom objektief kan uitspreek oor dit wat hy ken en waarneem. Wybenga (1993) bevestig dat hierdie onderskeid gemaak moet word tussen dit wat bloot waargeneem en georiënteer word deur die deiktiese sentrum aan die een kant en dit wat geweet of veronderstel word aan die ander kant, eerder as 'n blote onderskeid tussen verlede en nie-verlede.

Hierdie twee wêrelde word in die kognitiewe benadering as 'n reële en 'n geprojekteerde wêreld beskou: alhoewel ons in die werklike lewe funksioneer, is dit wat ons sien die geprojekteerde wêreld waartoe ons bewustelik toegang het en wat onbewustelik deur die menslike gees georganiseer word (vgl. Jackendoff 1983). 'n Uiting se betekenis kan nie gereduseer word tot 'n objektiewe weergawe van die situasie wat beskryf word nie, aangesien dit afhanklik is van hoe die konseptualiseerder verkies om die situasie te konstrueer en daaraan uiting te gee.

2.1.5 NUWE PERSPEKTIEWE OP GEVESTIGDE BRONNE

Uit bostaande bespreking is dit duidelik dat daar aansluitingspunte is tussen die werk van Wybenga (1983) en die beginsels van die kognitiewe grammatika, wat hy egter nie verder voer deur kognitiewe beginsels in te sluit nie: "Hoe die mens tyd beleef, vereis 'n volledige psigologiese studie wat buite die bestek van hierdie ondersoek val" (1983:20).

In teenstelling met hierdie uitspraak word die wyse waarop die mens tyd beleef vir die doeleindes van die hierdie dissertasie gesien as 'n basiese uitgangspunt vir 'n studie oor die struktuur en funksionering van taal. Daar word dus met nuwe perspektiewe na Wybenga (1983) gekyk met die fokus op 'n werklike wêreld wat in tyd en ruimte bestaan en wat in ons denke en in ons taal gereflekteer word. Hiervolgens word gepostuleer dat ons waarneming van tyd, soos enige ander konsep wat deur die menslike gees georganiseer word, 'n subjektiewe basis het, afhanklik van die konseptualiseerder se subjektiewe ervaring van 'n gegewe situasie, sodat menslike ervaring en kennis in die struktuur van taal en die funksionering van taal weerspieël sal word.

Die waarde van Wybenga (1983) se bydrae lê grootliks in sy oorgangsrol tussen tradisionele en latere kognitiewe insigte tot tydsvergestalting. Hy kom tot die belangrike insig dat vasgestel sal moet word hoe tyd deur die taalgebruikende mens ervaar word aangesien dit nie die struktuur van taal is wat kommunikeer nie, maar die gebruikers van die struktuur. In sy ondersoek na tydsvergestalting in narratiewe tekste kom hy tot die slotsom dat tyd nie met behulp van werkwoordpatrone uitgedruk word nie, aangesien die primêre funksie van werkwoorde is om kontras en aspek, en soms tyd, weer te gee. Hy beskryf tyd as 'n deiktiese kategorie wat slegs verduidelikbaar is deur middel van tekssamehang en konteks. Tyd word nie eksplisiet uitgedruk nie, maar word veronderstel na aanleiding van die deelnemers, die konteks en die tydruimtelike plasing van die entiteite.

De Villiers (1951) lewer in hierdie verband ook 'n belangrike bydrae omdat hy tyd nie sien as 'n logiese, objektiewe onderskeiding nie maar eerder as 'n emosionele, subjektiewe ervaring met insluiting van aspek en modaliteit wat versterkend of modifiserend ten opsigte van die werkwoord funksioneer. Hierdie vroeëre insigte is eweneens 'n voorloper van die beginsels wat later deur die kognitiewe taalkundiges ontwikkel is (vgl. Lakoff & Johnson 1980, Talmy 1985, Lakoff 1987, Langacker 1987a, 1987b, 1991).

Ponelis (1979) se onderskeid tussen formele en nie-formele tydsvorme asook gemerkte en ongemerkte tydspatrone kan insgelyks gesien word as 'n embrioniese vorm van die latere kognitiewe grammatika se prototipeteorie. 'n Verdere aanduiding van sy wegbeweeg van die tradisionele ontledingsmeganismes is sy onderskeid tussen die vorm van 'n sintaktiese konstruksie en sy gebruik, of funksie, in 'n groter sintaktiese verband, waarmee vormlike ooreenkomste en verskille asook betekenisrelasies tussen verwante konstruksies aangedui word (1979:5-11).

Ponelis se siening oor die proses van tematisering (1979:539-545) is ook belangrik vir hierdie dissertasie en word kortliks bespreek.

Tematisering, of vooropstelling, word deur Ponelis beskryf as 'n sinskonstruksie waarin die subjek gewoonlik die tema van die sin vergestalt – dit waaroor die sin handel en as sulks hoogs belangrike inligting, sodat die subjek in die eerste posisie gegrammatikaliseer geraak het. Die begin van 'n sin is dus semanties sterk gemarkeer sodat dit as 'n gefokusseerde of benadrukte element beskryf kan word. Die fokuskonstruksie is nuwe informasie en vorm die kern van die taalaanbod, terwyl die onbenadrukte gedeelte “ou nuus” is. Aan die hand van die volgende voorbeeld beskryf Ponelis die benadrukte gedeelte as die voorgrond en die onbenadrukte gedeelte as die agtergrond:

Oom Louis het gister 'n nuwe Lamborghini gekoop.

Gister het oom Louis 'n nuwe Lamborghini gekoop.

Die benadrukte gedeelte as die voorgrond lewer die grootste bydrae tot die kommunikasieproses terwyl die onbenadrukte gedeelte, die agtergrond, as't ware terloops genoem word: die tema as argument vorm die fokuspunt vir beide spreker en hoorder, gevolg deur die predikaat. Hierdie siening word aangepas in die kognitiewe benadering tot tematisering deurdat die tema van die sin gevestig word as die voorgrond, gevolg deur die predikaat - met nuwe informasie - as die agtergrond (vgl. besprekings in hoofstukke 3 en 4).

Volgens Ponelis (1979:21-22) is daar by onbepaalde verskuiwing funksionele, semantiese grond waarom 'n tematies prominente onbepaalde naamwoordstuk as subjek gebruik word, terwyl 'n tematies nie-prominente onbepaalde naamwoordstuk onbepaalde verskuiwing ondergaan. Hierdie proses laat toe dat die onbepaalde naamwoordstuk met sy lae tematiese prominensie uit die subjekposisie weggehou word om as blote naamwoordstuk in die werkwoordstuk op te tree:

Iemand het vir my gelag / Daar het iemand vir my gelag.

By setselskeiding word die voorsetselaanvulling van die voorsetsel losgemaak en vooropgeplaas terwyl die voorsetsel sonder die aanvulling agterbly (Ponelis 1979:179), sodat 'n bepaalde tema vir die gespreksgenote gevestig word:

Daardie huise bly goeie mense in / In daardie huise bly goeie mense.

By leemtesplitsingskonstruksies met betreklike bysinne dien vooropstelling as meganisme om kontras aan te dui:

Hy is onbewus van die geld wat betrokke is by die transaksie.

Wat hy onbewus van is, is die geld wat betrokke is by die transaksie.

Deur vooropstelling word die tema van die sin gevestig, terwyl sinselemente met 'n lae tematiese prominensie na die onbenadrukte posisie verskuif – as die tema verander, verander die sinspatroon.

In hierdie dissertasie word tematisering as 'n belangrike aspek van die kommunikasieproses beskou deurdat inligting neurologies geïnhibeer of deurgelaat word om 'n tema tydens gesprekvoering op die voorgrond te plaas. Sodoende word 'n fokuspunt gevestig in die diskoers tussen spreker en hoorder ten einde beide gespreksgenote in staat te stel om die diskoers te volg sonder misverstand. Hierdie aspek word breedvoerig in die hoofstukke wat volg, bespreek.

2.1.6 NUWE INSIGTE MET BETREKKING TOT BETEKENIS EN TAAL

Na aanleiding van die werk wat deur kognitiewe taalkundiges gedoen is oor die verwantskap tussen kognitiewe grammatika en aanverwante benaderings soos konseptuele semantiek (vgl. Jackendoff 1983, 1990), bring De Stadler (1989) nuwe insigte met betrekking tot die studie van betekenis en taal in Afrikaans deur 'n onderskeid te maak tussen proposisionele logika, predikaatlogika en semantiese logika: proposisionele logika bewys proposisies as waar of vals; die predikaatlogika onderskei terme en argumente en die semantiese logika fokus op waarheidsvoorwaardes deur aan te dui dat die grense tussen semantiese en ensiklopediese kennis vaag of wasig is, dat 'n skaal van ensiklopedisiteit onderskei kan word waarvolgens sekere kennis meer opvallend is as ander, dat kategorieë die kennis van die wêreld reflekteer en struktureer, dat die prototipe/stereotipebenadering verskillende sprekers en verskillende perspektiewe onderskei, en dat prototipiesheid as nondiskrete entiteite nie volkome onderskeibaar is nie.

Hierdie insigte volg De Stadler (1992a,1992b) op met sy ondersoek na die verhouding tussen rolstruktuur (na aanleiding van Fillmore 1968 se rolgrammatika) en werkwoordpolisemie binne 'n kognitiewe raamwerk en hy dui aan hoe verskynsels soos metaforiek, betekenisspesialisering en betekenisverruiming die rolstrukture van werkwoorde verander. De Stadler beskryf 'n semantiese struktuur as 'n konseptuele struktuur met die idee van prototipering: wanneer 'n mens na die kwessie van kategorisering kyk, word hy by die hersiening van taalkundige materiaal gedwing om konseptuele kategorieë nie as net 'n logies gedefinieerde groepering te sien nie, maar eerder as 'n groepering waarin die lede gedefinieer moet word in betrekking tot 'n prototipe van daardie groepering. Die prototipe-teorie kom kortliks daarop neer dat eksemplare van 'n kategorie op grond van fokale (of prototipiese) kenmerke as die mees tipiese eksemplare van die kategorie beskou word. Wanneer taalgebruikers byvoorbeeld gevra word om die lede van 'n kategorie te benoem, is hulle geneig om die meer prototipiese lede eerste te noem (vgl. Taylor 1989:45). Hiervolgens sal *vink* as 'n beter voorbeeld van die kategorie VOËL beskou word as wat *volstruis* is, en *lemoen* 'n beter voorbeeld van die kategorie VRUG as wat *waatlemoen* is.

De Stadler poog om antwoorde te vind op vrae soos wat die relevansie is van semantiese rolle in grammatikale beskrywing, watter semantiese rolle onderskei word en op watter gronde, die verhouding tussen semantiese rolle soos agent, pasiënt en instrument en die sintaktiese funksies soos subjek en objek, en wat veral vir hierdie dissertasie van belang is, watter verhouding daar bestaan tussen semantiese rolle en die predikate (gewoonlik die werkwoorde) wat hulle beheer.

Ten einde te kan differensieer tussen die deelnemers in 'n predikasie verwys De Stadler (1992b) na 'n predikaat-argument-digotomie in Afrikaanse sinne wat in verhouding staan tot Fillmore se siening van semantiese strukture. Semantiese rolle moet binne 'n kognitiewe raamwerk beskryf word as semantiese konsepte en gesien word as prototipiese kategorieë: konsepte soos handeling, proses en ervaring suggereer 'n verskeidenheid semantiese rolle – wie doen wat aan wie en waar, met behulp van wat, wie ervaar wat, ens. Die werkwoord as predikaat speel 'n sentrale rol en kan beskryf word in terme van die semantiese rol van die argument, sodat 'n ervaringswerkwoord 'n ervaaarder as een van die argumente sal hê. Wat werkwoordpolisemie betref, stel De Stadler ondersoek in na hoe verskillende polisemiese waardes van dieselfde werkwoord die rolstruktuur van daardie werkwoord sal beïnvloed.

Hendrikse (1996:83) verwys na Fillmore & Atkins (1992:76) se raamsemantiek en beeldskemas as 'n kennisdomein gebaseer op ervaring, en konneksies as die neurologiese interrelasies tussen verskeie kognitiewe domeine. Hiervolgens kan 'n woord se betekenis slegs verstaan word teen 'n gestruktureerde agtergrond van ervaring, geloof en gewoontes, in teenstelling met die tradisionele siening dat taal uit aparte en diskrete eenhede bestaan, elk met sy eie besondere faset van kennis. Die betekenis van werkwoorde reflekteer aksies en state: 'n prototipiese werkwoord verwys na 'n transitiewe aksie wat sekwensieel waargeneem word, met ten minste twee deelnemers in die thetarolle van agent en pasiënt. 'n Staat daarenteen word deur atipiese werkwoorde uitgedruk en is dus intransitief met die afwesigheid van 'n agent: 'n staat word as 'n kontinue en onveranderende gebeurtenis waargeneem, sodat dit holisties geskandeer word. Die betekenis van 'n werkwoord sal derhalwe gebaseer word op sy valensie

(verbindingspotensiaal), die toneel vir die deelnemers, die lokaliteit, tyd, doelwit, ensomeer. In teenstelling met prototipiese entiteite wat deur middel van naamwoorde uitgedruk en as diskrete gestalts waargeneem word, kan gebeurtenisse slegs via die deelnemers teen die agtergrond van 'n konseptuele domein geprosesseer word.

In haar ondersoek na naamwoord- en werkwoordpolisemie beskryf Zawada (1996:112-113) 'n gebeurtenis as 'n gebeureraam met die konseptuele struktuur "voor", "gedurende" en "na" as temporele aspekte wat direk verband hou met hoe ons die wêreld om ons waarneem. Hierdie gebeureraam is nie statiese kennis nie, maar word voortdurend aangepas by 'n bepaalde gebeurtenis of situasie of nuwe ervaring (fisies of mentaal) deur middel van verskeie kognitiewe prosesse soos skanderingsmeganismes, metonimie en metafoor (vgl. Taylor 1989, Hendrikse & Poulos 1994). In hierdie dissertasie word 'n gebeureraam gesien as 'n onderdeel van 'n groter konseptuele struktuur waarby onder andere die tipe gebeurtenis, die partye betrokke by die gebeurtenis, kousaliteit en intensionaliteit betrek word, en word verder bespreek in hoofstukke wat volg.

2.2 SAMEVATTING

Die beginsels van die kognitiewe grammatika waarna kortliks in hierdie hoofstuk verwys is, en wat as 'n alternatief vir die tradisionele beskrywing van tydsbeleving voorgelê word, behels nie 'n revolusionêre hernuwing van insigte nie alhoewel daar sekere aspekte is wat nuut is. Taalkundiges soos De Villiers (1948, 1951, 1962, 1972), Loubser (1961) en Labuschagne (1972) maak op 'n vroeë stadium reeds 'n belangrike bydrae tot tydsondersoek met hulle insigte oor deiksis, konteks en aspektuele onderskeid. Dit is veral hierdie insigte, asook die werk van Ponelis (1979), wat Wybenga (1983) benut vir sy ondersoek na tydsdifferensiasie in Afrikaans. Dié insigte vervat die hooftrekke van die kognitiewe benadering wat later in die werk van taalkundiges soos De Stadler (1989, 1992a, 1992b) en Hendrikse (1996) gereflekteer word.

In die lig van die verskuiwing wat plaasgevind het met betrekking tot die sistematiek van die reëls wat taal onderlê en die feit dat tradisionele verduidelikings oor

tydsdifferensiasie as problematies en ontoereikend beskou word, word dit noodsaaklik geag dat 'n samehangende grammatikale raamwerk, gebaseer op kognitiewe beginsels, daargestel word ter verduideliking van temporale differensiasie in Afrikaans. In die bespreking wat volg, word na die algemene kenmerke van kognitiewe domeine en die kognitiewe konstruksieproses gekyk as basis vir die dinkruimbenadering tot tempus en aspek wat in hierdie dissertasie gevolg word.

Hoofstuk 3:

BRONVERKENNING: DIE KOGNITIEWE GRAMMATIKA

3.0 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aangetoon dat, teenstrydig met die tradisionele beskouing dat taal en betekenis ontleed kan word as entiteite wat in die objektiewe werklikheid bestaan, taal gesien word as die instrument waardeur betekenis gedra word – hiervolgens staan die konseptualiseerder van die werklikheid in die sentrum en is taal die refleksie van sy subjektiewe ervaring van die werklikheid. Tydsdifferensiasie in diskoers kan derhalwe nie beskryf word as 'n verskynsel wat in die taal los van ander verskynsels staan nie – soos in afdeling 2.1.5. aangedui, het ons waarneming van tyd 'n subjektiewe basis wat afhanklik is van die konseptualiseerder se subjektiewe ervaring van 'n gegewe situasie, en word dit as sodanig in die taal gereflekteer. Hierdie basiese uitgangspunt van die kognitiewe grammatika oor die mens se ervaring van tyd word ontleed en die dinkruimbenadering word aangebied as 'n oplossing vir probleme wat ondervind word deur taalkundiges met gevalle waar 'n taaluiting se temporele interpretasie verskil van sy temporele waarde.

3.1 DIE HANTERING VAN TYD IN DIE KOGNITIEWE GRAMMATIKA

Die term “kognitief” word in die linguistiek gebruik om te verwys na die opvatting dat aspekte van menslike ervaring en kennis ingrypend deur die struktuur en funksionering van taal weerspieël word. Langacker (1987a, 1987b, 1988) lê die verband tussen navorsing wat gedoen is sedert die werk van onder andere Fillmore (1968), Berlin & Kay (1969), Rosch (1973, 1975, 1978), en latere eksponente soos Johnson (1987), Lakoff (1987), Fauconnier (1983, 1985) en Givon (1979, 1985) deur sy definiëring van een van die sentrale beginsels van die kognitiewe grammatika – betekenis moet gereduseer word tot konseptualisasie, wat onder andere impliseer dat die semantiese struktuur van 'n taal ons bewussyn van 'n fisiese, sosiale en taalkundige wêreld reflekteer. Langacker (1988:4) sê dat alhoewel sekere aspekte van taal diskreet en algebraïes mag wees, 'n taal

oor die algemeen eerder vergelyk kan word met 'n biologiese organisme. 'n Semantiese struktuur is dus 'n konseptuele struktuur wat rekening hou met die feit dat taal in 'n mensgerigte wêreld funksioneer, sodat 'n mens sal verwag om tekens hiervan te vind in die taalsisteem wat hy bestudeer.

In sy studie van die neurologiese basis van konsepvorming gee Klopper (1997b) die volgende beknopte beskrywing van die mens se vermoë tot konseptualisasie: Wanneer een of meer van ons sinne deur 'n bron of verskillende bronne buite die liggaam gestimuleer word, word die gevolglike visuele, auditiewe en somatosensoriese impulse langs sinaptiese roetes na die serebrale korteks herlei. In hierdie omgewing is die neurone in bepaalde sensoriese kaarte georganiseer (soos visuotopiese en tonotopiese kaarte) wat aan mekaar en ook met ander areas van die brein verbind is. Hier word impulse vanaf individuele sinne geïntegreer tot koherente intersensoriese gewaarwordings wat gebergde geheue waarteen inkomende sensasies gemeet word, aktiveer ten einde te bepaal of 'n mens met bekende of onbekende inligting te make het. Ons neem dus nie net die huidige stand van sake waar nie – ons onthou dit ook deur inkomende impulse met herinnerings van vorige ervarings te vergelyk. Gebeure en dinge wat ons as verwant waarneem, deel dieselfde konfigurasie van geaktiveerde en geïnhibeerde sinaptiese roetes vir die berg en opspoor van konsepte. Sodra neuronale impulse geaktiveer en gekonseptualiseer is, vorm dit konsepte in die menslike bewussyn. Hierdie menslike konsepte word verbind met die teorie van beeldskemas wat in die Kognitiewe Retoriek ontwikkel is om die simboliese aard van menslike denke te verreken (vgl. Lakoff 1987; Johnson 1987; Langacker 1990; Turner 1991, 1996).

Die Kognitiewe Retoriek kan herlei word na die beginsels van die Klassieke Retoriek wat reeds tweeduisend jaar gelede vasgelê is en in die tagtigerjare herontgin is deur taalkundiges en letterkundiges wat menslike taal as 'n algemene kognitiewe proses beskou. Dit het daartoe gelei dat die vier interverwante dissiplines (vgl. hoofstuk 1.4) *Kognitiewe Semantiek*, *Kognitiewe Grammatika*, *Konstruksie-grammatika* en *Literêre Teorie* verenig is in die studie van semantiek, sintaksis, fonologie, prosodie, metafoor, narratief, figuurlike taal, letterkunde en oorreding as interverwante aspekte van kennis

(Klopper 1997b). In die besprekings wat volg, word kortliks gekyk na die vernaamste teorieë en beginsels wat as riglyne vir hierdie studie gebruik is en in die taalkundige ontledings gereflekteer word.

3.1.1 TIPIESE EN MINDER TIPIESE GEBRUIKSPATRONE

Een van die essensiële aspekte van kognisie hou verband met die vermoë om te kategoriseer, d.w.s. om te oordeel of 'n item 'n voorbeeld is van 'n besondere kategorie. Die strukture van natuurlike kategorieë word beskou as graderings van kategorie-eksemplare op grond van prototipiese eksemplare van die kategorie: die prototipe van die kategorie is dus die kategorieelid wat as die mees tipiese eksemplaar van die kategorie beskou word. Hieruit volg dit dat natuurlike kategorieë se grense wasig is en dat kategorielede nie noodwendig konstante eksemplare van die kategorie is nie. Botha (1996) na aanleiding van Labov (1973) en Lakoff (1987) gebruik die voorbeelde *aangenome moeder*, *stiefmoeder* en *surrogaatmoeder* as besondere tipes of uitbreidings van die *huisvroumoeder* wat binne 'n Westerse beskouing as die prototipe vir alle ander soort *moeders* geld. Die prototipe dien as 'n soort kognitiewe verwysingspunt op grond waarvan ander, minder tipiese voorbeelde van die kategorie gedefinieer word.

Ook leksikale kategorieë het prototipiese, minder tipiese en atipiese lede, sodat sinselemente op prototipiese, minder tipiese en atipiese maniere gebruik word. Die onbepaalde lidwoord 'n word byvoorbeeld prototipies gebruik om 'n nuwe referent tydens gesprekvoering te identifiseer (vgl. Klopper 1998):

[^{NS} 'n man] *het na jou kom soek.*

Die onbepaalde lidwoord kan egter ook na 'n tydstop of korterige tydperk in die verlede of toekoms verwys, waar dit 'n minder tipiese gebruiksvorm is:

op [^{NS} 'n oggend] *kom hy toe hier aan.*

op [^{NS} 'n dag] *sal sy sonder hom inhaal.*

Die onbepaalde lidwoord *een* is 'n atipiese variant van 'n in verwysings na onbepaalde tydstippe of tydperke, met die betekenis dat iets opspraakwekkend gaan gebeur of reeds gebeur het:

[^{NS}*een oggend*] *laas jaar kom klop hy my mos op.*

[^{NS}*een oggend*] *gaan hy jou nog kom opfoeter.*


Volgens Klopper (1998) berus die patrone *een*+Tydaanduidende Soortnaamwoord en *op* 'n+Tydaanduidende Soortnaamwoord op 'n metaforiese uitbreiding van die algemene patroon: Onbepaalde Lidwoord+Soortnaamwoord. Hierdie verduideliking word in die Kognitiewe Retoriek beskou as die projeksie van konkrete konsepte uit 'n bronruim op meer abstrakte konsepte in 'n teikenruim, om sodoende 'n sintese van die konsepte in 'n vermengde ruim te maak. Die konseptuele inhoud van die vermengde ruim verteenwoordig dan die nuwe insigte wat 'n mens bereik oor die abstrakte konsepte van die teikenruim. Die gebruikspatrone soos hierbo uiteengesit, kan uitruilbaar gebruik word omdat 'n mens tyd as abstrakte, nie-sintuiglike konsepsie verstaanbaar maak deur meer konkrete ruimtelike konsepsies daarop te projekteer.

In die afdelings wat volg word die wyse waarop tyd metafories as ruimte herbedink word deur die konstruksie van konseptuele dinkruime, breedvoerig uiteengesit.

3.1.2 DIE KONSTRUKSIE VAN KONSEPTUELE DINKRUIME

'n Basiese vertrekpunt is die teorie oor die konstruksie van dinkruime (Fauconnier 1985; Lakoff 1987; Langacker 1987a, 1987b, 1991), wat ooreenkom met die verstaan van 'n sin binne konteks. Hierdie ruime kan prente, gelowe, verwagtinge, stories, proposisionele realiteite, tematiese of gekwantifiseerde domeine of situasies in tyd en ruimte verteenwoordig. Elke ruim is 'n gedeeltelike weergawe van 'n logiese, samehangende situasie of potensiële werklikheid, waarin aanvaar word dat verskeie proposisies waar is, dat objekte bestaan en dat daar relasies tussen objekte bestaan (d.i. tematiese rolle soos agent, pasiënt, roete, doelwit, ens.). Die interpretasie van diskoers berus op die konstruksie van 'n komplekse konfigurasie van hiërargies verwante ruime –

soos wat elke sin in die diskoers geprosesseer word, word die konfigurasie van ruime aangepas, gebaseer op leksikale en grammatiese snellers wat in die sin voorkom. Hierdie aangepaste konfigurasie van ruime word pragmaties uitgebrei vanuit agtergrondkennis vervat in die vorm van beeldskemas binne gebeurrame. Kortliks gestel – 'n mens konstrueer konseptuele dinkruime oor die werklikheid of potensiële werklikheid; hierdie dinkruime word uitgebrei deur middel van beeldskemas wat binne gebeurrame vervat is; binne die gebeurrame deel die gespreksgenote dieselfde tema oor aspekte soos tyd, plek of geleentheid, sodat effektiewe kommunikasie kan plaasvind.



3.1.3 DIE KOGNITIEWE RAAMTEORIE

Die grondslag vir die raamteorie wat in hierdie dissertasie gevolg word en wat in die hoofstukke wat volg, waar toepaslik, meer breedvoerig bespreek word, hou verband met die soorte elemente en die sekvensie van hierdie elemente wat noodsaaklik is vir informasie-oordrag. Vir 'n algemene illustrasie van die raamteorie kan 'n mens dit vergelyk met die tipes proteïnes en die volgorde van hierdie proteïnes as boustene vir gene op die DNA-heliks (Dawkins 1995). Indien van die proteïnes ontbreek, of indien van die proteïnes in 'n verkeerde sekvensie voorkom, of indien ander genetiese flardes

tussen die korrekte groeperings ingevoeg is, kan die proteïnes nie as draers van genetiese informasie funksioneer nie en word hulle pseudogene genoem.

Die raamteorie maak voorsiening vir rame, soos byvoorbeeld 'n staatraam, 'n gebeureraam en 'n diskoersraam, wat verband hou met kennis. Die staatraam verteenwoordig 'n mens se kennis van die intrinsieke aard van bepaalde entiteite en die moontlike vorm- of staatveranderings wat hierdie entiteite kan ondergaan. 'n Mens se kennis van water (H_2O), byvoorbeeld, behels dat dit teen kamertemperatuur 'n vloeistof is, dat dit teen $100^{\circ}C$ as gas verdamp, en dat dit teen $0^{\circ}C$ tot vaste stof vries.

'n Gebeureraam (vgl. bespreking in die afdeling wat volg), binne die kognitiewe teorie van rame, vervat die informasie wat verband hou met die elemente en interaksies wat betrokke is by 'n gebeurtenis, soos byvoorbeeld dat 'n oorganklike gebeurtenis 'n interaksie tussen 'n aktiewe party ('n agent) en 'n passiewe party ('n pasiënt) behels. Die informasie wat in die verskillende kognitiewe rame vervat is, word tydens konsepvorming op mekaar betrek. Wanneer 'n mens byvoorbeeld 'n gebeurtenis konsipieer as:

die kind breek die glas

word informasie in die glas-staatraam betrek oor die intrinsieke kenmerke van glas as materiaal wat hol, deursigtig, glad, waterdig en bros is. Oorganklike werkwoorde se betekenis word op dieselfde wyse deur die staatraaminformasie medebepaal: 'n mens verstaan byvoorbeeld dat die glas voor die gebeurtenis heel is, en na die gebeurtenis stukkend is.

Die diskoersraam vervat elemente soos gespreksgenote, tema, tyd en plek, wat nodig is vir die diskoers om plaas te vind.

3.1.4 GEBEURERAME

In die kognitiewe grammatika word die begrip gebeurerame gebruik om te verwys na die konseptuele elemente wat bymekaar gedink word wanneer 'n mens na 'n gebeurtenis

verwys. Binne so 'n gebeureraam figureer bepaalde konseptuele elemente op die voorgrond, terwyl ander op die agtergrond teenwoordig is.

Die tematiese rolle wat 'n mens toeken aan entiteite wanneer hy 'n gebeurtenis konsipieer is prominente elemente in so 'n gebeureraam. Langacker (1987a) beskou die tematiese rolle agent en pasiënt as die argetipiese, mees grondliggende of fundamentele lede van so 'n raam. Agtergrondelemente in 'n gebeureraam sou wees die lokus en tyd van die gebeurtenis asook enige instrumente wat tydens die gebeurtenis gebruik word. Dié siening van gebeureraame berus op die figuur-en-grond-gestalt van die kognitiewe sielkunde. Die voorgrondelemente van 'n gebeureraam is in sintaktiese terme gestel, die onweglaatbare elemente van die sin soos subjek, oorganklike werkwoord en die direkte objek. Algemene elemente is setselgroepe wat instrumente, plek, rigting en tyd aandui.

Tyd figureer op die agtergrond as 'n grondliggende manier om die verloop van die gebeure in 'n tydraam te orden. Omdat dit op die agtergrond teenwoordig is, is dit 'n abstrakte en onbewuste proses om konsepte te orden. Basiese konsepte soos tyd, state, verandering, gebeure, oorsaak, modaliteit, doelwit en metode word metafories as ruimte vergestalt (Lakoff & Johnson 1980; Langacker 1987a, Langacker 1987b; Turner 1996). Soos in 'n vorige paragraaf bespreek, word tyd verstaan in terme van entiteite/lokaliteit en beweging sodat tyd as 'n kousale beweging en 'n manipuleerder beskryf kan word: ons beweeg *vorentoe* en *agtertoe* in tyd, tyd kan jou *inhaal*, jou vriende *wegneem*, berusting *bring*. Tyd as 'n houer waarbinne tydskonsepte soos verlede, hede en toekoms as kleiner houters opgesluit lê, hou dus in dat 'n mens denkmstig daarheen kan terugkeer of waarin jy vooruit kan beweeg. Dié beweging in tyd word beskryf deur middel van sintaktiese patrone en morfologiese merkers wat in taal manifesteer. Volgens die kognitiewe benadering kan tyd nie as gekompartementaliseerd beskou word waarin die verlede, hede en toekoms as vaste begrippe beskryf word nie, omdat dit komplekse bewerkings oor 'n verskeidenheid ruime heen impliseer. Elke bewerking word in die vorm van 'n kognitiewe gebeureraam gekonsipieer wat 'n interne, kousale, en modale struktuur insluit:

- 'n interne struktuur - die vorm van 'n gebeurtenis wat die grammatikale aspek daarvan uitdruk;
- 'n kousale struktuur wat volgens Goldberg (1995) verstaan kan word as konseptuele skemas soos die beweging van 'n liggaam deur ruimte, manipulasie van objekte en kragdinamiese sisteme, d.i. ons ervaring van kragte wat ons utoefen, kragte wat op ons uitgeoefen word en kragte wat in ons omgewing op mekaar inwerk (vgl. Sweetser 1990 en Talmy 1988 oor kragdinamika in taal en kognisie);
- 'n modale struktuur wat verband hou met taalhandelinge sodat kragte wat psigologies en sosiaal op ons uitgeoefen word herlei kan word tot ons ervaring van werklikheid, moontlikheid en noodwendigheid (vgl. Sweetser 1990). Hiervolgens skakel die verskillende betekenis van modale werkwoorde metafories met mekaar sodat die fisiese 'n metafoer word vir die nie-fisiese (d.i. die verstandelike, rasonale en sosiale dimensies van ervaring).

Beweging en manipulasie in tyd en ruimte word deur middel van veral werkwoorde aangedui wat beide die aard van die handeling sowel as die aspektuele verloop daarvan uitdruk, en word deur sintaktiese middele soos tydsadjunkte, adjektiewe, naamwoordstukke of setselgroepe gemodifiseer. In die volgende voorbeelde word die konsepte van fisiese beweging, kraggestalt-interaksies, modaliteit, 'n verandering van lokaliteit, die manipulasie van 'n objek en die bereiking van 'n doelwit gebruik om beweging vanaf een kognitiewe staat na 'n ander, ter verkryging van 'n sekere insig, te konsipieer:

Sy argument moet begin vanaf 'n sekere aanname

Inchoatiewe aspek/kragvoortstuwing/verpligting

Hy sal [^{SG} in die rigting van] 'n oplossing beweeg

duratiewe aspek/kragvoortstuwing/kompulsie

Hy kan struikelblokke verwag

duratiewe aspek/kragbemaagtiging/moontlikheid

Hy beweeg [^{SG} met tye] [^{Adj} vinniger] of [stadiger]

duratiewe aspek/ modifisering deur 'n setselgroep en adjektiewe

Hy verkry [^{NS} 'n [^{ADJ} gedeeltelike oplossing]

duratiewe aspek/modifisering deur adjunk

Hy vorm 'n idee waar [^{INF} om te soek]

duratiewe aspek/modifisering deur infinitiewevorm

Hy mag sekere nuwe denkrigtings opvolg

duratiewe aspek/kragopheffing/toestemming

[^{ADJ} Uiteindelik] vind hy die oplossing.

Perfektiewe aspek/versterk deur adjunk

3.1.5 BEELDSKEMAS, TYD EN RUIMTE

Die teorie van beeldskemas word binne die kognitiewe taalkunde vir die eerste keer deur Johnson (1987) geformuleer. As neuroloog verwys Edelman (1989:109-148) na Johnson se werk as verklaring vir hoe 'n mens neurologies sinnebeelde konstrueer, deur die gebruik van beeldskemas wat verwant is aan liggaamshouding in die organisasie van denke en taal en wat gereflekteer word as metafore in menslike taal. As bewys dat beeldskemas belangrik is by taalgebruik, verwys hy na Johnson (1987) se ondersoek na proposisionele strukture wat slegs na vore kan kom as 'n komplekse web nie-proposisionele skematiese strukture wat gebaseer is op liggaamlike ervaring. Ons sal dus objekte, gebeurtenisse en stories herken omdat ons in beeldskemas dink, wat op sensoriese en motoriese ervaring gebaseer is (Lakoff 1987; Johnson 1987; Talmy 1988; Turner 1991, 1996). Die houer-beeldskema laat ons byvoorbeeld toe om talle voorwerpe as houters te herken - nie slegs sakke, pakkies, koppies, bottels, 'n vallei, 'n laai, kamers of huise nie, maar ook ons koppe en liggame. 'n Mens kan 'n gebeurtenis op verskillende maniere konsipieer deur verskillende kombinasies van beeldskemas as konseptuele grondslag te gebruik. So kan beweging byvoorbeeld in terme van 'n oorsprong-roete-doelwit-skema beskou word met linguistiese eenhede soos [*kom iewers*], [*gaan langs steiltes*], of as 'n nabyheid-verwyderdheid-skema met eenhede soos [*ver in die verlede*], [*naby ineenstorting*].

Die houer-skema met konsepte soos in/uit/oor/binne/buite behels linguistiese eenhede soos [*uit die gesprek*], of emosionele toestande [*in trane*]. Ingevolge hierdie skema kan Tyd as 'n houer beskou word met drie verskillende kompartemente vir dit wat ons *in* die hede beleef, wat ons *uit* die verlede onthou en wat ons *oor* die toekoms antisipeer (Turner 1996:16-20). Insgelyks kan die beeldskematiese struktuur 'N MENS

BEWEEG LANGS 'N ROETE NA 'N DOELWIT anafories as grondslag dien om tydskonsepte meer verstaanbaar te maak – daarom dink 'n mens *terug* oor die verlede of sien jy *vooruit* na een of ander gebeurtenis in die toekoms. Turner (1996:150) vergelyk tydsbeleving met 'n storie wat in tyd en ruimte geprojekteer word, sodat die ervaarder deur middel van hierdie projeksie 'n spesifieke temporele fokus en 'n spesifieke temporele gesigspunt sal hê. Omdat ruimte 'n visuele grondslag het en as konkreet deur die mens ervaar word, word dit algemeen as grondslag gebruik om tyd, wat meer abstrak is, verstaanbaar te maak. Wanneer 'n mens byvoorbeeld sê dat tydsiklusse hulleself herhaal, word die sirkel se visuele beeldskema as grondslag gebruik vir 'n mens se belewenis van tyd. Ons dink maklik aan tydgebonde gebeure deur middel van intrinsieke ruimtelike beeldskemas soos kontinuïteit, ekstensie, diskreetheid, voltooidheid, siklisiteit of geheel-en-deel verhoudings.

3.1.6 GEBEURE EN OBJEKTE IN TYD

Ons verstaan 'n gebeurtenis asof dit sy eie interne struktuur het: dit kan punktuêel of gerek, enkel of repeterend, toe of oop, siklies of nie-siklies wees, en so aan. Hierdie beeldskemas vorm 'n intrinsieke kenmerk van alle (hoof)werkwoorde in 'n taal en word in die grammatika formeel as aspek beskryf. Meer algemeen gestel - ons dink aan seisoene wat *kom* en *gaan*, tyd wat langs 'n lyn *beweeg*, 'n oogwink wat as *punktuêel* of *momenteel* waargeneem word, en 'n soektog as iets wat *onbepaald voortduur*. Omdat geeneen van hierdie gebeurtenisse die letterlike ruimtelike of liggaamlike vorm het wat ons daarmee assosieer nie, gebruik ons beeldskemas om die tydverloop van gebeure te struktureer en meer verstaanbaar te maak. Daar is reeds verwys na Turner (1996) se beskrywing van 'n enige gebeurtenis waarin gebeure van objekte onderskei kan word en een gebeurtenis van 'n ander, as klein verhaaltjies. 'n Fundamentele faset van klein verhaaltjies is dat al die kognitiewe prosesse daarby betrokke is: sig, gehoor, gevoel, reuk, smaak, asook perseptuele en konseptuele kategorisering.

Benewens die ruimtelike korrelate wat reeds bespreek is, kan 'n mens 'n kousale struktuur deur middel van kragdinamiese beeldskemas verstaanbaarder maak. Só kan 'n mens byvoorbeeld 'n beeldskema van 'n krag wat inwerk op 'n entiteit wat weerstand

bied, en meegee, as grondslag gebruik vir die stelling: “die seun wou nie rook nie maar het voor sy maats se druk geswig”. ‘n Fisiese gebeurtenis behels dikwels ‘n verskuiwing in lokaliteit wat geprojekteer kan word op ‘n nie-fisiese kousaliteit, soos wanneer ons sê “die Rand is op ‘n nuwe laagtepunt”. ‘n Aksiestorie, wat fisies is, word op ‘n gebeurestorie geprojekteer, wat ‘n andersoortige, nie-fisiese, konseptuele handeling behels.

Selfgedrewe beweging behels dikwels die willekeurige manipulasie van fisiese objekte:

die soldate marsjeer

willekeurige manipulasie van liggame

die man kap hout

willekeurige manipulasie van ‘n liggaamsdeel as instrument

Deur die fisiese aksie te projekteer op ‘n kognitiewe proses word beweging en manipulasie gekombineer in ons konseptuele kategorisering van onself met ander deelnemers.

Volgens Sweetser (1990) berus die mens se kognitiewe projeksie van fisiese beweging en manipulasie van objekte op die konseptuele metafoor DIE BREIN IS ‘N LIGGAAM WAT DEUR RUIMTE BEWEEG. Hierdie konsep, wat Turner (1996:88) ‘n generiese ruim noem, word dikwels gebruik om kognitiewe gebeurtenisse parabolies voor te stel, soos Bunyan se *The Pilgrim’s Progress* wat “die siel se reis na die ewigheid” met ‘n fisiese reis vergelyk. Die geestelike staat is ‘n lokaliteit, en ‘n verandering van een staat na ‘n ander een is ‘n verandering in ruimtelike lokaliteit.

Manipulasie van objekte impliseer dat daar ‘n akteur moet wees om die aksies uit te voer, sodat modaliteit ter sprake kom: die moontlikheid, noodwendigheid of verpligting om ‘n sekere beweging uit te voer. Die akteur kan as agent optree deur ‘n sekere aksie uit te voer wat ‘n tweede party, die pasiënt, op een of ander manier beïnvloed: “hy breek deur ‘n grens” kan vertolk word as ‘n fisiese skeiding wat afgebreek

word of as 'n dinkproses waartydens 'n nuwe insig verkry word. Beweging en manipulasie is dus 'n natuurlike kombinasie waarmee ons 'n situasie of staat konsipieer.

3.1.7 STORIES IN TYD: ANALOGIE EN METAFORIEK

Turner (1996:153-158) verwys na narratiewe struktuur, of verhale, as 'n dinkproses wat 'n groot klomp grammatikale strukture op 'n klomp vlakke koördineer – verhale en grammatika het dieselfde struktuur omdat grammatika uit verhaal ontwikkel deur middel van analogie. Tyd as 'n grammatikale sisteem ontstaan deur projeksie vanuit narratiewe struktuur: in 'n sin soos *sy bak elke dag 'n koek* is die grammatikale konstruksies Werkwoordstuk, Teenwoordigetyd, Oorganklikheid en Iteratiewe Aspek, elemente wat voortspruit uit die projeksie van basiese kategorieë vir stories, naamlik “gebeurtenis” en “handeling”. Analogie, en nie grammatika nie, is volgens Turner (1996) die beginpunt van taal.

Dat daar 'n inherente verband tussen die taal, metafoor en beeldskemas bestaan, word deur Lakoff (1990:39) onderskryf as hy sê dat omdat beeldskematiese denkpatrone deur metaforiese kartering op abstrakte denkpatrone oorgedra word, sekere abstrakte denkpatrone metaforiese weergawes van beeldskematiese denke is wat in taal uitgedruk word.

Metaforiek is nie slegs 'n literêre stylfiguur nie, maar kom algemeen in alle vorme van taalgebruik voor – in gesproke sowel as geskrewe taal, in alle genres hetsy fiksie, historiografie, wetenskaplike formulering of wetlike diskoers (Klopper 1997d). Die woord “metafoor” word herlei na die Griekse werkwoord *meta-ferrein*, wat beteken “om oor te dra”; in wese skakel die metafoor dus twee ervaringsdomeine met mekaar, of twee subdomeine van dieselfde ervaringsdomein (Botha 1996). Die verspreiding van metafoor in alledaagse taalgebruik is vir die eerste keer in 1980 deur Lakoff & Johnson in *Metaphors we live by* uitgewys, en sedertdien het navorsing op die gebied van menslike kennis in toenemende mate die sentrale rol van metafoor in ons konseptuele sisteme bevestig – ons persepsie van dinge om ons, hoe ons die fisiese wêreld hanteer en veral

ons interaksie met mense oor die algemeen. Hierdie basiese, konseptueelstrukturerende metafore het bekend geword as konseptuele metafore.

Metaforiek lê verbande tussen taaldomeine: 'n mens se kennis is assosiatief in betekenisdomeine, subdomeine en subsubdomeine georden. 'n Mens kan 'n konkrete betekenisdomein as geheel metafories met 'n abstrakte domein asosieer om die abstrakte domein meer verstaanbaar te maak. So beskryf Turner (1991:76) tyd metafories as beweging langs 'n roete: die teenwoordigetyd word metafories ervaar as 'n punt op die roete waar "ons" gelokaliseer is, die verlede is metafories die gedeelte van die roete wat agter ons lê en die toekoms metafories die gedeelte wat voor ons lê. Die punt wat ooreenkom met die teenwoordigetyd beweeg lineêr vorentoe – lineariteit is dus intrinsiek 'n deel van tyd, en 'n tydspanne 'n metaforiese lynsegment.


Verandering in tyd word verstaan deur die projeksie van fisiese aksie op 'n nie-fisiese staat of situasie sodat ons tyd kan waarneem as 'n beweging of 'n bewegende objek. Tyd kan as heler 'n aksie uitvoer wat 'n seerplek gesondmaak, dit kan vorentoe beweeg na die toekoms of terug beweeg in die verlede. 'n Verhaal, wat verandering in tyd impliseer, dra betekenis deur die integrering van ten minste twee dinkruime, 'n bronruim en 'n teikenruim, wat geïllustreer kan word deur 'n geestelike reis aan 'n fisiese reis gelyk te stel.

Die bron- en teikenruime vertel elkeen hulle eie verhaaltjies op grond van die gebeureraaminformasie wat in hulle vervat is. Die verhaaltjie van die bronruim is 'n *reisiger reis na 'n bestemming*. Die verhaaltjie van die teikenruim is 'n *mens word ouer en gaan naderhand dood*. In 'n derde ruim, die generiese ruim, deel die verhaaltjies van die bron- en teikenruime die skematiese konsepte 'n *beweger beweeg langs 'n roete tot by 'n bestemming*. Die gedeelde konsepte in die generiese ruim maak dit moontlik om die gebeureraamelemente van die bronruim op die gebeureraamelemente van die teikenruim te projekteer en om deur middel van dié assosiasie 'n nuwe afleiding te maak. Deur 'n *reisiger reis* in die bronruim te projekteer op *iemand word ouer* in die teikenruim, en deur *iemand kom by 'n bestemming aan* van die bronruim te projekteer op

iemand gaan dood in die teikenruim, kom 'n mens tot die metaforiese gevolgtrekking *die lewe is 'n reis* in die vermengingsruim.

Uit 'n topografiese oogpunt beskou, struktureer die bronruimtegegevens die gegevens van die teikenruim in die metafoor "*die lewe is 'n reis*". In die geval van hierdie metafoor blokkeer of inhibeer die sterftesgegevens van die teikenruim die konseptuele projeksie in die vermengingsruim, waar daar geen sprake is van 'n bestemming wat bereik word, of iemand wat sterf nie.

Samevattend kan 'n mens dus sê dat die gedeelde informasie van die bron- en teikenruime tydens konseptuele vermenging dié twee rame generies integreer op grond van gedeelde semantiese informasie en dat die gegevens van die bronruim die gegevens van die teikenruim topografies struktureer, soos in die diagram uiteengesit:



Deur middel van konseptuele vermenging word tyd as abstrakte, nie-sintuiglike konsepsie verstaanbaar gemaak deur meer konkrete ruimtelike konsepsies daarop te projekteer. Die houer-beeldskema (vgl. 3.1.2) vorm die generiese grondslag vir die konseptuele metafoor TYD IS 'N GEBONDE RUIMTE en haar twee dogtermetafore 'N KORT TYDPERK IS DIE BUIITE-OPPERVLAK VAN 'N KLEIN GEBONDE RUIMTE en 'N TYDPERK IS 'N TYDGEVULDE BINNERRUIMTE, wat Klopper (1998) illustreer deur te verwys na 'n korterige tydperk soos *'n oggend* of *'n dag* wat metafories as die buiteoppervlak van 'n klein gebonde ruimte gekonstrueer kan word, sodat 'n mens [*op 'n dag*] of [*op 'n oggend*] iewers opdaag. Indien 'n mens *'n dag* egter metafories as 'n tydgevulde binneruimte konstrueer, kan jy [*in 'n dag*] of [*in 'n oggend*] van Durban af na Johannesburg toe ry. Op grond van dieselfde metafoor kan 'n goeie atleet die honderd meter [*in 'n oogwink*] of [*binne tien sekondes*] aflê, of kan 'n spekulant [*in drie maande*] of [*binne drie maande*] 'n miljoenêr word op die aandelebeurs.

3.1.8 TYD AS 'N DEIKTIESE KATEGORIE

Tyd as 'n deiktiese kategorie en tydsverwysingspunt is veranker aan 'n deiktiese sentrum, wat die hier-en-nou van die werklike spraakgebeure verteenwoordig – hierdie deiktiese sentrum is altyd teenwoordig, soms in 'n hoogs abstrakte hoedanigheid, en funksioneer as 'n basisruim vanwaar toegang tot tempus verkry word. Omdat daar geen sogenaamde “sprekerlose” sinne bestaan nie (vgl. Wybenga 1983, Langacker 1991, Cutrer 1994), het elke sin 'n konseptualiseerder wat altyd teenwoordig is in diskoers, maar wat nie altyd grammaties of leksikaal gemerk is nie. In geskrewe diskoers kan basisruime byvoorbeeld opgestel word vir 'n spreker, hoorder, outeur, fiktiewe karakter of verteller, sodat die gekonseptualiseerde perspektief die inisiële ankerpunt sal wees vir toegang tot of interpretasie van tyd. Die spreker ontkoppel die deiktiese sentrum van die hier-en-nou en skuif na 'n ander lokaliteit wat spesifiek geïdentifiseer word met die tyd en plek van die gerapporteerde gebeure:

Dit is 1652. Jan van Riebeeck kom in die Kaap aan.

In 'n werklike wêreld-situasie dui die teenwoordigetyd aan dat die gebeure presies ooreenkom met die tyd van uiting. Met die historiese presens kan elke gebeurtenis geïnterpreteer word asof dit met die spraakgebeure ooreenkom sodat dit 'n soort denkbeeldige "oorspeel" van afgelope gebeure behels (Langacker 1991). Dit kan derhalwe gesien word as 'n soort ooggetuie weergawe – deur die teenwoordigetyd te gebruik, beskryf die spreker/skrywer die gebeure asof hy dit "sien" gebeur (Turner 1996:120-122). Die bewussyn "sien" idees of konsepte of neem dit waar vanuit 'n bepaalde lokaliteit en met 'n bepaalde houding. Die bewussyn kan dan "naderkom" aan die konsep of daarvan af "wegbeweeg", dit kan die idee "kry" of "laat vaar", ensomeer.

Deiktiese woorde is taalmeganismes wat besonderhede van die spreker en hoorder se gedeelde kognitiewe ervaring in die taaluiting uitbou en is die skakel tussen taal en werklikheid. Tydverwysende woorde soos *nou*, *dan*, *toe* en *gister* gee aan tyddeiksis sy beslag, terwyl plekverwysende woorde soos *hier*, *daar*, *hierdie* en *daardie* plekdeiksis onderlê. In albei kategorieë tree die spreker as die identifiserende, tydverwysende en ruimtelike kognitiewe verwysingspunt op: die vertellerstandpunt, of soos Turner (1996: 117) dit beskryf, die verteller se eensydige, plaaslike siening van 'n gebeurtenis. Deiktiese verankering verwys na die kodeerder, verteller of spreker se sentrum van oriëntasie, die beheersendepunt wat gebruik word vir die interpretasie van uitdrukkings, insluitende tydsverwysings (vgl. Langacker 1991, Talmy 1985, Cutrer 1994:39).

Verskillende ruimtelike en temporele gesigspunte gee verskillende perspektiewe op 'n gebeurtenis, insluitende skuiwe in temporele fokus. Enige uitdrukking se betekenis word derhalwe bepaal deur die mate waarin die konseptualiseerder verkies om die taalgebeure kognitief te konstrueer deur middel van meganismes soos die graad van bepaaldheid waarmee die situasie beskryf word, die agtergrondaannames- en verwagtings van die deelnemers, die relatiewe prominensie van die onderwerp (figuur) in verhouding tot ander entiteite (grond) en die perspektief waaruit die situasie beskryf word - hierdie aspekte onderlê die deiktiese verankering in die gesprekskonteks (Langacker 1990:6) en staan bekend as die figuur-en-grond-gestalt.

3.1.9 DIE FIGUUR-EN-GROND-GESTALT

Langacker (1987a:15) beskou die figuur-en-grond-gestalt as die grondslag vir die struktuur van tyd as agtergrondelement: *"It is a claim of cognitive grammar...that relational predications consistently single out some participant for special prominence; specifically it is suggested that this element (the trajector) can be characterized as the figure within the relational profile. Since a finite clause is one type of relational predication, we expect as a special case that some participant will always be selected as figure/trajector at the clause level"*. Terwyl 'n mens se aandag op die trajektor en primêre landmerk gevestig is as die mees prominente party in die gebeurtenis, is tyd binne die figuur-en-grond-gestalt deel van grond, en nie deel van die figuur nie.

Die figuur-en-grond-gestalt is volgens Langacker (1987a, 1991) 'n fundamentele kenmerk van kognitiewe funksionering: *"By the assumptions of cognitive grammar, the prevalence of figure/ground organization in conceptual structure entails its importance for semantic and grammatical structure as well... The profile/base, subject/object, and head/modifier distinctions are among those to be analyzed wholly or partially in these terms."*

Klopper (1998) verwys na Langacker (1987a:15) se figuur-en-grond-gestalt as die profilerings van entiteite in verhouding tot ander entiteite. Hy onderskei twee belangrike en verwante aspekte van konsepvorming: die mens se vermoë om relasies tussen entiteite te sien, en om 'n bepaalde onderdeel los te dink van die geheel waarvan dit deel uitmaak. Hiervolgens sal die mens die entiteite wat by 'n bepaalde gebeurtenis betrokke is, telkens as 'n enkele figuur-en-grond-gestalt interpreteer. Entiteite wat deel vorm van nuwe gebeure word tydens konsepvorming met verskerpte konsentrasie waargeneem sodat die waarnemer van allerlei detail bewus word. Alledaagse gebeure word egter met verminderde konsentrasie as 'n ongedetailleerde geheelbeeld of gestalt waargeneem totdat die een of ander faktor die waarnemer noop om die gebeure met verskerpte konsentrasie, bewus van allerlei details, waar te neem en te beskryf, sodat 'n bepaalde aspek van die basis vooropgestel of geprofileer word.

Langacker (1987a, 1987b) verwys na 'entrenchment' as die verskil tussen nuwe informasie en gevestigde neurologiese patrone. Nuwe informasie word deur middel van ryk leksikale elemente aangebied, terwyl gevestigde informasie deur middel van veralgemenende taalvorme aangebied word:

ek eet ontbyt.

ek smul aan spek, eiers en roosterbrood.

Hoe meer nuwe informasie by die konstruksie gevoeg word, hoe meer gedetailleerd moet dit beskryf word. By getemporaliseerde sinne figureer tyd op die agtergrond van die sinskonstruksie terwyl gebeure op die voorgrond figureer:

[^{FIGUUR} die man het [^{GROND} verlede jaar] ^{FIGUUR} huise verkoop]

Die figuur-en-grond-gestalt is nuttig om kompakte, beweeglike en aktiewe entiteite konseptueel te onderskei van entiteite wat as breë agtergrond waargeneem word. Tegarolte tydens diskoers word bepaal deur wie of wat die aktiewe entiteit (die figuur van die gebeure-opset) is en waar (teen watter (agter)-grond) die gebeurtenis plaasvind. Die rolle agent, pasiënt, instrument, doener en missiel hou verband met die figuur terwyl rolle soos lokus, doelwit, roete/trajek met die grond verband hou.

3.1.10 SEKWENSIES IN TYD

Die mens se vermoë om komplekse bewegingsekwensies te konstrueer en uit te voer kan gesien word as 'n sentrale aspek van sy intelligensie. Hy kan motoriese sekwensies uitvoer deur te loop en te hardloop. Kognitiewe sekwensies word gekonstrueer wanneer ons 'n sekere musiekstuk herken, na 'n sin luister en 'n storie vertel en verstaan. Sekwensies word herken en uitgevoer as dele van 'n groter geheel. Die beeldskema van 'n bal wat nader aan die rand van 'n afgrond beweeg en afval, behels 'n temporele sekwensie wat deur middel van beeldskemas gekonstrueer word sodat die eindresultaat as 'n skematies (uiters algemene) klein verhaaltjie waargeneem word¹. 'n Mens kan die

¹ Vgl. besprekings in paragrawe 3.1.6 en 3.1.7 van Turner (1996:13-14, 153-158) se klein verhaaltjies ("small spatial stories").

logiese verloop van 'n gebeurtenis in sy verbeelding rekonstrueer omdat ons sekvensies in tyd en ruimte kan onderskei. Narratiewe verbeelding, ons onderskeidings van klein verhaaltjies waarin ons tyd met ruimte kombineer, is 'n fundamentele kognitiewe instrument waarmee ons dinge rondom ons orden en die wêreld verstaan.

Langacker (1987a) beskryf 'n sekvensie as 'n relasionele predikasie wat interkonneksies tussen entiteite profileer: die trajektor as die figuur in profiel en die ander deelnemers as die landmerk. Hierdie predikasies is eenvoudig of kompleks: eersgenoemde as 'n enkele, konsistente konfigurasie wat 'n staat/statief aandui en laasgenoemde as 'n sekvensie. 'n Sekvensie kan óf atemporele relasies aandui wat die tradisionele kategorieë soos adjektief, selsel, adjunk, omvat, óf 'n proses wat die werkwoorde omvat.

Sekvensie, skandering en summiere skandering

Volgens Langacker (1987a, 1987c; 1990) maak summiere- en sekvensieskandering 'n onderskeid tussen perfektiewe en imperfektiewe prosesse. Perfektiewe prosesse verwys na 'n situasie wat verander met verloop van tyd met werkwoorde soos *loop, spring, leer, kook*. Imperfektiewe prosesse dui op stabiele situasies wat voortduur in tyd, met werkwoorde soos *lyk, weet, geniet*. Repetisie (aspek) is moontlik wanneer duidelike begin- en eindpunte teenwoordig is en word aangedui deur adjunkte, soos in [*die kind huil [elke keer] as hy moet gaan slaap*]. By performatiewe werkwoorde is die perfektief van toepassing, met werkwoorde soos *slaap, loop, sweet, droom, swem*, wat op gebonde episodes dui.

Sekvensieskandering as 'n kognitiewe proses behels dat 'n mens die progressie van opeenvolgende fases van 'n gebeurtenis waarneem soos wat dit verloop, soos in:

hy drink die bier op.

Die sekvensieverloop begin by Staat 1, waar die glas vol bier is en eindig in Staat 2, wanneer die glas leeg is. Summiere skandering behels dat 'n mens 'n gebeurtenis

konstrueer as 'n tydsverloop-ongedifferensieerde geheel. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n gewoontehandeling beskryf word:

hy drink

of wanneer tydlose gebeure beskryf word:

die aarde draai om die son

of wanneer potensiele gebeure infinitiefgewyse beskryf word:

swem is gesond.

Sekwensieskandering en summiere skandering binne die deiktiese konteks

Sekwensieskandering in die teenwoordigetyd gee vir 'n mens die prototipiese geval van die teenwoordigetyd omdat dit 'n gebeurtenis behels wat in die hier-en-nou binne die deiktiese konteks voltrek word, waar die spreker teenoor die aangesprokene rapporteer wat besig is om te gebeur:

hy drink twee biere.

die biere word hier-en-nou al hoe minder met verloop van tyd

Wanneer die spreker 'n gewoonte deur middel van die teenwoordigetyd binne die deiktiese konteks rapporteer, het 'n mens te make met 'n minder tipiese gebruik van die teenwoordigetyd:

hy drink elke oggend.

hy drink [elke oggend] twee biere vir ontbyt.

Die gebruik van die historiese presens om afgelope gebeure te rapporteer asof hulle hier-en-nou binne die deiktiese konteks voltrek word, verteenwoordig 'n nog minder tipiese gebruik van die teenwoordigetyd. Dieselfde geld vir sportuitsendings, waar kommentaar onmiddellik volg op gebeure:

Hy hardloop en druk sy drie onder die pale.

3.1.11 DIE ROL VAN GEHEUE BY TYDSONDERSKEID

Om te verstaan hoe 'n mens vanuit die teenwoordigetyd oor die verledetyd kan dink, kan 'n mens Edelman (1989:109-139) se uiteensetting van die verwantskap tussen korttermyn- en langtermyngeheue gebruik. Wanneer 'n mens 'n gebeurtenis waarneem, word die elemente van daardie gebeurtenis sintuiglik in 'n mens se korttermyngeheue ingevoer waar dit vergelyk word met bestaande konsepte wat uit 'n mens se langtermyngeheue onttrek word, om in die korttermyngeheue met die inkomende sintuiglike waarnemings vergelyk te word. Indien inkomende persepsies ooreenkom met 'n mens se herinneringe van 'n entiteit, beleef 'n mens dit in die teenwoordigetyd, soos in:

die glas staan op die tafel.

Indien inkomende sintuiglike persepsies egter verskil van 'n mens se herinneringe oor die entiteit, soos in:

die glas lê in skerwe op die tafel

probeer 'n mens 'n verklaring vir die diskrepansie vind en dink 'n mens vanuit die deiktiese konteks in die verledetyd oor die entiteit, soos in:

iets het met die glas gebeur,

iemand het die glas gebreek.

Calvin (1998:389) vergelyk hierdie proses met 'n televisiekyker wat tussen kanale heen en weer skakel. Elke gedagtegang waarop 'n mens sy aandag fokus, is soos 'n televisiekanaal waarheen 'n mens oorskakel. Die sterkste gedagtegang behou 'n mens se aandag soos 'n interessante televisiekanaal, sodat 'n mens daarop bly konsentreer. Daar is 'n rotasie van komplekse objekte, idees, of alternatiewes, met die potensiaal om telkens nuwe patrone te vorm. Alles wat ons doen, hoef egter nie deur die bewussyn geprosesseer te word nie – geroetineerde probleme of beweging of aksies verg nie bewustelike insette nie, terwyl kreatiewe of dubbelsinnige konstruksies, die soeke na oplossings of presisiebewegings wel staatmaak op die bewussyn (of allokasies uit die neokorteks). 'n Roetine-aksie word outomaties uitgevoer sonder dat ons daaroor dink - herinneringe wat in die langtermyngeheue vasgelê is, word "vergeet", sodat daar 'n

kousale ontkoppeling plaasvind deur geringe (geroetineerde) elemente van belangrike (kreatiewe) insette te onderskei. Een van die aspekte wat geaktiveer word wanneer nuwe informasie teen bestaande informasie gemeet word, is die mens se taalvermoë. Sintaksis is gevestigde patrone in die langtermyngeheue, en ons is nie bewus van sintaktiese algoritmes wat ons gebruik om lekseme, wat binne die sintaktiese struktuur aangebied word, te enkodeer en te interpreteer nie.

Hierdie proses word deur Langacker (1987a, 1987b, 1991) se figuur-en-grond-gestalt-verhoudings in taal beskryf², en hou verband met die mens se vermoë om met uitsluiting van 'n geïmpliseerde geheel op 'n onderdeel daarvan te fokus sodat 'n bepaalde aspek vooropgestel of geprofileer word. Entiteite wat deel vorm van nuwe gebeure word tydens konsepvorming met verskerpte konsentrasie waargeneem terwyl alledaagse gebeure met verminderde konsentrasie as 'n gestalt waargeneem word. Assosiatiewe geheue wat werk op die herkombinasiebeginsel bied 'n verklaring van hoe die aandag gefokus word deur middel van variasie en kompetisie, en dit verklaar hoe 'n mens met eindige toerusting oneindige kombinasies van konsepte kan kry.

Samevattend kan dus gesê word dat die figuur-en-grond-gestalt ons toelaat om te onderskei tussen sintaktiese struktuur en semantiese verwysing en tussen hede en verlede, terwyl geheue verband hou met kategorisering wat dit moontlik maak om 'n opeenvolging van gebeuresekwense in werklike tyd te onderskei. Dit is 'n proses van kategorisering en herkategorisering waartydens nuwe informasie teen bestaande informasie gemeet word wat in die langtermyngeheue geberg is. Die semantiese inhoud van kategorieë berus op beeldskemas wat met mekaar gekombineer word om konsepte te vorm, en konsepte wat assosiatief saambegryp word om lekseme en sintagmas te vorm.

² Vgl. paragraaf 3.1.9 oor die figuur-en-grond-gestalt as grondslag vir die struktuur van tyd as agtergrondelement.

3.2 CUTRER (1994) SE MODEL VIR DIE ONTLEDING VAN TYDSVERLOOP IN DISKOERS

Die konstruksie van dinkruime tydens diskoers

Daar is reeds in die vorige twee hoofstukke verwys na Cutrer (1994) se ondersoek na tydsvergestalting gebaseer op die werk en idees van Fauconnier (1985) en Dinsmore (1991) oor die konstruering van dinkruime tydens die diskoers. Volgens Cutrer se diskoersmodel vir 'n ontleding van tydsmarkering is taal afhanklik van koppelings aan kognitief gemotiveerde dinkruime wat onafhanklik is van die linguistiese struktuur, maar wat onontbeerlik is vir die konstruksie van betekenis en die interpretasie van taal. Na aanleiding van 'n sentrale aanspraak van haar studie, naamlik dat tempus 'n fundamentele rol speel in die kognitiewe konstrueringsproses, ondersoek Cutrer die rol van tempus op twee vlakke (alhoewel dit nie eksplisiet in haar studie uitgespel word nie): eerstens as 'n meganisme vir die organisasie en bestuur van diskoers deur middel van 'n teorie van taalhandelinge, en tweedens as teorie oor hoe diskoers in die brein gekonstrueer word.

In hierdie afdeling word nie 'n uiteensetting gegee van Cutrer se omvattende studie oor tempus en aspek binne die dinkruimmodel nie, maar word daar aan die hand van enkele voorbeelde geïllustreer hoe die dinkruimbenadering in die kognitiewe grammatika aangewend word om tempusmarkering te verklaar. Daar word spesifiek aangedui dat Cutrer se teorie oor epistemiese dinkruime 'n rasionaal bied vir die feit dat gerapporteerde spraak as direkte spraak vertolk word, dat teenwoordigetydsinne soms as verledetydsinne verstaan word en dat verledetydsinne soms as teenwoordigetydsinne verstaan word, ens. Wanneer tempus ontleed word in terme van die rol wat dit speel as 'n diskoersorganiseerder, en wanneer hierdie rol noukeurig beskryf word, vind ons dat data wat gewoonlik probleme veroorsaak vir taalkundiges, nie meer problematies is nie.

Cutrer se model berus op vier beginsels wat sy diskoersprimitiewes noem: Fokus, Gebeure, Gesigspunt en Basis. Hierdie teoretiese primitiewes opereer op die vlak van kognitiewe konstruering wat onafhanklik is van taal en die werklike wêreld, omdat dit berus op die informele intuïsie of idees wat ons huldig oor diskoers (Cutrer 1994:71-75):

- Vir die interpretasie van diskoers moet situasies en gebeure binne 'n bepaalde domein geplaas word, die nosie van Gebeure; dit is die temporele dinkruim wat ontstaan wanneer 'n mens 'n bepaalde werkwoord interpreteer.
- Omdat 'n mens nie alles op een slag kan waarneem nie, moet hy op 'n bepaalde toneel Fokus; hierdie ruim is die mees aktiewe en omvat dit waaroor die uiting gaan.
- Vanuit die Gesigspunt van die spreker of hoorder word dinge vanuit verskillende hoeke waargeneem, tradisioneel die narratiewe gesigspunt; dit is die sentrum van konseptualisasie en die bewussyn van die self en word saamgestel uit 'n bundel deiktiese dimensies.
- 'n Mens kan van die komplekse werklikheid nie alle fasette gelyktydig waarneem of beskryf nie, en moet derhalwe sy aandag op 'n bepaalde toneel of 'n faset van dié toneel fokus. Hierdie grondliggende dinkruim noem Cutrer die Basis-ruim. Dit is volgens haar die mees aktiewe dinkruim en vervat die deiktiese elemente wat betrokke is by waarneming, interpretasie en kommunikasie, asook die onderskeie gesigspunte van die spreker en hoorder.

Namate die diskoers vorder, word die organisasie en distribusie van hierdie dinkruimprimitiewes in konfigurasies van hiërargies verwante ruime ontplooi en begrens deur grammatiese inligting soos tempus, aspek, leksikale, pragmatiese en kontekstuele informasie, asook deur die diskoersorganisasiebeginsels wat vir elke gesprek geld. Cutrer se diskoersprimitiewes word in hierdie dissertasie toegepas, of waar nodig aangepas, in die besprekings wat volg.

Volgens Cutrer (1994:67,428) vervat die tempuskategorieë [Presens, Verlede, Toekoms] en aspekategorieë [Progressief, Imperfektief, Perfektief] gedeeltelike interpretasie-instruksies wat gespreksgenote aanwend om interverwante kognitiewe domeine te konstrueer en te herkonstrueer. Hierdie instruksies behels –

- die konstruksie en organisasie van dinkruime
- die organisasie en spreiding van die diskoersprimitiewes Basis, Fokus, Gebeure, Gesigspunt

- die indeling en spreiding van inligting oor 'n konfigurasie van ruime
- die plaaslike tydskonneksies en hiërargiese relasies tussen ruime
- die toegangsroete na 'n bepaalde ruim vanaf 'n gesigspunt
- die toeganklikheid van inligting binne 'n gegewe ruim
- 'n ruim se Feit/Prediksie-status.

Cutrer beskryf elke tempuskategorie as 'n sekere stel instruksies oor ruimkonfigurasies wat gebou moet word en oor die ordening van die Basis, Fokus, Gebeure en Gesigspunt wat geld oor 'n stel ruime heen. Dit kom daarop neer dat die kombinerings- en herkombinerings van dinkruimverdelings tot 'n diskoersgeheel die spreker toelaat om inligting, entiteite, situasies, gebeure in tyd, die epistemiese afstand tussen handeling en prosesse, ens. te onderskei as fokuspeunte en nie-fokuspeunte binne die gesprek. Die tempuskategorieë bepaal die plaaslike tidsverhoudings tussen ruime.

Tempusrelasies by matrikssinne en ingebedde sinne

Cutrer (1994:428) voer aan dat deur die toepassing van wat sy die Feit-Prediksie-beginsel noem, 'n onderskeid getref word tussen hipotetiese en feitelike epistemiese domeine sodat probleme wat taalkundiges gewoonlik ondervind met die temporele markering van feitelike, hipotetiese en teenfeitlike stellings in matrikssinne en ingebedde sinne, opgelos word. Cutrer se ondersoek fokus op voorwaardelike konstruksies, soos in:

as die son skyn, dan sal ek 'n hoed dra

en konstruksies waar gerapporteerde spraak in die indirekte rede as direkte rede verstaan word. Sy wys ten spyte van laasgenoemde verskynsel daarop dat taalhandelingswerkwoorde soos *sê, aankondig, noem, vra*, ens. asook werkwoorde van gedagte, geloof of persepsie, soos *glo, hoop, aanvaar*, ens. binne die deiktiese konteks as snellers dien vir konstruering van spraakruime. In 'n sin soos:

Jan het gister gesê dat hy siek is

dien die taalhandelingswerkwoord *sê* as sneller wat 'n spraakdinkruim aktiveer waarbinne 'n gerapporteerde spraakvorm, soos "dat hy siek is", as direkte spraak vertolk word "hy is siek".

Omdat die spraakdinkruim dit moontlik maak vir 'n mens om indirekte gerapporteerde spraak as direkte spraak te konstrueer, dien die dinkruim as potensieële ankerpunt vir tempus en die gesigspunt van die spreker. Dit behels dat die spreker "Jan" wat in die matrikssin benoem word, en die verledetydtempus van die matrikssin "het gister gesê", dinkruimmatig op die ingebedde sin geprojekteer word sodat die sogenaamde teenwoordigetyd "dat hy siek is" onder invloed van die verledetyd tempusmarkering van die hoofsin, as verledetyd verstaan word.

Die verwantskap tussen teenwoordigetydmarkering en die konstruering van prediksies as feitlike stellings

Volgens Cutrer stel voorwaardelike konstruksies soos:

as dit reën, dan sal ek 'n sambreel koop

'n hipotetiese domein op wat bestaan uit twee dinkruime, die protasis en die apodose:

[^{PROTASIS} *As sy my vanaand skake!*] [^{APODOSE} *dan is sy verveeld*].

Die protasis-dinkruim vervat die toepaslike voorwaardes vir die optimale realisering van die hipotetiese gebeurtenis "as sy my vanaand skake!" wat in die apodose-dinkruim gestel word, "is sy verveeld". Hoewel die gebeurtenis in die protasis-dinkruim in die toekoms lê, word dit volgens Cutrer as teenwoordigetyd geënkodeer omdat dit die konseptualiseerder toelaat om die protasis-gebeurtenis as feit, eerder as prediksie, te konstrueer. Hierdeur word deur middel van 'n dinkruimbenadering 'n semantiese rasionaal gebied vir 'n hipotetiese gebeurtenis wat deur middel van teenwoordigetydmarkering as stelling verstaan word.

Die verwantskap tussen verledetydmarkering en die konstruering van ongerealiseerde gebeure as teenfeitlike stellings

Indien die protasis-dinkruim egter vir die verledetyd getemporaliseer is, word dit as hipotetiese stelling gekonstrueer, en die apodose-dinkruim as teenfeitlike stelling:

As ek gister tyd gehad het, dan sou ek jou gehelp het.

(ek het gister nie tyd gehad nie, daarom het ek jou nie gehelp nie).

Teenfeitelike stellings het spesiale kenmerke wat beperk watter struktuur deel van die konstruksie kan vorm. In die onderstaande voorbeelde is die teenfeitelike ingebedde sin telkens in die verledetyd, ongeag die temporele markering van die matrikssin:

Ek het gewens ek het nader aan jou gebly.

Ek wens ek het nader aan jou gebly.

Ek wens altyd ek het nader aan jou gebly.

Teen môre sal ek wens dat ek nader aan jou gebly het.

Uit die voorgaande bespreking blyk dit dat Cutrer se dinkruimbenadering 'n rasionaal bied vir die oënskynlik problematiese gebruik van sinne wat op een manier getemporaliseer is en as 'n ander kategorie vertolk word, of vir indirekte gerapporteerde spraak wat as direkte spraak gekonstrueer word.

Die voorwaarde-en-gevolg-hipotetiese-konstruksie in diskoers

Cutrer beskryf tyd as 'n deiktiese kategorie en tydsverwysingspunt wat altyd aan 'n deiktiese sentrum veranker is en as 'n Basisruim funksioneer. Hieruit volg dit dat daar geen sogenaamde "sprekerlose" sinne is nie: taalgebruikers konstrueer 'n kommunikatiewe konteks vir alle sinne sodat dieselfde deiktiese beperkinge en voorwaardes vir narratiewe en nie-narratiewe sinne geld.

Soos in die vorige afdeling uiteengesit, gebruik Cutrer die Feit-Prediksiebeginsel om 'n onderskeid te maak tussen hipotetiese en feitelike domeine sodat probleme wat gewoonlik ondervind word met die interpretasie van tydrame by voorwaardelike konstruksies opgelos word:

[^{PROTASIS} *As dit reën,*] [^{APODOSE} *dan sal ek 'n sambreel koop*].

[^{PROTASIS} *As dit reën,*] [^{APODOSE} *koop ek 'n sambreel*].

'n Ruim word geopen vir hipotetiese gebeure waarin die "As..."-ruim (protasis) die toepaslike voorwaardes vervat waaronder die konsekwensies wat in die "...dan..."-ruim (apodose) vervat is, kan optimiseer en op die sprekersrealiteit gekarteer kan word. Die teenwoordigetyd is toepaslik by 'n toekomendetyd-interpretasie omdat die teenwoordigetyd toelaat dat die toekomstige gebeure as 'n feit eerder as 'n prediksie gekonstrueer word.

Na aanleiding van Deane (1992)³ se "aandaggee"-model wat handel oor deiksis en tematisering, word die Feit-Prediksie-status van ruime in hierdie dissertasie wyer toegepas as in Cutrer se werk. Binne 'n taalhandelingsraamwerk, soos in 'n volgende hoofstuk beskryf, word die "As..."-ruim (protasis) in die temaposisie geplaas as 'n gesprekstategie om die fokus in diskoers met die kognitiewe basis van diskoers te koppel. Die tydmerkers wat gebruik word, speel 'n belangrike rol by die koppeling van die protasis as tematiese fokuspunt met sy kognitiewe basis, wat die voorwaardes vervat vir optimisasie in die apodose as die draer van nuwe informasie in die uiting:

HIPOTETIESE VOORWAARDELIKE KONSTRUKSIE	
BASIS: 'n Hipotetiese realiteit met sy eie voorwaardes en gevolge	
'n Inligtingsraam met dieselfde temporele kwaliteite as realiteit	
TEMA/FOKUSPUNT	VOORWAARDES IN TEMA VERVAT
Protasis	Apodose
Tydmerker	vorm die kognitiewe basis met passende kondisies vir optimisasie in A
<i>As/Indien...</i>	voorwaardelik
<i>Sodra...</i>	tyd, voorwaarde
<i>Wanneer...</i>	tyd, voorwaarde

Die tipe werkwoord plus struktuurmerkers speel 'n rol by die optimisasieproses in die apodose van die voorwaardes in die protasis vervat:

³ Die struktuur van taal word metafories bedink deur middel van 'n skakel-deel-geheel-skema waarvolgens die nuwe informasie in 'n uiting met die tema geassosieer word; vgl. ook Ponelis (1979:526) se Nuk-Sat-volgorde.

Protasis	Apodose	Dreigement, telkens sterker gelaai	↓
<i>As jy stout is,</i>	<i>dan slaan ek jou</i>	Hoofwerkwoord	
<i>As jy stout is,</i>	<i>dan gaan ek jou slaan</i>	Skakelwerkwoord + HW	
<i>As jy stout is,</i>	<i>dan sal ek jou slaan</i>	Modale Hlpw + HW	
<i>As jy stout is,</i>	<i>dan sal ek jou verdomp slaan</i>	Modale Hlpw + kragwoord + HW	
<i>As jy stout is,</i>	<i>dan neuk ek jou nou</i>	Sterk HW+Tydsadjunk	

Beide die apodose en protasis word in die teenwoordigetyd gekonstrueer. Deur die apodose van toekomstigetyd te stroop, word groter onmiddellikheid en trefkrag aan die dreigement verleen:

As jy stout is, dan sal ek jou slaan.

As jy stout is, sal ek jou slaan.

As jy stout is, slaan ek jou.

By die hipotetiese voorwaardelike konstruksie is daar 'n oorsaaklike verwantskap tussen die protasis-klous en die apodose-klous. Die protasis vervat die oorsaaklike voorwaarde vir die implementering van die dreigement wat in die apodose vervat is:

As jy weer lieg, dan verkla ek jou.

By taalhandelinge soos bevele, dreigemente of versoeke kan handelinge onmiddellik van krag wees of na die toekoms geprojekteer word:

Onmiddellike konsekwensie

As jy stout is, slaan ek jou nou.

Langtermyn konsekwensie

As jy die spoedgrens oorskry, sal jy beboet word.

As 'n taalhandeling verwys die voorwaardelike konstruksie egter ook na letterlike gebeure waar die agtergrond vir beide spreker en hoorder bekend is uit konseptuele

informatie waartoe beide toegang het. Die taalhandelingsruim is die default⁴ Basisruim met 'n kanonieke deiktiese ruim waarin die gespreksgenote van aangesig tot aangesig met mekaar verkeer sodat hulle dieselfde tydsraam deel - daar is geen potensiaal vir misverstand nie en die boodskap word suksesvol oorgedra.

Die nie-kanonieke deiktiese diskoersraam verwys na situasies waar spreker en hoorder ruimtelik van mekaar geskei is maar steeds dieselfde tydsraam deel. Na gelang van modus van kommunikasie is daar toenemend verskille in lokus en tydsraam, sodat die potensiaal vir misverstand groter word:

Kontinuum:

Modus van kommunikasie

Lokus/tydsraam

'n telefoon	lokus verskil, tydsraam dieselfde
internet gespreksforums	lokus verskil, tydsraam dieselfde
'n antwoordmasjien	tydsraam en lokus verskil
'n brief, vir korrespondensie	tydsraam en lokus verskil
klankbrief ('voice mail')	taalhandelingsmoontlikheid word geskep a.g.v. boodskap ("bel my asseblief")
E-pos	lokus verskil, tyd gekompakteer

In 'n kanonieke aangesig-tot-aangesig deiktiese situasie word die boodskap onmiddellik oorgedra. Dieselfde geld vir telefoniese gesprekke en videokonferensies, wat gekenmerk word deur aaneenlopende spreekbeurte. By die ander vorme van kommunikasie is tydsverloop groter, byvoorbeeld 'n antwoordmasjien, E-pos of 'n brief, waar staatgemaak word op 'n verwagte reaksie. Hoe groter die verskille in lokus en tyd, hoe groter word die moontlikheid van misverstand.

In 'n aangesig-tot-aangesig kanonieke deiktiese diskoersraam waar die spreker aanvaar dat daar geen misverstand is nie, sal hy minimale snellers gebruik. Hy gebruik ook kontekstuele snellers soos lyftaal, gesiguitdrukking en intonasie om sy boodskap

⁴ 'n Rekenaarterm vir 'n konfigurasie van stellings wat aktief is omdat dit aangeskakel is. In hierdie dissertasie word dit gebruik om te verwys na 'n soort grondliggende konfigurasie van kennisdomeine.

sinvol oor te dra en misverstande te vermy. Vir verdere spesifisering gebruik hy maksimale snellers soos tydsadjunkte of addisionele werkwoorde.

Bo en behalwe letterlike gebeure kan taalhandelinge ook 'n ruim open vir fiksie, soos 'n grap, raaisels of limerieke, deur middel van snellers soos "Eendag...", "Kom ek vertel jou...", "Het jy al dié een gehoor?" Die snellers kom in skematiese vorm voor wat aandui dat daar van die diskoersmodus oorgegaan word na 'n fiksionele vertelling. Daar word weg beweeg van die prototipiese deiktiese konteks en 'n scenario word opgestel vir een spreker. 'n Monoloog impliseer kontinuïteit in vertelling, met die hoorder se deelname beperk tot kontinuïteitstimuleerders soos "en toe?" "wat vertel jy my!", of emotiewe uitings soos "mm", ens.

In letterkundige vorme, soos prosa, wat prototipes 'n begin, middel en einde het, of poësie en drama met hul eiesoortige struktuurkenmerke, kan die chronologie van vertelling assosiatief herskik word, wat dikwels deur die outeur vir effek uitgebuit word. Wanneer die leser of luisteraar die verloop van 'n storie bewussynmatig konstrueer, beskik hy oor 'n ingeboude meganisme om die chronologie te herstel.

Die gebeureraam vir fiksie bestaan uit generiese/skematiese elemente wat geïnvokeer word waarin die hooffiguur 'n stereotipe, 'n rolmodel of 'n atipe is met goedgedefinieëde kenmerke. Indien die hooffiguur aan verwagtinge voldoen, is dit 'n heldesaga en indien nie, is dit 'n tragedie wat die empatie van die leser moet wek. Die generiese/skematiese ruim werk met waardesisteme:

- wanneer die gemeenskapwaardes bevestig word, is dit 'n geslote teks; deur die dominante waardes te bevestig word 'n salwingseffek verkry wat doelbewus so gemanipuleer word deur die outeur (vgl. John Bunyan se *The Pilgrim's Progress*);
- wanneer die gemeenskapswaardes bevraagteken word, is dit 'n oop teks (vgl. J.D. Salinger se *The Catcher in the Rye*).

Die leesproses word 'n soort dialektiek tussen die waardes wat in die teks vervat is en die waardes wat in die leser se bewussyn bestaan. Tydens hierdie proses word 'n soort verbeeldingswerklikheid opgeroep, wat die leser se skeptisisme ophef (die sg. 'suspension of disbelief').

Die storie wat die leser of luisteraar tydens die interpretasie uit die teks abstraheer, behels (soos reeds aangedui is), 'n chronologiese skematisering of opsomming van die verloop van die gebeure in die verhaal wat die leser of luisteraar se eie waardebepalings weerspieël, met ander woorde dit bevat 'n herstelde chronologie, dit behels 'n opsomming en dit weerspieël die waardesisteem van die leser of luisteraar.

Die waarde van Cutrer (1994) se werk oor tydsverloop in diskoers

Cutrer (1994) se ondersoek is 'n belangrike deurbraak vir die beskrywing van tydsdifferensiasie aan die hand van kognitiewe beginsels. Haar werk is egter dig geformuleer en daarom nie geredelik toeganklik nie, in teenstelling met die werk van latere navorsers soos Goldberg (1995) en Mandelblit (1997). Die volgende proposisies wat in Cutrer se model opgeneem is, word van belang geag vir die verdere verloop van hierdie studie:

1. Tempus speel 'n fundamentele rol in die kognitiewe konstruksieproses as 'n meganisme vir die organisasie en bestuur van diskoers deur middel van 'n teorie van taalhandelinge.
2. Tyd as 'n deiktiese kategorie en tydsverwysingspunt is altyd aan 'n deiktiese sentrum veranker – hierdie deiktiese sentrum funksioneer as 'n Basisruim en is altyd teenwoordig, soms in 'n hoogs abstrakte hoedanigheid.
3. Daar is geen sogenaamde "sprekerlose" sinne nie: alle sinne het konteks en die beperking wat deur 'n bepaalde tydraam op die proses van betekeniskonstruksie geplaas word is dieselfde in narratiewe en nie-narratiewe kontekste.
4. Die Feit-Prediksie-beginsel maak 'n onderskeid tussen hipotetiese en feitlike domeine sodat probleme wat gewoonlik ondervind word met die interpretasie van tydrame opgelos word.

5. Tydens die proses van interpretasie word ruime en plaaslike konneksies tussen ruime gebou, en word inligting binne hierdie ruime versprei en versamel deur middel van linguistiese snellers. Bo en behalwe die tydraam deur die werkwoord aangedui kan ander sintaktiese middele soos adjunkte, setselgroepe, voegwoorde en lidwoorde ook optree as snellers vir tydsbepaling.
6. Benewens die rol van linguistiese elemente en uitdrukkings vir die konstruksie van dinkruime, word ruime ook gebou op grond van pragmatiese informasie, kartering uit ander domeine of deur middel van inferensie of 'n proses van beredenering. Die taalinsent mag die ruimkonstruksieproses onderspesifiseer sodat die betekenis van 'n uiting op verskillende maniere gekonstrueer of geïnterpreteer kan word.
7. Binne 'n bepaalde dinkruim is daar 'n sekwensie gebeurterame wat vir dieselfde tyd gemerk is; sodra 'n tydskuif plaasvind sal 'n mens 'n nuwe dinkruim oopmaak vir die nuwe tydraam.

3.3 SAMEVATTING

Die besprekings in hierdie hoofstuk kan saamgevat word teen die agtergrond van drie aannames van die Kognitiewe Retoriek (vgl. afdeling 1.4):

1. DIE NIE-DISKREETHEID VAN TAALELEMENTE: (a) Daar is geen konseptuele onderskeid tussen 'n mens se leksikale kennis en sy wêreldkennis nie. (b) 'n Lekseem se betekenis is 'n neksus konsepte in 'n netwerk lekseme wat deur individuele konsepte aan mekaar verbind word. (c) Lekseme, sinsdele en konteks vervat die konsepte wat 'n mens saambegryp wanneer hy die betekenis van 'n uiting konstrueer.
2. PROTOTIPIESHEID: (a) Leksikale kategorieë het prototipiese, minder tipiese en atipiese lede. (b) Sinselemente kan op prototipiese, minder tipiese en atipiese maniere gebruik word.
3. METAFORIESE VERBANDE TUSSEN TAALDOMEINE: (a) 'n Mens se kennis is assosiatief in betekenisdomeine, subdomeine en subsubdomeine georden. (b) 'n Mens kan 'n konkrete betekenisdomein as geheel metafories met 'n abstrakte domein assosieer om die abstrakte domein meer verstaanbaar te maak.

'n Sentrale beginsel van die kognitiewe grammatika, dat betekenis gereduseer moet word tot konseptualisasie, is benut om aan te dui dat die semantiese struktuur van 'n taal ons bewussyn van 'n fisiese, sosiale en taalkundige wêreld reflekteer. Hiervolgens word tyd metafories as ruimte herbedink.

Die houer-beeldskema is aangebied as die generiese grondslag vir die konseptuele metafoor TYD IS 'N GEBONDE RUIMTE en haar twee dogtermetafore 'N KORT TYDPERK IS DIE BUTIE-OPPERVLAK VAN 'N KLEIN GEBONDE RUIMTE en 'N TYDPERK IS 'N TYDGEVULDE BINNERRUIMTE.

Die proses van tematisering is kortliks beskryf as 'n belangrike bydrae tot die kommunikasieproses deurdat inligting neurologies geïnhibeer of deurgelaat word om 'n tema op die voorgrond te plaas en 'n fokuspunt te vestig in die diskoers tussen spreker en hoorder sodat beide gespreksgenote die diskoers kan volg sonder misverstand.

Laastens is Cutrer (1994) se model vir die ontleding van tydsverloop in diskoers bespreek inleidend tot die besprekings en ontledings in verdere hoofstukke. Die dinkruimbenadering is aangebied as 'n oplossing vir probleme wat ondervind word met die interpretasie en beskrywing van tydsbeleving in diskoers.

Hoofstuk 4:

TEORIEë EN BEGINSELS ONDERLIGGEND AAN 'N DESKRIPTIEWE RAAMWERK VIR TYDSBELEWING

4.0 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig gegee van die vernaamste teorieë en beginsels wat die deskriptiewe raamwerk onderlê wat in die volgende hoofstuk ontwikkel word. Daar word kortliks gekyk na insigte van onder andere Fauconnier (1985, 1994) en Fauconnier & Turner (1994) oor die konstruksie van dinkruime en konseptuele kartering, en Langacker (1987a, 1987b, 1991) oor konstruering en profilering. Dit dien as inleiding tot 'n bespreking aan die hand van Goldberg (1995) en Mandelblit (1997) van hoe die konstruksiegrammatika betrekking het op die ontleding van tyd.

4.1 KONSTRUERING EN PROFILERING

Die uitgangspunt wat in hierdie dissertasie gevolg word met betrekking tot semantiek inkorporeer Langacker (1987a) se fundamentele insig dat linguistiese kodering bepaal word deur die spreker se konstruering van die objektiewe situasie in die wêreld. 'n Semantiese struktuur sal nie net die inhoud van 'n waargenome situasie reflekteer nie, maar ook hoe dit deur die spreker gestruktureer en gekonstrueer word. Hiervolgens word 'n gebeurtenis beskou as bestaande uit talle subgebeure met interaksies tussen deelnemers waarvan slegs 'n paar eksplisiet in 'n sin uitgedruk word, sodat 'n spreker 'n bepaalde struktuur sal kies vir 'n gegewe situasie na gelang van aspekte soos gesigspunt, aandagspan, figuur-en-grond-organisasie, asook die graad van skematisering van gedetailleerdheid waarteen 'n gebeurtenis gekonstrueer word.

Profilering verwys na die kognitiewe gesigspunt as dit wat in werklikheid deur die semantiese struktuur van 'n uiting toegelig word. Die gedeelte wat geprofileer word, is gewoonlik 'n substruktuur binne 'n meer algemene konseptuele struktuur sodat die

geprofileerde entiteit 'n spesiale graad van prominensie verkry. Verskille in profilering kom ooreen met die graad van aandag wat aan 'n bepaalde objek gegee word. Afhangende van hoe 'n mens 'n gebeurtenis konstrueer, kan 'n pen byvoorbeeld as doener gekonstrueer word, soos in:

die pen rol

of as pasiënt, soos in:

die man rol die pen.

Indien 'n mens daarbenewens agtergrondelemente van die gebeurtenis as deel van die gebeurtenis konstrueer, kan tyd en plek as deel van die gebeurtenis gekonstrueer word, soos in:

die man rol die pen daardie aand in die studeerkamer oor die tafel.

4.2 DINKRUIME EN KONSEPTUELE KARTERING

Daar is in die vorige hoofstukke reeds aangedui dat die teorie van dinkruime soos deur Fauconnier (1985) en Fauconnier (1991), Cutrer (1994) en Turner (1994, 1996) ontwikkel, 'n verklaring gee vir hoe 'n mens konsepte assosiatief integreer, en dat Mandelblit (1997) dié teorie toepas om te verklaar hoe 'n mens tyd konsipieer tydens die interpretasieproses. Die konsep van dinkruime kan soos volg beskryf word: ons stel dinkruime op wanneer ons oor enigiets dink en ons struktureer en verbind dit na aanleiding van grammatika, konteks, en kultuur. Elke ruim verteenwoordig 'n konseptuele domein ('n gebeure in tyd, 'n lokaliteit, ensomeer) wat sy struktuur erf vanuit die konteks en bestaande kognitiewe modelle (wat prototipiese wêreldkennis verteenwoordig). Deur middel van 'n konseptuele vermenging van ruime ('n aspek wat verderaan meer volledig bespreek word) word metaforiese kartering oor verskillende domeine van ervaring heen bewerkstellig. Hierdie vermenging is onderliggend aan linguistiese metaforiese uitdrukkings en fenomene soos polisemie en leksikale betekenisuitbreidings, asook studies oor metonimie waar twee aspekte van 'n objek konseptueel en taalkundig op mekaar gekarteer word (Lakoff & Johnson 1980; Lakoff & Turner 1989; Sweetser 1990).

Die rol wat grammatika speel in die konstruksie van uitgebreide ruime en die konseptuele kartering oor ruime heen is belangrik (vgl. Goldberg 1995). Grammatikale konstruksie tree op as minimale snellers vir die opstel van konseptuele strukture en uiteindelik vir die interpretasie van 'n uiting. Dit laat toe dat verskillende projeksies, kategorietoewysings en ruimkonfigurasies in gegewe situasies lokaal geaktiveer word.

In hierdie dissertasie word die kognitiewe bewerkings wat plaasvind by taalprosessering, gerig deur grammatikale konstruksies, as 'n sentrale komponent vir die interpretasie van diskoers beskou. Daar sal aangetoon word dat alledaagse leksikale items as snellers optree vir komplekse mentale bewerkings in sinne waar betekenis op die oog af eenvoudig lyk. 'n Vername aspek van die dinkruimbenadering is dat konseptualisasie nie staties of permanent is nie. Die vermoë om analogiese kartering te projekteer en uit te voer word gesien as 'n sentrale komponent van die vermoë om taal te konsipieer en te prosesseer.

4.3 SINSTRUKSIES AS DRAERS VAN SKEMATIESE SEMANTIESE INFORMASIE

Die standaardbenadering oor die verwantskap tussen vorm en betekenis kan kortweg soos volg gestel word: die struktuur van 'n sin is op sigself betekenisvry en berus op leksikale kategorieë wat hiërargies in bepaalde sintagmas georden is. Die betekenis wat 'n sin oordra, is gesetel in die spesifieke lekseme wat gebruik word. Volgens dié benadering kan sinstrukture dus gesien word as 'n betekenisvrye algoritme wat betekenisvolle lekseme dra. Omdat strukture algoritmes is, vorm sinspatrone soos $[NS^{SUBJ} + W^{OOR} + Obj^{DIR}]$ die grondslag vir 'n verskeidenheid stellings soos:

die man skiet die bok.

die seun skryf 'n opstel.

die orkaan verwoes die dorp.

In teenstelling met hierdie benadering wat 'n indirekte verwantskap veronderstel tussen struktuur en betekenis, poneer eksponente van die kognitiewe grammatika (en konstruksiegrammatika as onderdeel daarvan), 'n veel hefter verwantskap tussen

struktuur en betekenis. Hulle benadering behels dat elke sinspatroon uiters skematiese (algemene) betekenis dra, wat daaraan die valensiepotensiaal verleen om spesifieke betekenisvolle lekseme te akkommodeer.

Die skematiese betekenis wat in die sintagma $[NS^{SUBJ}]$ vervat is, is dat dit 'n kompakte, begrensde entiteit moet wees met die potensiaal om aktief op te tree. Die skematiese betekenis wat in $[W^{OOR}]$ vervat is, is dat dit interaksie tussen twee partye uitdruk waarvan die een party die ander een kousaal domineer. Die skematiese betekenis van $[Obj^{DIR}]$ is dat dit 'n party moet wees wat passief tydens die interaksie domineerbaar is. Sintaksis gooi dus die semantiese skaduwee van die entiteite wat deur die sin se lekseme uitgedruk word.

4.4 DIE METAFORIES-INNOVERENDE GEBRUIK VAN SINSKONSTRUKSIES

'n Verdere insig van die kognitiewe grammatika, met die konstruksiegrammatika soos deur Goldberg (1995) ontwikkel as onderdeel, is dat bepaalde sinspatrone deur middel van metaforiese verbreiding innoverend gebruik kan word om insigte oor te dra. So word die oorganklike patroon vir eiendom wat van eienaar verwissel –

$$[NS^{SUBJ/AGENT, EIGENAAR} + W^{BEWEGING} + NS^{OBJ. DIR./BEVOORDEELDE PASIËNT}]$$

gebruik om te sê: “die man gee die seun ‘n boek” en metafories verbreid om te sê: “die seun gee die meisie ‘n soen”, waar die soen as geskenk gesien word.

Goldberg sien die metafories-innoverende gebruik van die oorganklike konstruksie as grondslag vir 'n sinspatroon wat sy die veroorsaakte beweging-konstruksie ('Caused Motion Construction'¹) noem. Oorganklike handelinge is oorganklik omdat daar 'n oorsaaklike (kousale) verwantskap bestaan tussen die doen en late van 'n aktiewe party, die agent, en die effek wat die handeling het op 'n passiewe party, die pasiënt. 'n Sin soos:

die perd trippel in die stal in

is onoorganklik omdat die handeling nie-kousaal is. 'n Sin soos:

die afrigter lei die perd die stal in

is oorganklik omdat die afrigter 'n oorsaaklike handeling uitvoer. Deur middel van konseptuele vermenging, waar –

die afrigter lei die perd die stal in

as bronruim, geprojekteer word op –

die perd trippel in die stal in

as teikenruim, word die vermengingsruim verstaan as –

die afrigter trippel die perd die stal in.

Die metafories-innoverende gebruik van die veroorsaakte beweging-konstruksie beïnvloed die temporaliseringspotensiaal van werkwoorde. Die onoorganklike werkwoord *trippel* word as iteratief verstaan, want dit slaan op voortdurende beweging wat in herhalende kleiner sekwensies of fases waargeneem word. Wanneer die setselgroep *in die stal in* egter saam met *trippel* gebruik word, word dié gebeurtenis gelykertyd ruimtelik en temporeel begrens omdat 'n mens verstaan dat die iteratiewe prosesse eindig wanneer die perd in die stal is.

Die deeltjies van sommige deeltjiewerkwoorde begrens eweneens hoe ons die duur van handeling verstaan. Die onoorganklike werkwoord *drink*, soos in:

hy drink heel aand al bier

word as duratief verstaan. Wanneer die setselagtige deeltjie *uit* saam met die werkwoord *drink* gebruik word, soos in:

hy drink die glas bier uit

word die totstandkomende deeltjiewerkwoord *uitdrink* as 'n gebeurtenis van kortstondige duur verstaan.

¹ Goldberg (1995) se veroorsaakte beweging-konstruksie kom ooreen met aspekte van Ponelis (1979) se komplementkonstruksies, hoewel laasgenoemde op veel meer slaan as net veroorsaakte beweging.

'n Mens sal die beginsels van konseptuele vermenging eweveel kan toepas as verklaring vir hoe 'n mens sulke bestekbegrensende werkwoorde verstaan. Die gebeurtenis van *hy drink die bier* en *die bier is uit die glas uit* word geïntegreer na die vermengde ruim *hy drink die bier uit*.

4.5 WERKWOORDKLASSE

Goldberg (1995:126-135) verwys na Pinker (1989) se klassifisering van werkwoorde in die volgende semantiese klasse, wat gebaseer is op prototipiese oorganklike konstruksies waar die objek 'n ontvanger of voornemende besitter is:

Werkwoorde van oorhandiging: *gee, verkoop, leen, dien, voed*

Werkwoorde met oombliklike oorsaak van ballistiese beweging: *gooi, klap, steek, skiet*

Werkwoorde van versending: *stuur, verskeep, pos*

Werkwoorde van voortgesette kousaliteit of gepaardgaande beweging in 'n deiktiese gespesifiseerde rigting: *gee, neem*

Werkwoorde van toekomstige besit: *belowe, allouer, toeken, reserveer*

Werkwoorde van gekommunikeerde boodskap: *vertel, wys, vra, leer, skryf*

Werkwoorde van instrument tot kommunikasie: *E-pos, telegrafeer, telefoneer, faks*

Skeppingswerkwoorde: *maak, bak, bou, kook, brei*

Werkwoorde van verkryging: *kry, koop, vind, steel, bestel, wen*

Die Afrikaanse werkwoorde van beweging (Zulu 1996, Klopper 1998) gebaseer op Talmy (1985) se skema vir Indo-Europese tale [BEWEEG + OORSAAK/WYSE VAN BEWEGING] val in twaalf subpatrone uiteen waarin die agent, as die primêre figuur, die aktiewe, energiegewende en gebeurebeherende entiteit is en die pasiënt, as die sekondêre figuur, 'n passiewe, energie-absorberende entiteit.

Goldberg wys daarop dat dit nie altyd duidelik is om te bepaal in watter klas 'n werkwoord val nie, aangesien daar sekere subklasse is wat nie produktief ingedeel kan word nie, en verder dat daar uitsonderings is waarvoor nie in 'n eng gedefinieerde klassifikasie, soos dié hierbo, voorsiening gemaak is nie. Hierdie dilemma kan opgelos

word indien werkwoordklasse gesien word as veralgemenings deur die spreker na aanleiding van interne klassifikasies wat reeds neurologies gemaak is. Aangesien geheue assosiatief werk, kan verwante werkwoorde wat gereeld in dieselfde konstruksies gebruik word, saam geklassifiseer word deur middel van 'n algemene proses van kategorisering. Ooreenstemmende werkwoorde word in semanties verwante klusters, wat gereeld in sekere konstruksies gebruik word, in die mens se assosiatiewe geheue gegroepeer. Nuwe of voorheen ongeklassifiseerde werkwoorde word deur bestaande klusters aangetrek op die basis van ooreenkoms met reeds bestaande gevalle. Hierdie klassifikasies berus op die mens se agtergrondkennis en sy vermoë om 'n versoening te bewerkstellig tussen betekenisryke nuwe informasie en gevestigde informasie. Sintaktiese patrone is instansies van dié versoening wat op die agtergrond as figuur-en-grond-gestalt gegroepeer is.

4.6 DIE INTEGRERING VAN SINTAKTIESE EN SEMANTIESE INFORMASIE DEUR MIDDEL VAN DINKRUIME

Mandelblit (1997) ondersoek die kreatiewe en skematiese aspekte van werkwoordelike patrone en sin-generering in Engels en Hebreeus as 'n proses van grammatikale vermenging. Na aanleiding van Fauconnier & Turner (1994) se werk oor konseptuele vermenging gaan sy van die standpunt uit dat enige sisteem wat selfs die mees eenvoudige kognitiewe bewerkings vereis, geweldige hoeveelhede agtergrondkennis verg. Die interpretasie van taalitems en die generering van nuwe sinskonstruksies word gemotiveer deur 'n proses van konseptuele integrasie van dinkstrukture, waartydens agtergrondskennis die vorming en integrasie van konsepte fasiliteer wat kombinasies van linguïstieke vorme as morfologiese en sintaktiese strukture moontlik maak.

In haar ondersoek na werkwoordelike patrone in Hebreeus beklemtoon Mandelblit veral die konseptuele prosesse wat die generering en interpretasie van klouse onderlê en die pragmatiese rol van morfologiese en sintaktiese merkers in sinvorming. Sy beskou Goldberg (1995) se veroorsaakte beweging-konstruksie as die enkele sentrale konseptuele skema van oorsaaklikheid/kousaliteit wat die semantiek en gebruik van werkwoorde beheers. Verskillende aspekte van dié generiese kousatiewe skema word

vermeng met sintaktiese konstruksies, en die rol van die onderskeie werkwoorde is om die formele markering van die vermengingsproses te registreer:

Generiese kousaliteit = Veroorsaakte beweging
Afgelei van die argumentstruktuur van werkwoorde van beweging




Iemand doen iets aan/vir iemand anders, soos skop, stoot, gooi
vermeng met
die sintaktiese konstruksie [Subjek Werkwoord Objek₁ Objek₂]



Werkwoordpatrone is die formele markering van die vermengde bewerking

Volgens Mandelblit (1997) kom Goldberg (1995) se veroorsaakte beweging-konstruksie daarop neer dat sintaktiese patrone geassosieer word met semantiese skemas wat basiese gebeuretypes definieer. Deur middel van die proses van konseptuele vermenging word eerstens semantiese inhoud gegee aan 'n sinskonstruksie bo en behalwe en onafhanklik van die semantiese inhoud van die konstruksie se leksikale items, en tweedens gee dit aanleiding tot nuwe komplekse gebeuresekwensies wat as 'n enkele basiese gebeurestruktuur gekonsipieer word. Mandelblit beskryf die proses van grammatikale vermenging aan die hand van Goldberg (1995) se voorbeeldsin *Jan nies die servet van die tafel af*, wat 'n kousale gebeuresekwensie voorstel:



Figuur 2: Konseptuele vermenging van *Jan nies die servet van die tafel af*

Die gebeuresekwensie in Insetruim 1 is saamgestel uit twee subgebeure: die kousale subgebeurtenis (*Jan nies*), en die geaffekteerde subgebeurtenis (*die servet val van die tafel af*). Die twee subgebeure word gekoppel deur 'n kousale predikaat, wat beskryf kan word as 'n generiese kousale skema waar die deelnemers in die tematiese rolle van agent en pasiënt geplaas kan word, of predikaatkategorieë soos handeling en beweging.²

² 'n Verdere perspektief op kousaliteit is dié van Swanepoel (1998). Hy stel "'n geïdealiseerde kognitiewe model van kousatiwiteit (GKMK)" voor vir die ontleding van kousaliteit op die semanties-konseptuele vlak, die vlak van raamspesifieke interpretasie, die pragmatiese vlak en die sintaktiese vlak.

Insetruim 2 is 'n skematiese uiteensetting van die veroorsaakte beweging-konstruksie met die sintaktiese vorm [NS W NS SG]. Die generiese konseptuele semantiese struktuur wat daarmee geassosieer word (n.a.v. Goldberg 1995) is "'n agent doen iets wat die beweging van 'n pasiënt veroorsaak of beïnvloed", 'n konstruksie wat uit die argumentstruktuur van prototipiese leksikale werkwoorde van beweging, soos *gooi* of *stoot*, ontwikkel het. Die semantiese inhoud gekoppel aan die verbale grammatikale rol integreer 'n kousale gebeuresekwensie deur 'n agent se handeling, 'n beïnvloede beweging, en kragdinamiese oorsaaklikheid te denoteer. Die spreker voeg die twee strukture saam sodat die hele waargenome veroorsaakte beweging-sekwensie deur middel van 'n enkele sintaktiese konstruksie (die veroorsaakte beweging-konstruksie) uitgedruk word. In die vermengde ruim (ruim 3) word die werklike sin, soos wat dit in taal voorkom, vervat.

Die volgende beginsels geld by die proses van konseptuele vermenging:

Beginsel 1: Slegs rolle wat semanties versoenbaar is, kan op mekaar gekarteer word.

Beginsel 2: Wanneer twee deelnemers in die gekonsipieerde gebeure (Insetruim 1) dieselfde semantiese rol instansieer, en daar is slegs een ooreenstemmende gleuf in die integrerende konstruksie (Insetruim 2), dan sal die mees tipiese instansie van die rol (van die twee deelnemers) op die integrerende konstruksie karteer. In die diagram, byvoorbeeld, is daar twee deelnemers met die rol van agent in die gebeure (die agent wat die gebeure beïnvloed en die agent wat die gebeure veroorsaak), en slegs een agentrol in die integrerende konstruksie. Aangesien 'n prototipiese agent iemand is wat die inset-energie verskaf vir 'n gebeure (Langacker 1991b), word die agent wat die gebeure veroorsaak (en wat ook die inset-energie voorsien vir die hele komplekse kousale sekwens) op die agentrol van die integrerende konstruksie gekarteer, eerder as op die agent van die beïnvloede gebeure.

Beginsel 3: Geen deelnemer in die gekonsipieerde gebeuresekwens kan op meer as een semantiese rol in die integrerende konstruksie karteer nie.

Die proses van vermenging in die veroorsaakte beweging-konstruksie behels twee gesigspunte: dié van die spreker en dié van die hoorder. Die spreker neem 'n werklike gebeurtenis of 'n gebeurtenis waar wat uit sy herinneringe herroep word, en formuleer op grond daarvan dit wat hy aan die hoorder wil *kommunikeer*. Die waargenome gebeurtenis het 'n sekere organisasiestruktuur wat nie noodwendig 'n refleksie is van 'n objektiewe werklikheid nie, maar eerder 'n refleksie is van die spreker se subjektiewe konsep van die gebeurtenis. Die spreker beskik ook oor onafhanklike kennis van grammatikale konstruksies wat elk 'n basiese sintipe verteenwoordig (Chomsky 1957 se kernsinne; Lakoff 1987 se basiese sinne), wat geassosieer word met 'n generiese gebeurtenis (Goldberg 1995). Die spreker kies 'n sintaktiese patroon (die basiese klousstruktuur) met 'n geassosieerde semantiese skema wat korreleer met die generiese struktuur van die waargenome gebeurtenis. Wanneer korrelasie suksesvol is, vermeng die spreker die twee konseptuele strukture (en die geassosieerde linguistiese strukture) om die werklike sin wat gekommunikeer moet word (die vermenging) te genereer (die term *genereer* verwys in die kognitiewe grammatika na die vorming van 'n sin vanuit 'n onderliggende konseptuele struktuur).

Die hoorder *interpreteer* die uiting/vermenging deur middel van 'n proses wat Mandelblat terugwerkende vermenging noem. Die hoorder moet die waargenome gebeurtenis rekonstrueer deur 'n moontlike gebeuresekwensie en 'n moontlike grammatikale kartering te vind wat sal lei tot die sin wat deur die spreker gegenereer is. Die werklike konseptuele prosessering van 'n gebeurtenis is veel kompleks as wat in die diagram vervat is. Sprekers konstrueer outomaties 'n gebeuresekwensie deur middel van bykomende informasie uit agtergrondkennis van kognitiewe modelle en scenario's uit die verlede wat in die langtermyngeheue geberg is (sien hoofstuk 3 oor die rol van geheue by konsepvorming). In die voorbeeldsinne word 'n spesifieke wyse van beweging amper outomaties afgelei alhoewel niks in die uiting, die leksikale items of die argumentstruktuur hierdie informasie verskaf nie:

Jan nies die servet van die tafel af.

Die gehoor lag die arme man uit die vertrek uit.

Die hoofwerkwoord in elke sin gee informasie oor die *kousale* gebeurtenis, waaruit die hoorder outomaties 'n bepaalde *tipe beweging* aflei – die werkwoord *nies* het die basiese betekenis van “krampagtig lug uit die neus stoot”; omdat dit kousaal bygedink word, kry dit 'n oorganklike betekenis met die implikasie *iets val van iets af*. Die werkwoord *lag* het die basiese betekenis “om vrolike geluide te maak”, en word kousaal bygedink met die implikasie *iets gaan weg van iets anders af*. 'n Bepaalde kousale relasie word op elke interpretasie van toepassing gemaak. Die oorsaaklike gebeuresekwensie deur die werkwoord *nies* aangedui, het prototipies lug as oorsaak, en by *lag* prototipies 'n komplekse kousale koppeling van sosiale en emosionele kragte.

Die samevoeging van konstruksies en leksikale items word beskryf as 'n proses van fusie: vir Goldberg (1995) vind fusie plaas tussen 'n werkwoord met 'n argumentstruktuur en 'n sintaktiese konstruksie, vir Mandelblit (1997) tussen die waargenome gebeurtenis as 'n geheel en 'n integrerende sintaktiese konstruksie. Leksikale items verteenwoordig verskillende aspekte van die waargenome gebeurtenis, maar is nog geensins 'n finitiewe linguistiese konstruksie nie. Die uiting word slegs deur middel van die vermengingsproses gegenereer.

In hierdie dissertasie word 'n sinskonstruksie ontleed as 'n proses van fusie – die sintaktiese struktuur gee die skematiese patroon waarbinne betekenisvolle lekseme deur middel van 'n proses van konseptuele integrering gekombineer word. In hoofstuk 6 kom die proses van konseptuele vermenging weer ter sprake by die ontleding van die poësietekst *Dennebol* in hoofstuk 6.

4.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n oorsig gegee van die teorie van dinkruime soos deur Fauconnier (1985) en Fauconnier en Turner (1994,1996) ontwikkel as 'n verklaring vir hoe 'n mens konsepte assosiatief integreer en daar is aan die hand van Langacker (1987a, 1987b, 1991) gewys op die rol wat konstruering en profileringspeel by die proses van interpretasie. Daar is aangetoon dat Mandelblit (1997) dié teorieë toepas om te verklaar hoe 'n mens tyd konsipieer tydens die interpretasieproses deur die opstel van konseptuele

dinkruime, wat elk 'n konseptuele domein verteenwoordig. Deur middel van 'n konseptuele vermenging van ruime word metaforiese kartering oor verskillende domeine van ervaring heen bewerkstellig wat ons koppel en struktureer na aanleiding van konteks en kultuur. Die belangrike rol wat grammatika speel in die konstruksie van uitgebreide ruime en die konseptuele kartering oor ruime heen is aangetoon deur te verwys na Goldberg (1995) se teorie oor veroorsaakte beweging, waarvolgens grammatikale konstruksie optree as minimale snellers vir die opstel van konseptuele strukture en uiteindelik vir die interpretasie van 'n uiting.

In die volgende hoofstuk word hierdie beginsels gebruik vir die ontwikkeling van 'n ontledingsraamwerk wat nie net vir alledaagse taalgebruik geld nie, maar ook op 'n fiksionele narratiewe teks toegepas kan word.

Hoofstuk 5:

'N ONTLEDINGSRAAMWERK VIR DIE BESKRYWING VAN TYDSBELEWING IN DISKOERS

5.0 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n ontledingsraamwerk ontwikkel vir die beskrywing van tydsbeleving in diskoers aan die hand van die beginsels wat in die vorige hoofstuk uiteengesit is. Taal word as 'n kommunikasieraam beskryf waarbinne 'n spreker en 'n aangesprokene hulle aandag op 'n gemeenskaplike tema moet fokus sodat diskoers sonder misverstand kan plaasvind. Die diskoers tussen gespreksgenote word beskryf as 'n spektrum van taalhandelinge waarin die gespreksgenote versamelings kennis deel oor aspekte soos plek, tyd, okkasie, die intrinsieke kenmerke van dinge en prosesse, die tipe gebeurtenis waaroor gepraat word en die semantiese kenmerke betrokke by oorsaaklikheid en intensionaliteit. Hierdie kennis word in die vorm van episteme rame deur die brein beskikbaar gestel as 'n taalhandelingsraam, 'n staatraam en 'n gebeureraam, wat deur middel van 'n vermengingsproses as 'n taaluiting gekonstrueer word.

5.1 KOMMUNIKASIE AS 'N RAAMWERK WAARBINNE DISKOERS PLAASVIND

Die basiese vorm van kommunikasie word beskou as 'n gesprek tussen twee partye. 'n Sentrale aanname van die deskriptiewe raamwerk wat ontwikkel word, is dat die vestiging van 'n fokuspunt in die diskoers tussen spreker en hoorder die grondslag vorm van enige taalhandeling – deur middel van fokussering word 'n taalhandeling in werklike diskoers met die kognitiewe basis van diskoers gekoppel sodat beide gespreksgenote die diskoers kan volg sonder misverstand.

Hieruit volg dit dat taal binne die kommunikasiegrondslag in sy mees basiese vorm as 'n taalhandelingsraamwerk geïnstansieer word. In teenstelling met die

tradisionele beskouing word betekenis nie gelykgestel aan waarheidsvoorwaardes nie, maar aan die inhoud van die taalhandeling tussen 'n spreker en hoorder. Beeldskemas word beskou as die grondslag vir konsepte wat met mekaar geassosieer word; hierdie konsepte word dan weer met 'n bepaalde klanksekwensie geassosieer om as 'n lekseem die simboliese inhoud te vorm. Hierdie proses is dikwels nie logies nie. Sekere aspekte van 'n komplekse gebeurtenis word konseptueel geïntegreer en in taal uitgedruk deur middel van taalkonvensies wat op sigself taamlik gevestig is, maar steeds genoeg vryheid aan die spreker laat om te besluit op watter aspek van 'n gebeurtenis hy wil fokus en hoe hy die gebeurtenis wil struktureer as 'n uiting. Prototipiese scenario's is belangrik omdat die interpretasie van 'n sin dikwels groter is as die semantiese inhoud van sy dele – binne 'n gestalt-raamwerk behels interpretasie die imposisie van denkstrukture op insetpatrone uit die teks- of spraakomgewing wat reeds deur vorige interaksie met hierdie omgewings vasgelê is.

Ten einde te bepaal wat in die brein aan die gang is, moet werklike taalgebruik in plaas van abstrakte entiteite van grammatika en betekenis ontleed word, aangesien dieselfde onderliggende bewerkings sowel hoogsgestruktureerde as kreatiewe aspekte van taal onderlê. Vasgelegde en kreatiewe vorme van linguistiese vermenging lê op 'n kontinuum, waar nuwe vermengings met gereelde gebruik as konvensioneel gevestig kan raak. Hierdie proses kan vergelyk word met die sogenaamde “dooie” en “kreatiewe” metafore in Lakoff (1987a, 1987b) (vgl. ook Lakoff & Johnson 1990; Lakoff 1993; Mandelblat 1997) se teorie oor metaforiek: metafore behels 'n konseptuele begrip van een domein van ervaring in terme van 'n ander, baie verskillende domein van ervaring. Alhoewel konvensionele of dooie metafore statiese ooreenkomste toon met ons konseptuele sisteme, beteken dit nie dat hierdie statiese ooreenkomste nie gebruik kan word vir die uitbreiding van dooie metafore tot kreatiewe metafore nie.

By taalhandelinge is die vertrekpunt dat daar drie tipes entiteite moet wees: 'n spreker, 'n aangesprokene en 'n gemeenskaplike tema wat pragmatiese elemente soos tyd, plek, ens. onderlê. 'n Sin bestaan uit 'n tema en nuwe informasie, met die tema-

informasie altyd eerste in die sin sodat die gespreksgenote dadelik kan bepaal waaroor hulle kommunikeer en dat die tema van die gesprek nog nie verander het nie.

Die verskillende sprekers neem spreekbeurte om nuwe informasie oor dieselfde tema uit te ruil, sodat almal op dieselfde referent fokus en deiktiese verankering plaasvind. Deiksis vereis konsentrasie van die gespreksgenote (vgl. Deane 1992), en is 'n belangrike element vir die vestiging van 'n tema:

- deiksis is intak wanneer aanpassing of oorskakeling na 'n nuwe tema moontlik is namate nuwe informasie opbou,
- deiksis breek wanneer spreekbeurte ontbreek,
- die prioriteit is om een gepaste tydskaal met 'n ander gepaste tydskaal te koppel.

Waar deiktiese elemente intak is, word sekere inligting geko-aktiveer; dit word neurologies beskikbaar gestel en sodoende toeganklik gemaak. Waar deiksis breek, word inligting nie neurologies geaktiveer nie. Gesprekstrategieë is nodig om aan te dui dat die gespreksgenote oor dieselfde tema praat, en die aandag bly gefokus deur bevestiging. Verdere gesprekstrategieë is nodig om nie alleen die fokus te verskuif na 'n nuwe tema nie, maar ook om die fokus in die werklike diskoers met die kognitiewe basis van die diskoers te koppel.

Taal kan dus eerstens beskryf word as 'n kommunikasieraam met vorme van kennis wat as versamelings kennis enkel en geïntegreerd deur die brein beskikbaar gestel word, en tweedens as die primêre vorm van kommunikasie tussen 'n spreker en 'n hoorder/aangesprokene. Voordat die gespreksgenote 'n sinvolle gesprek kan voer, moet hulle 'n versameling kennis deel oor die onderwerp, die soort diskoers soos 'n toespraak, 'n lesing, 'n afspraak wat nagekom word of 'n intieme geselsie, en onderlinge rolle en status van die gespreksgenote soos kollegas, gereelde/toevallige kennisse of vreemdelinge. So 'n diskoers omvat die volledige spektrum van taalhandelinge soos begroetings, vrae, bevele, versoeke en uitroepe, asook stellings met betekeniswaardes


soos beloftes, voorspellings, tereg wysings, skimpe, beskrywings en komplimente. Binne die kommunikasieraam geskied fatiese kommunikasie in fases:

Fase 1 : begroetings met die boodskap “ek is bewus van jou”;

Fase 2: ‘n samehangende gesprek met die vestiging van ‘n tema, waartydens beide gespreksgenote fokus op die begin van die uiting. Na aanleiding van snellers in die diskoers verskuif die tema na die einde van die uiting sodat ‘n nuwe tema gevestig word. Die deelnemers se agtergrondkennis vorm deel van die kommunikasieraam.

5.2 HOE DINKRUIME GEBRUIK WORD OM BETEKENIS EN STRUKTUUR TE INTEGREER

‘n Uiting word geprosesseer deur middel van ‘n tema plus nuwe informasie, en elke tipe diskoers het sy eie voorwaardes met diskoersrolle en status wat uitgeruil word afhangende van die gespreksgenote. Informasie word in die brein beskikbaar gestel tydens interaksie tussen die spreker/aangesprokene in die vorm van ‘n taalhandelingsraam, ‘n staatraam en ‘n gebeureraam. Hierdie rame is kennisrame/epistemiese rame waarbinne die tema plus nuwe informasie gevestig word, ‘n verandering in gesprekstema beskryf word in terme van ‘n staat of toestand, en die aard van die staatverandering aangedui word. Elke raam verteenwoordig ‘n soort kennis wat byeengedink word as ‘n gekonsepieerde sekwens van gebeure met prototipiese kenmerke, soos die prototipiese oorsaaklike struktuur “X doen iets aan/beïnvloed Y”. Deur middel van ‘n vermengingsproses word die gebeuresekwensie as ‘n werklike (fonologiese) taaluiting in ‘n vierde ruim gekonstrueer:



5.2.1 DIE TAALHANDELINGSRAAM

'n Uiting, as 'n taalhandeling, bestaan uit die volgende basiese informasie-eenhede:

- 'n Temakomponent aan die begin van die uiting en 'n nuwe informasiekomponent aan die einde van die uiting:

[UITING [TEMA *my vriend, Jan*] [NUWE INFORMASIE *het kom kuier*]

- Die spreker stel die tema bekend deur dit onbepaald as nuwe informasie te merk. Nuwe informasie wat onbepaald gemerk is, vorm die fokus van aandag vir die gespreksgenote:

daar is iemand by die deur...

'n man het jou kom soek...

iets wat my irriteer, is...

baie mense aanvaar dat...

[^{UITING} [^{TEMA} 'n vriend van my, Jan] [^{NUWE INFORMASIE} het kom kuier].

- Wanneer die spreker meen dat al die gespreksgenote se aandag op dieselfde tema gevestig is, merk hy die tema as bepaald en sein sodoende aan die ander gespreksgenote dat die fokus van aandag vanaf die tema aan die begin van die uiting verskuif na die nuwe informasie aan die einde van die uiting.
- Die bepaalde markering van die tema dien dus as sneller vir die gespreksgenote om hulle aandag op nuwe informasie te fokus.
- Elke gespreksgenoot wat nuwe informasie wil bydra tot die tema, neem 'n spreekbeurt.
- Indien die gespreksgenoot die tema wil verander, doen hy dit deur informasie aan die begin van sy uiting onbepaald te merk.

Die tema as die Basisruim borg die scenario en tydraam en plaas beide tempus en aspek in die temaposisie deur middel van profilering. By verledetydskonstruksies word die prototipiese patroon verwag: die patroon is reëlmatig en informasie oor tempus en aspek is geredelik beskikbaar vir die hoorder/dekodeerder:


Ek het gister 'n koppie koffie gedrink

[het ge+] is die primêre sneller, met die tydsadjunk gister as sekondêre sneller

By 'n atipiese patroon moet daar egter 'n duidelike markeringsstrategie wees sodat daar geen misverstand sal wees oor die interpretasie van die tydruimte nie:

Gister drink ek toe 'n koppie koffie.

Vanuit 'n sintaktiese oogpunt funksioneer die tema/predikaat as meganisme om die tema aan die begin van die sin te vestig. Gesprekstrategieë is nodig om aan te dui dat die gespreksgenote oor dieselfde tema praat, en die aandag bly gefokus deur bevestiging. Verdere gesprekstategieë is nodig om nie alleen die fokus te verskuif na 'n nuwe tema nie, maar ook om die fokus in die werklike diskoers met die kognitiewe basis van die diskoers te koppel¹:



bepaald ←————— onbepaald
Tema verskuif van onbepaald na bepaald

Vanuit 'n neurologiese oogpunt funksioneer die tema/predikaat as meganisme om die tema te behou. Ten einde die tema te verander word agtergrondinformatie neurologies geaktiveer sodat 'n verskuiwing in fokus en gesigspunt plaasvind. Die kenmerke van die inhoud bepaal watter tema op die voorgrond geplaas word, terwyl die

¹ Ponelis (1979:20) lê 'n verband tussen onbepaalde verskuiwing en die graad van prominensie wat 'n tema in 'n uiting vervul.

figuur-en-grond-gestalt as 'n kognitiewe beginsel die onderlinge verbondenheid van die elemente bevestig.

Die figuur-en-grond-gestalt as grondslag vir die konsipiëring van nuwe en bekende informasie

Entiteite wat deel vorm van nuwe gebeure word tydens konsepvorming met verskerpte konsentrasie waargeneem sodat die waarnemer van allerlei detail bewus word. Alledaagse gebeure word egter met verminderde konsentrasie as 'n ongedetailleerde geheelbeeld of gestalt waargeneem totdat die een of ander faktor, soos die veranderende / veranderde voorkoms of gedrag van entiteite die waarnemer noop om sulke entiteite met verskerpte konsentrasie, bewus van allerlei detail, waar te neem en te beskryf. Die gedetailleerde konseptualisering van entiteite het derhalwe telkens 'n gestalt as grondslag. Klopper (1997c) verwys na die basiese gestalt vir die werkwoorde van beweging met die figuur as 'n beweeglike entiteit op die voorgrond, wat klein en kompakter as groot en verspreid is, soos in:

[FIGUUR *Die arend sweef*] [GROND *oor die vlakte*].

Die gedeelte wat geprofileer word, is normaalweg 'n substruktuur binne 'n meer algemene konseptuele struktuur wat 'n spesiale graad van prominensie verkry. Verskille in profilering kom ooreen met verskille in kognitiewe aandagspan (Langacker 1987a).

Tempus

'n Mens se persepsie van enige proses is dat dit aan die gang is, dat dit nog moet plaasvind of dat dit reeds afgehandel is, sodat ons verlede, hede en toekoms kan onderskei. Finer tydsonderskeide laat ons toe om te onderskei tussen twee afgehandelde gebeurtenisse, of waar die een gebeurtenis voor die ander een plaasgevind het, of twee verwagte gebeurtenisse wat op mekaar gaan volg. Hierdie tydsonderskeide is in die praktyk toetsbaar: 'n gebeurtenis is besig om te gebeur, dit is afgehandel, of gaan nog plaasvind. Tempus kan dus beskryf word as 'n spesifieke gebeurtenis wat op 'n

spesifieke tydstip voltrek word. Informasie oor tempus word pragmaties beskikbaar gestel binne die taalhandelingsraam en word sintakties vergestalt –

- as die hoofwerkwoord,
- as 'n skakelwerkwoord plus hoofwerkwoord, of
- 'n tydadjunk plus skakelwerkwoord plus hoofwerkwoord.

Aspektuele onderskeide, wat die duur of frekwensie van handeling aandui, vorm deel van die staatraam.

Modaliteit

Modaliteit verwys na 'n mens se persoonlike, subjektiewe intuïesies oor bedoelinge soos noodwendigheid, noodsaaklikheid, moontlikheid of afdwingbaarheid. Sweetser (1990: 51-75) beskryf modaliteit in terme van kragte en grense wat prototipies op die fisiese omgewing inwerk, maar wat ook na die interne geestelike wêreld oorgedra kan word, sodat ons 'n metaforiese begrip kan vorm van ons interne intellektuele en sielkundige state in terme van ons eksterne leefwêreld.

Die wortelbetekenis van modale hulpwerkwoorde omskryf vermoë (*kan loop*), toelaatbaarheid (*mag loop*), en verpligting (*moet loop*), in 'n sosiofisiese wêreld waar natuurlike oorsake en kragte 'n rol speel. Die wortelbetekenis verwys ook na deontiese modaliteit, waar sosiale en morele verpligting alleen 'n rol kan speel: 'n mens *kan sake doen*, *mag na films kyk*, *moet die regering steun*.

Epistemiese betekenis verwys na moontlikheid, sekerheid, beoordeling of beredenering, 'n beweging vanuit die wortelbetekenis na epistemiese betekenis:

Jan mag gaan.

(hy word nie deur my of enigiemand anders verhoed om te gaan nie)

Jan mag daar wees.

(ek word nie deur my premisse verhoed om tot die slotsom te kom dat hy daar sal wees nie)

'n Basiese oorsaaklike gebeurestruktuur met kragte en grense word vanuit ons begrip van sosiale en fisiese oorsaaklikheid gekarteer op ons begrip van argumentvoering.

5.2.2 DIE STAATRAAM

Die staatraam lê op die vlak van kognisie as informasie of kennis wat bymekaar getrek word oor die intrinsieke of inherente kenmerke van entiteite in die wêreld. Ons persepsies van byvoorbeeld vorm of inhoud, of iets wat in die werklikheid gebeur, word as konsepte vervat in basiese beeldskemas wat herlei en gesegmenteer word as bestaans- of toestandrame. Vir elke entiteit wat ons waarneem, word verskillende beeldskemas gekombineer – wanneer 'n entiteit geen verandering ondergaan nie, word dit as staties waargeneem en wanneer dit wel verandering ondergaan, as 'n proses. Hierdie waarnemings is afhanklik van sekwensiële of summierië skandering.

Opeenvolgende state van waargenome gebeurtenisse word deur middel van sekwensiële skandering gekonstrueer. Sekwensiële skandering is die fundamentele verskil tussen prosesse en atemporele relasies en behels die konsep van gebondenheid, d.i. die aanwesigheid of afwesigheid van duidelike begin- en eindpunte. 'n Staat word deur middel van summierië skandering gekonstrueer, d.i. komponentstate wat opeenvolgend maar kumulatief geaktiveer word as 'n geheel. 'n Staat word as 'n kontinue en onveranderde gebeurtenis waargeneem.

'n Basiese beeldskema vir PAD is [BRON / ROETE / TEKEN], wat deur middel van sekwensiële skandering waargeneem word. 'n Basiese beeldskema vir GLAS is [ROND / HOL / LANK / SILINDRIES / VERSPERRING (bodem)], wat deur middel van summierië skandering waargeneem word. Die intrinsieke kenmerke van glas is dat dit hol, deursigtig, reflektief, hard en fragiel/bros is, sodat dit breekbaar is. Glas kan dus vanaf 'n toestand van heel na 'n toestand van versplinter verander > Staat 1 na Staat 2. Water is

vloeibaar (Staat 1) maar kan vrys (Staat 2), of dit kan as gas verdamp (Staat 3), waarna dit weer kan terugkeer na 'n vloeibare vorm (Staat 1).

'n Staatraam bevat dus informasie oor 'n verandering in toestand, van staties na aktief en van prosesse na state, d.i. informasie oor een of ander staatverandering wat entiteite kan ondergaan.

Basiese beeldskemas soos OOP, TOE, BINNE, BUTE, of ROND, word gekombineer tot dinamiese beeldskemas. Deur die basiese beeldskema vir ROND [SIRKEL / MIDDELPUNT / ROL / ROTEER] te kombineer met die intrinsieke kenmerke van 'n entiteit soos BAL word 'n verandering in toestand aangedui, dit wil sê van 'n nie-dinamiese na 'n dinamiese toestand:

die bal is rond, lig, veerkragtig en kan rol
basies → dinamies
ROND > 'n sentrum > beweeg > ROL/ROTEER

'n Metaforiese verbreiding van die basiese beeldskema is 'n konstruksie soos "*Deur geld in te samel vir droogtehelp sit hy die bal aan die rol*".

Die staatraam bevat ook beeldskemas vir aspek, d.i. die frekwensie van 'n gebeurtenis of handeling wat deur die sintuie waargeneem word. Hierdie beeldskemas word as multi-modaal beskryf omdat 'n gebeurtenis tegelykertyd visueel, auditief, smaak-, reuk- en tassintuiglik kan registreer, soos om in 'n konsertsaal na 'n orkes te luister. Informasie word tegelykertyd visueel en auditief beskikbaar gestel, maar wanneer 'n mens doelbewus een spesifieke instrument uitsonder bo die ander, word dié instrument sintuiglik op die voorgrond geplaas met die orkes op die agtergrond. Indien die instrument 'n trom is, word die klank sintuiglik waargeneem as 'n herhalende klank, wanneer dit 'n viool is, 'n meer gerekte klank. Wanneer ons dus 'n auditiewe ervaring visueel beskryf, werk ons met beeldskemas – een entiteit word skematies deur middel van 'n ander entiteit voorgestel:

- 'n kortstondige ouditiewe ervaring .
- 'n herhalende ouditiewe ervaring
- 'n meer gerekte ouditiewe ervaring _____

Die basiese kontras tussen voor- en agtergrond werk met al ons sintuie en is multi-modaal, sodat beeldskemas ook multi-modale realiserings moet hê.

By prototipiese aspektuele vorme word duratiwiteit as default waargeneem. Alhoewel die ervaring nie aaneenlopend is nie, word dit so waargeneem, soos by 'n motorenjin wat lui, of die vlerkslag van 'n insek, waar diskrete klanke of bewegings slegs deur middel van instrumente aangedui kan word. Wanneer 'n gebeurtenis herhalend of siklies is, word dit as iteratief waargeneem, soos die drup-drup-drup van 'n kraan, in kontras met water wat uit 'n kraan stroom en as duratief waargeneem word:

- 'n entiteit wat as momenteel waargeneem word: .
- 'n entiteit wat as iteratief waargeneem word:
- 'n entiteit wat as duratief waargeneem word: _____

Iteratiewe ritmes kan sirkadies, substans-spesifiek of neurologies van aard wees. Sirkadiese ritmes verwys na outonome liggaamsritmes oor 'n 24-uur-tydperk bereël deur die interaksie van die son, maan en aarde; substans-spesifieke ritmes verwys na die struktuur en molekulêre kenmerke van buite-liggaamlike interaktors soos water wat drup-drup-drup, en neuro-fisiologiese ritmes na die mens se sin vir balans en liggaamshouding, soos in spiere se senuwee reseptore, of die balansorgaan wat in die cochlea geleë is, soos hartklop, hik, bewe, trippel, ens.

Ons konsepsies oor aspek word gekoppel aan ruimtelike beeldskemas van begrensing, d.i. begin- en eindpunte, herhaling, en kortstondigheid teenoor gerekttheid, wat visueel soos volg voorgestel kan word:

Eindpunt onbegrens	Inchoatief	/...
Begin- en eindpunte onbegrens	Duratief	?...?
Begin- en eindpunte onbegrens	Iteratief	?... ..?
Beginpunt onbegrens	Perfektief	.../
Begrens	Momenteel	.

Hierdie vyf kategorieë is beeldskemas met baie algemene, skematiese informasie oor voortdurendheid, begrensing, beëindiging, ens. wat afhang van summiere en sekvensiële skandering. Iteratiwiteit dui byvoorbeeld op 'n proses wat oor 'n kort tydjie of oor langer tye herhaal word:

die protone wentel om atoomkerns

die maan wentel om die aarde

die aarde wentel om die son

die son wentel om die middelpunt van die melkweg.

Iteratiwiteit is dus 'n sikliese beeldskema wat op mikro- sowel as makro-tydskaal toegepas word.

Samevattend kan gesê word –

- dat 'n beeldskema 'n onderliggende minimale betekenisinhoud is waaruit ryker, meer komplekse informasie gebou word;
- dat die basiese beeldskemas wat aspek onderskei multi-modaal is en dat hierdie beeldskemas die grondslag vorm vir multi-modale aspektuele waarnemings deur die mens en derhalwe gevestig is in die staat/bestaansraam;
- dat 'n mens 'n kombinasie van sy sintuie gebruik om die duur van gebeure te bepaal – vir hierdie doel kan meer as een sintuiglike waarneming of al die sintuie gelyktydig ingespan word. Deur middel van figuur-en-grond relasies word sekere sintuie op die

agtergrond gestoot terwyl ander sintuiglike waarnemings vir groter sensoriese sekerheid saamval en mekaar versterk;

- as multi-modaal en inter-sensasie kan alle sintuie betrokke wees vir 'n korrelasie van 'n gebeurtenis: die default-patroon is dat 'n gebeurtenis gelyktydig op al die sintuie registreer;
- indien 'n gebeurtenis op slegs een sintuig registreer, word die aandag verskerp sodat meer sintuie ingespan word: eerstens ouditief (hoor), daarna visueel (sien), gevolg deur reuk-, smaak- of tas-sintuiglike waarnemings, of andersom, of in verskillende kombinasies van die sintuie, ten einde die waarneming te bevestig.

Aspektuele onderskeid en die hoofwerkwoord

Aspek is in die hoofwerkwoord vervat ongeag of daardie hoofwerkwoord temporeel gemerk is vir 'n spesifieke gebeurtenis. Die hoofwerkwoord se intrinsieke aspektuele onderskeid kan deur skakelwerkwoorde en tydsadjunkte beïnvloed word:

1. Modifisering of versterking van aspek deur middel van skakelwerkwoorde:

<i>hik</i>	iteratief
<i>bly hik</i>	steeds iteratief, maar versterk deur die skakelwerkwoord
<i>begin hik</i>	inchoatief
<i>ophou hik</i>	perfektief
<i>sterf</i>	perfektief - 'n finale staat
<i>begin sterf</i>	duratief - 'n proses; die staat word deur die skakelwerkwoord gemodifiseer
<i>*ophou sterf</i>	steeds perfektief - die skakelwerkwoorde het geen invloed op die aspektuele onderskeid nie
<i>*semanties onversoenbaar / toutologies</i>	
<i>ontplof</i>	momenteel; 'n eenmalige gebeurtenis

Waar aspektuele onderskeid afhang van kontekstuele samehang soos in:

die klappers begin ontplof

die klappers bly ontplof

die klappers hou op ontplof

word dit dinkruimmatig verstaan as 'n reeks momentele gebeurtenisse wat iteratief herhaal word.

2. 'n Kombinasie van beeldskemas kan gebruik word om aspek uit te druk:

die son verdwyn

perfektief

die son begin verdwyn

proses word gerek met duidelike eindpunt

die son hou op verdwyn

proses voltooi / perfektief

die son verskyn

inchoatief

die son begin verskyn

die son hou op verskyn

} 'n spesifieke gebeurtenis op 'n
spesifieke tydstip

3. 'n Modifisering of versterking van aspek deur middel van tydsadjunkte:

Elke dag verskyn / verdwyn die son

'n siklus wat dui op 'n gewoontehandeling – nie 'n spesifieke gebeurtenis op 'n spesifieke tyd nie.

Skielik verskyn / verdwyn die son

'n spesifieke gebeurtenis op 'n spesifieke tyd

By die gebruik van tydsadjunkte soos *elke oggend* of *elke dag* het 'n mens 'n sekere antispasie oor gewoontehandeling. 'n Sin soos:

die son verskyn [in die middel van die nag]

dui op 'n buitengewone gebeurtenis wat as letterlik of figuurlik vertolk kan word, in welke geval 'n mens 'n semantiese anomalie het, wat nie 'n momentele of 'n duratiewe gebeurtenis stipuleer nie.

Die tydsadjunk se normale posisie volgens die figuur-en-grond-gestalt is aan die einde van die sin en deel van nuwe informasie, wat deur middel van fokussering na die begin van die sin kan verskuif.

4. Werkwoorde is tydsgermerk vir 'n spesifieke gebeurtenis op 'n spesifieke tyd. In 'n sin soos:

hy werk vir die regering

is die gebeurtenis egter nie net vir die teenwoordigetyd germerk nie, maar ook vir 'n gewoontehandeling, sodat dit as herhalend/iteratief beskryf kan word.

Ten einde duratieweit of siklisiteit te onderskei, moet ons die onderliggende beeldskema wat as die grondslag dien, raaksien om te bepaal of dit 'n spesifieke kortstondige herhalende gebeurtenis is wat NOU voltrek word; of 'n herhaling wat op gewoontelikheid kan dui. Deur middel van beeldskemas oor die aard van beweging deur natuurlike liggame kan die werkwoord onderskei tussen handelinge soos huppel, loop en strompel. Hierdie basiese aspektuele onderskeide is deel van die staatraam. Omdat die onderskeide berus op die intrinsieke toestande van dinge, word hulle vanuit die staatraam op die gebeurterame geprojekteer en taalmatig as deel van die hoofwerkwoord se betekenis gekonsipieer. Wanneer konsepte egter gebruik word om aan te dui dat 'n gebeurtenis in die verlede, hede of toekoms plaasvind, sodat tempus ter sprake is, word hulle vanaf die staatraam uitgebrei na die taalhandelingsraam, waar deiktiese verankering plaasvind.

Dit is uit voorgaande duidelik dat tempus en aspek binne 'n klien werkzaam is:

- die hoofwerkwoord is die domineerder van die tydraam met aspek as 'n inherente kenmerk;
- 'n skakelwerkwoord wat saam met die hoofwerkwoord gebruik word, versterk of modifiseer aspek;
- duratiewe aspek is die default, met inchoatiewe aspek wat die begin en perfektiewe aspek wat die einde van 'n handeling aandui;
- 'n tydsadjunk domineer die tydraam wanneer dit die hoofwerkwoord/skakelwerkwoord ketting versterk of aanpas.

Na aanleiding van bogenoemde kan 'n klienreël vir tydkonsipiëring geformuleer word:

KLIENREËL VIR TYDKONSIPIËRING

As 'n skakelwerkwoord saam met 'n hoofwerkwoord gebruik word, domineer die skakelwerkwoord die aspek van die hoofwerkwoord deur dit te versterk of te modifiseer; as daar 'n tydsadjunk saam met die hoofwerkwoord gebruik word, domineer die tydsadjunk die hoofwerkwoord deur dit te versterk en te modifiseer; as aldrie gebruik word, domineer die tydsadjunk die skakelwerkwoord sowel as die hoofwerkwoord se aspek.

Samevattend kan gesê word dat die staatraam kenmerke oor sake in die werklikheid, oor deelnemers en wat hulle aard is in die vorm van beeldskemas verwerk as agtergrond vir die prosessering van taalkundige informasie.

5.2.3 DIE GEBEURERAAM

'n Gebeureraam is 'n konseptuele konstruksie wat die konseptualiseerder se konsepte bymekaartrek oor die interaksie tussen partye tydens 'n gebeurtenis. Elke werkwoord

wat gebruik word, dien as sneller om 'n skematiese gebeurepatroon te aktiveer ten opsigte van 'n bepaalde tipe gebeurtenis:

doener doen	<i>die kind slaap.</i>
agent domineer pasiënt	<i>die hond jaag die kat.</i>
ervaarder ervaar stimulus	<i>die kinders bewonder vir Jonty.</i>
stimulus stimuleer ervaarder	<i>die medisyne walg die kind.</i>

Beeldskematiese informasie uit die staatraam word op 'n skematiese gebeurepatroon geprojekteer om ryk leksikale inhoud aan die skematiese gebeurtenis te verskaf. 'n Verandering van toestand of beweging vanaf een punt na 'n ander word binne 'n gebeureraam as 'n gebeurtenis waargeneem en taalmatig binne 'n taalhandelingsraam as een van die volgende tipes uitings uitgedruk:

'n vraag	<i>Waarom...?</i>
'n bevel	<i>Ek beveel jou...</i>
'n stelling	<i>Die kind is siek</i>
'n direktief	<i>draai links en ry dan reguit aan</i>
'n rekriminasie	<i>jy is gedurig laat</i>
'n vervloeking	<i>die duiwel haal jou</i>

'n Gebeureraam bevat dus die grammatikale relasies vir die interaksie tussen entiteite asook die informasie oor die intrinsieke kenmerke van entiteite, soos [lank / glad / kort / bros], en die intrinsieke kenmerke van gebeurtenisse (aspek en tempus, oorsaaklikheid, intensionaliteit) wat uit die staatraam geprojekteer word.

'n Gebeureraam kan derhalwe beskryf word as 'n versoening van betekenisryke nuwe informasie met gevestigde ('entrenched') informasie. Sintaktiese patrone is instansies van dié versoening wat op die agtergrond as figuur-en-grond-gestalt werksaam is.

Die tipe gebeurtenis

'n Gebeurtenis begin konseptueel met die werkwoord as die predikaat. Die betekenis van die werkwoord word tipies gedefinieer met betrekking tot 'n bepaalde raam/scenario wat op sigself hoogs gestruktureerd kan wees. 'n Gebeurtenis dui by werkwoorde van staatverandering op 'n oorgang vanaf een intrinsieke staat na 'n ander staat:

<i>die man <u>breek</u> die glas</i>	oorsaaklikheid
<i>die glas <u>breek</u></i>	} 'n toestandsverandering
<i>die bom <u>ontploff</u></i>	

'n Gebeurtenis dui by werkwoorde van beweging op 'n lokusverandering, d.w.s. die prosesse tussen state:

die pen rol
die voël vlieg

Werkwoorde van beweging kan fokus op die proses van beweging tussen Staat 1 en Staat 2:

die vrou skryf 'n brief

terwyl ander fokus op Staat 2:

die bom ontploff

Hoe 'n mens fokus op 'n gebeurtenis, is belangrik binne die gesprekskonteks. By oorganklikheid is daar 'n prototipiese agent en pasiënt betrokke, waarvan een aktief en een passief is omdat daar 'n oordrag van die een entiteit na die ander plaasvind (iemand doen iets aan iemand anders), met die prototipiese sintaktiese struktuur [Subj W Obj SG] / [NS W NS SG]:

[^{AGENT}Die man] slaan [^{PASIËNT}die bal] [^{INSTRUMENT}met 'n stok].

Nuwe informasie aan die einde van die sin kan gepromoveer word na die begin van die uiting, sodat die doener van die einde na die begin van die sin verskuif en 'n minder tipiese sintaktiese struktuur tot stand kom [SG W Subj Obj]:

[^{INSTRUMENT/SG} *Met hierdie stok*] slaan die man die bal
[*Met dié stok*]...

'n Kopulakonstruksie is volgens Langacker (1987a:34) 'n statiese situasie waarin daar geen tematiese rolle vir gebeurtenisse voorkom nie, sodat die partye as zero-rolle gekonstrueer word. Die kopulakonstruksie is dus die mees atipiese "gebeurtenis" wat deur middel van gebeurterame gekonsipieer word. Turner (1996:137) dui aan dat die kopulakonstruksie wesenlik as klassifiseringsmeganisme beskou kan word op wat hy die "great chain of being"-klassifiseringsmodel noem. Die kopulakonstruksie word naamlik gebruik om entiteite wat aan verskillende subkategorieë behoort, met mekaar in verband te bring op grond van ooreenstemmende attribute, soos in -

die man is 'n skrynwerker

waar *die man* aan 'n superordinaat-domein behoort, en *skrynwerker* aan 'n subordinaat-domein. Volgens die dinkruimbenadering word *skrynwerker* as bronruim gebruik en op *man* as teikenruim geprojekteer om dit verstaanbaar te maak. Die kopulakonstruksie is dus wesenlik die grammatikaal gevestigde ekwivalent van die soort konseptuele projektering wat tydens metaforiek gebruik word.

Werkwoorde dui die begin, middel en uitkoms van state aan. As 'n kognitiewe proses word inligting beskikbaar gestel oor die aard van die verandering vanaf Staat 1 na Staat 2, sodat die frekwensie/aspek van die verandering verreken word. Aspektuele onderskeid het altyd 'n dubbele interpretasie by tempus:

as teenwoordigetyd

die pen skryf lekker.

as potensiele gewoontehandeling

die pen skryf (altyd) lekker.

Oorsaaklikheid en intensionaliteit

Die betekenis van die werkwoord en die betekenis van die sintaktiese konstruksie as 'n geheel moet deur middel van 'n oorsaaklike verwantskap geïntegreer word (Goldberg 1995:62), sodat die resultaat sowel as intensionaliteit daaruit afgelei kan word. In prototipiese gevalle dui die werkwoord die beoogde resultaat van die handeling aan:

Jan skiet die bok.

Die werkwoorde wat klank aandui, kan gebruik word wanneer die klank die resultaat is van die agent se beweging, wat simultaan plaasvind:

Die by zoem by die venster uit.

**die hond blaf by die vertrek uit.*

In sekere gevalle, waar oorsaaklikheid nie normaalweg verstaan word nie omdat die gebeurtenis en werkwoord nie kousaal verwant is nie, kan die betekenis uit die konteks afgelei word. Die werkwoorde *knik* en *giggel* kry 'n oorsaaklike en intensionele betekenis met die implikasie *sy gebruik die aksie van knik en giggel as strategie om uit die kamer uit te kom*:

Sy knik en giggel haar pad uit die kamer uit.

By 'n neutrale werkwoord soos *breek* moet intensionaliteit uit agtergrondinformatie bepaal word:

Jan breek die glas aspris.

intensioneel

Jan breek die glas per ongeluk.

nie-intensioneel

Intensionaliteit is 'n inherente kenmerk van 'n groot aantal werkwoorde waarvan *vermorsel* en *vermoor* voorbeelde is. By intensioneel-neutrale werkwoorde soos *doodmaak* moet intensionaliteit deur verdere spesifisering aangedui word:

Hy vermorsel die slang omdat hy vir hom bang is.

Die psigopaat vermoor omdat hy daartoe gedrewe is.

Hy het met opset doodgemaak, en is derhalwe skuldig aan moord.

Hy het die man per ongeluk doodgemaak en word van manslag aangekla.

Hy was oorsee toe die man doodgemaak is en is onskuldig.

Werkwoorde word geassosieer met een (of 'n paar) basiese betekenisse wat by die betekenis van die konstruksie geïntegreer moet word sodat die interpretasie van werkwoorde 'n agtergrondsraam insluit met wêreld- en kultuurkennis inbegrepe, d.i. bruikbare brokke inligting van ensiklopediese kennis (geïdealiseerde modelle). Hierdie betekenisse enkodeer gebeuretypes soos:

- iemand doen iets aan iemand anders,
- iemand veroorsaak dat die staat of toestand van iets verander,
- iemand ervaar iets,
- iemand besit iets, ens.

Die partye/entiteite betrokke by 'n gebeurtenis

Hoe 'n gebeurtenis in die gebeureraam gekonstrueer word, bepaal watter tematiese rolle aan die betrokke partye toegeken word. :

[^{AGENT} Jan] breek [^{PASIËNT} die pen].

[^{DOENER} die pen] breek

Hierdie semantiese rolle het prototipies agent/pasiënt-kenmerke en word geassosieer met die werkwoord wat verpligtend is en as fokuspunt optree binne die

toneel. Indien 'n mens dus 'n gebeurtenis as 'n oorganklike prototipiese konstruksie waarneem, koppel hy die toepaslike rolle daaraan.

Die prototipiese sinspatroon met 'n subjek in die temaposisie [Subj W Obj] konstrueer 'n stelling. 'n Atipiese sinspatroon kan 'n vraagwoord in die temaposisie hê, of 'n objek, sodat die sinskonstruksie 'n vraag is of in die passiewe vorm is, of 'n adjunk wat plek of rigting aandui. Die verwantskap tussen die tema en nuwe informasie as taalhandelingsmomente, die sintaktiese funksies van entiteite en hulle temarolle, word in die diagram uiteengesit:

KLIEN VIR PROTOTIPIESE EN ATIPIESE TEMAS				
Prototipies Figuur as default tema 	Subjek	Menslike	Gespreksgenote	<u>Ek/jy/ons</u> gaan dorp toe
		Agente	Derdeparty mense	<u>Hy/sy/die man</u> is weg
		Nie-menslike	Ander intelligentes	Die <u>hond</u> kom soek kos
		Agente	Nie-sinnuiglikes	Die <u>plante</u> vlek jou klere
		Entiteite op skale	Tye	<u>Maandag</u> pas my beter as Vrydag
			Musieknote	<u>Middel-C</u> klink so
			Temperature	<u>35°C</u> is warm vir Kaapstad
		Nominale	Deverbiale nominale	<u>Oefen</u> is gesond vir 'n mens
			Deadjektiewiese nominale	Die <u>stadiges</u> het agter geraak
			Deadverbiale nominale	<u>Hierdies</u> is beter as daardies
Atipies Word gebruik tydens tema-verandering om grond-entiteite As figuur-entiteite te vestig	Werkwoord in	vrae		<u>Slaap</u> die kinders al?
	Adjunk			<u>Gister</u> was hy hier
				<u>In Kaapstad</u> reën dit heel winter
	Direkte Objek			<u>Hierdie bak</u> het hy gebreek
	Indirekte Objek			<u>Vir Jan</u> gee Piet die geld
	Instrument			<u>Met die mes</u> sny hy die brood

Figuur 4: Klien vir prototipiese en atipiese temas

Inligting vir gebeurerame word vanuit die teks of konteks geabstraheer. Indien 'n brokkie inligting konteksloos voorkom, word 'n raam vir die uiting byverbeel. Dit dien

as 'n soort default-gebeureraam, aangesien geen informasie kognitief as konteksloos beskou kan word nie. Die lekseem *hop*, byvoorbeeld, impliseer prototipies:

- 'n elastiese, ronde entiteit, lig en beweeglik wanneer gemanipuleer, soos 'n bal;
- verskeie rolle betrokke by die gebeurtenis:

'n pasiënt:	<i>gooi die bal</i>
'n instrument:	<i>...met 'n bal</i>
absoluut/zeropunt	<i>die bal <u>trek</u> deur die lug.</i>

- kennis van fisiese, kragdinamiese onderskeide tussen entiteite soos beweging, versperring, teenreaksie, energie (vgl. Talmy 1985, Sweetser 1993), soos die werkwoord *val* en 'n paraboliese trajek waarlangs dit beweeg, soos *hop*:

die bal val en hop die lug in

Die lekseem *hop* beskryf dus prototipies 'n bal wat in die lug gegooi word deur iets/iemand en wat op die grond val, waarna dit weer in die lug in hop. 'n Spel-gebeureraam word geïmpliseer wat prototipies oorganklik is met rolle vir 'n agent en pasiënt wat aan die handeling gekoppel en derhalwe versoenbaar moet wees. Indien die handeling en rolle nie versoenbaar is nie, breek interpretasie:


*die man hop die bal / *die bal hop die man.*

Metaforiese taalgebruik laat 'n oënskynlike irrasionele gebeureraam toe:

die tjek hop.

Die fokus word geplaas op die wyse waarop die entiteit beweeg: die tema is 'n bal wat in die lug gegooi word deur iets/iemand en wat op die grond val waarna dit weer

die lug in hop, sodat die handeling oorganklikheid en die aanwesigheid van 'n doener/agent betrek. Die sentrale oorganklikheidspatroom het 'n agent/pasiënt-verhouding:



Deur die handeling te markeer na gelang van summiere of sekweniële skandering word die frekwensie bevestig en 'n konseptuele onderskeid gemaak tussen 'n werklike/eenmalige/herhalende gebeurtenis en 'n gewoontehandeling. Deur middel van 'n tydsadjunk word die enkele hop bevestig as momenteel:

momenteel *Jan hop die bal vir Piet* [^{TYDSADJUNK} *een keer*].

'n Mens konstrueer dinkruimmatig dat die twee partye vir mekaar 'n bal heen-en-weer hop:

ïteratief *Jan bly die bal vir Piet hop.*

Vir lang tydperke is die handeling semanties onversoenbaar:

**Jan [bly] [^{TYDSADJUNK} *elke tien jaar*] die bal vir Piet hop.*

Deur tydsadjunkte word die handeling bevestig as duratief of siklies:

duratief *Jan hop die bal [^{TYDSADJUNK} *die hele oggend*] vir Piet.*

siklies *Jan hop die bal [^{TYDSADJUNK} *elke oggend*] vir Piet.*

Adjunkte soos *plotseling, eensklaps, skielik, onverwags, mettertyd, naderhand, met verloop van tyd, uiteindelik, finaal*, wat verandering aandui, kan gebruik word om die handeling te markeer.

Markering deur skakelwerkwoorde:

duratief *Jan [bly] die bal vir Piet hop.*

inchoatief/iteratief Jan [^{INCHOATIEF} begin] [^{ITERATIEF} elke oggend]...
gewoontehandeling ...die bal vir Piet hop.

[illegible]

Markering deur deverbale adjektiewe:

duratief	<i>Jan <u>hop</u> die bal [al hardlopende] vir Piet.</i>	vinnige beweging
duratief	<i>Jan <u>hop</u> die bal [al geselsende] vir Piet.</i>	stadiger beweging

Markering deur die koppelwerkwoord + predikaat:

duratiwiteit Jan [is] [^{ADJ} besig] om die bal vir Piet te hop.
siklisiteit Jan [kom] [^{SG} in die oggend] om die bal vir Piet te hop.
tydloosheid Jan [is] [^{NS} die man] wat die bal vir Piet hop.

Markering deur die infinitiewe vorm:

Tydloosheid [^{INF} *Om die bal vir Piet te hop*], is lekker.

Modaliteit verwys na kragte en grense wat prototipies op die fisiese omgewing inwerk. Die modale hulpwerkwoorde kan 'n kraggestalt in die alledaagse lewe blootlê (vgl. bespreking oor modaliteit op bladsy 86):

Moontlikheid	<i>Jan [wil] die bal vir Piet hop.</i>
	<i>Jan [behoort] die bal vir Piet te hop.</i>
Noodwendigheid	<i>Jan [moet] die bal vir Piet hop.</i>

Deverbiale adjektiewe soos *hardlopende*, *vernietigende*, *verwoestende*, dui op duratiewe aspek. 'n Gebeureraam vir "verwoestende" kan byvoorbeeld aspek wysig van duratief na perfektief.

Samevattend kan gesê word –

- 'n spel-gebeureraam is prototipies oorganklik;
- semantiese rolle is gekoppel aan handeling;
- semantiese rolle moet versoenbaar wees – indien dit nie versoenbaar is nie, breek interpretasie;
- metaforiese taalgebruik kan 'n irrasionele of verwarrende boodskap modifiseer tot 'n verstaanbare boodskap;
- tydsgrepe moet kongruent/versoenbaar wees, afhangende van valensie (die semantiese verbindingspotensiaal).

5.2.4 KONSEPTUELE VERMENGING VAN DIE KONSEPTUELE STRUKTUUR EN DIE LINGUISTIESE STRUKTUUR

Uit ons wêreldkennis beskik ons oor drie basiese tipes informasie: gesprekspragmatiese informasie, informasie oor state en toestande wat instruksies gee oor die aard van dinge deur middel van beeldskemas wat ons kombineer, en informasie oor moontlike toestandsveranderinge wat dinge kan ondergaan, soos 'n verwagting wat met dinge kan gebeur: [mens + vlam = brand; kers + vlam = smelt]. Hierdie informasie word in die vorm van kennis/epistemiese rame deur die brein beskikbaar gestel as 'n taalhandelingsraam, 'n staatraam en 'n gebeureraam. Die kennis in die rame word byeengedink as 'n gekonsipieerde sekwensie van gebeure met prototipiese kenmerke, soos die prototipiese oorsaaklike struktuur "X doen iets aan/beïnvloed Y" (vgl.

Mandelblit 1997). Deur middel van 'n vermengingsproses word die gebeuresekwensie as 'n werklike (fonologiese) taaluiting gekonstrueer.

Die verwantskap tussen die rame kan beskryf word as 'n gevestigde hiërargie wat funksioneer op algemene geroetineerde handelinge wat prototipiese sintaktiese patrone genereer. Die gebeureraam beskryf interaksie tussen entiteite en die werkwoord en gee informasie oor staat of toestande in die werkwoord vervat:

die kind slaap uiteindelik.

<i>slaap</i>	staat 1	staat 2	staat 3
	wakker	onbewustheid	wakker
	prototipies 'n onoorganklike konstruksie met die fokus tydelik op staat 2		

Die gebeurtenis word deur middel van sekwensiële skandering as duratief waargeneem (*die kind slaap uiteindelik*) en deur middel van summiere skandering as 'n iteratiewe, gewoontelike siklus wat homself herhaal (*die kind slaap elke aand teen hierdie tyd*).

Die werkwoorde van beweging behels die skema [BEWEEG + OORSAAK/WYSE VAN BEWEGING] waarin beweging vanaf een staat na 'n ander of 'n verandering vanuit staat na 'n ander, inbegryp is (vgl. Zulu 1995 oor die aard van beweging):

die son smelt die sjokolade.

<i>smelt</i>	staat 1	staat 2	staat 3
	solied	vloeistof	oop
	met potensiaal vir 'n terugbeweeg na staat 1		

die glas breek.

<i>breek</i>	staat 1	staat 2
	heel	gebreek
	Perfektief: glas bly stukkend a.g.v. die intrinsieke aard van glas	

die brood rys in die panne.

<i>rys</i>	staat 1	staat 2
	deeg: ongerys	deeg: uitgerys
	sonder vaste begin- en eindpunte	
	sonder vaste tydperke van duur	

'n Geheel-en-deel-verhouding word uitgedruk waar staatverandering verband hou met totstandkoming:

Sy sny die brood.

<i>sny</i>	staat 1	staat 2
	'n brood	snye brood
	geheel	deel

By deeltjiewerkwoorde word die predikaat plus predikasie saambegryp as 'n handeling, soos *fiets* + *ry*, *boom* + *klim*, ens. Die handeling word aangedui as duratief sonder vaste begin- en eindpunte:

Hy het gaan fietsry op die rugbyveld.

By deeltjiewerkwoorde met bywoorde soos *af*, *uit*, *op*, *in*, *uit*, is saamgestelde predikate van toepassing:

Sy smyt die goed by die deur uit > die goed is uit.

5.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk word die teenwoordigetyd beskryf as die default-tydraam omdat dit pragmaties aan die gesprekskonteks veranker is. Dit is die primêre belewingsruim van die mens, en die kognitiewe vertrekpunt vir projeksie na die verlede of die toekoms. Elke spreker binne die gesprekskonteks vestig vir homself die teenwoordigetyd as basisruim binne die hier-en-nou, sodat deiktiese verankering plaasvind. Die gespreksgenote projekteer vanuit hierdie ruim na 'n verledetyddinkruim of na 'n toekomstigetyd-

dinkruim, afhangende van die tipe gebeurtenis. Die gebeurtenis kan in die verlede tyd ('n afgehandelde gebeurtenis), toekomstige tyd ('n verwagte gebeurtenis), as voorwaardelikheid ('n hipotetiese realiteit met sy eie kondisies en gevolge) of as historiese/narratiewe presens gekonstrueer word. Tydens projeksie na 'n ander dinkruim verskuif die deiktiese sentrum na die tyd en lokaliteit wat in die gebeureraam binne die dinkruim vervat, geïdentifiseer word.

Die teenwoordigetyd word met behulp van prototipiese of minder prototipiese patrone gekonstrueer: prototipies deel die spreker en hoorder dieselfde tyd en ruimte, sodat die tema binne die onmiddellike veld van waarneming is. 'n Gebeureraam vir die teenwoordigetyd en konteks word gekonstrueer waarin die gebeurtenis op die voorgrond en tyd op die agtergrond figureer om die verloop van die gebeure te orden. In 'n minder tipiese konstruksie word die teenwoordigetyd byvoorbeeld gebruik waar die gespreksgenote in tyd en ruimte geskei is, of by sportuitsendings, waar kommentaar onmiddellik op die handeling volg, of in fiksie, waar die leser aan die skrywer se verbeelde werklikheid onderwerp word.

By hipotetiese voorwaardelike konstruksies kan getemporaliseerdheid in die apodose progressief opgehef word om groter stelligheid en onmiddellikheid aan die gebeurtenis te verleen.

Soos by sportuitsendings bestaan die veroorsaakte beweging-konstruksie uit twee gebeurtenisse wat mekaar in onmiddellike sekwensies opvolg, met 'n sterk oorsaaklike verwantskap tussen die eerste gebeurtenis en die tweede een. By hierdie konstruksie is die komplement sintagmaties baie sterk geïntegreer as deel van die matrikssin as gevolg van die oorsaaklike verwantskap tussen die matrikssin se werkwoord en die geïmpliseerde gebeurtenis van die komplement.

Daar is aangedui dat uitings oor die verlede tyd toetsbare stellings is wat gemaak word oor afgehandelde gebeure en dus onderworpe aan waarheidsvoorwaarde toetsings.

Die mens se herinneringe werk egter selektief sodat sekere herinneringe oorversterk onthou word ('exaggerated memory').

Daar is verder aangetoon dat modaliteit toekomsgerig is, met teenwoordigetydspatrone. Dit het te make met kragte en grense wat prototipies op die fisiese omgewing inwerk, maar wat ook na die interne geestelike wêreld oorgedra kan word, sodat ons 'n metaforiese begrip kan vorm van ons interne intellektuele en sielkundige state in terme van ons eksterne leefwêreld. Die wortelbetekenis van modale hulpwerkwoorde is omskryf as vermoë, toelaatbaarheid en verpligting in 'n sosiofisiese wêreld waar natuurlike oorsake en kragte 'n rol speel, en deontiese modaliteit as slegs sosiale en morele verpligting: *jy moet jou werk doen* (verpligting), *jy moet kom kuier* (toenaderbaarheid). Daar is verwys na epistemiese betekenis as moontlikheid, sekerheid, beoordeling of beredenering, 'n beweging vanuit die wortelbetekenis na epistemiese betekenis: *Jan mag gaan* (hy word nie deur my of enigiemand anders verhoed om te gaan nie).

Aspektuele onderskeid is beskryf as 'n mens se persepsies oor ruimtelike beeldskemas van begrensing, d.i. begin- en eindpunte, herhaling, kortstondigheid teenoor gerektheid en momentele gebeurtenisse. Aspek is in die hoofwerkwoord vervat, ongeag of die werkwoord temporeel gemerk is vir 'n spesifieke gebeurtenis. By prototipiese aspektuele vorme word duratiwiteit as default waargeneem, met inchoatiewe aspek wat die begin en perfektiewe aspek wat die einde van 'n handeling aandui. Hierdie onderskeide kan versterk of gemodifiseer word deur skakelwerkwoorde of tydsadjunkte. Daar is aangetoon dat tempus en aspek binne 'n klien werksaam is, en 'n klienreël is geformuleer wat hierdie stelling onderskryf.

Die informasie wat in hierdie hoofstuk aangebied is, in samehang met dit wat uit die voorafgaande besprekings voortgevloei het, lei tot die gevolgtrekking dat die teenwoordigetyd in narratiewe ontleding binne 'n verledetyddinkruim gebruik word vir die konstruering van 'n fiksionele tydraam. In 'n werklike wêreld-situasie dui die teenwoordigetyd aan dat die gebeure presies ooreenkom met die tyd van uiting. Met die

historiese narratiewe presens kan elke gebeurtenis geïnterpreteer word asof dit met die spraakgebeure ooreenkom sodat dit 'n soort denkbeeldige "oorspeel" van afgelope gebeure behels. In die volgende hoofstuk word hierdie insig toegepas by die beskrywing van tydsbeleving in 'n fiktiewe narratiewe poësie teks, naamlik *Dennebol*, van D.J. Opperman.

Hoofstuk 6:

'N KOGNITIEF-LINGUISTIESE ONDERSOEK NA TYDSVERGESTALTING IN 'N NARRATIEWE POËSIETEKST: *DENNEBOL* VAN D.J. OPPERMAN

6.0 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aangetoon hoe tyd tekstueel en kontekstueel in 'n narratiewe teks vergestalt word deur 'n ontleding van D.J. Opperman se gedig *Dennebol* (sien addendum op bladsy 130). Hierdie ontleding geskied aan die hand van die algemene beginsels van die Kognitiewe Retoriek, soos in die vorige hoofstukke uiteengesit. Daar word eerstens aangedui dat dinkruime gebruik word om betekenis te konstrueer deur middel van 'n storie waaruit 'n tema gekonstrueer word. Omdat dit in die tema oor ewige, tydlose waarhede gaan, word die tema in die menslike bewussyn in die teenwoordigetyd gekonstrueer. Tweedens word aangetoon dat die storie ook die chronologiese verloop van die gebeure in die vorm van tydrame vervat, vanwaar vanuit die teenwoordigetyd na ander tydrame geprojekteer word. Binne hierdie verskillende tydrame word die chronologiese verloop van 'n reeks kousale verwante gebeure in die vorm van gebeurrame aangebied.

6.1 HOE DINKRUIME GEBRUIK WORD OM BETEKENIS TE KONSTRUEER

Die uitdrukking "*die lewe is 'n reis*" is 'n grondliggende metafoor wat in die Kognitiewe Retoriek as 'n konseptuele metafoor bekend staan (vgl. Turner 1996). In hierdie konseptuele metafoor word tyd voorgestel as 'n eenrigting-projeksie met vaste elemente. Die konsep "*reisiger*" kan geprojekteer word op 'n persoon wat lewe. Dieselfde metafoor kan ook geprojekteer word op geboorte as die begin van die reis, die dood as die einde van die reis en die lewe self as die roete waarlangs gereis word.

Fiksie is 'n storie, 'n denkbeeldige voorstelling of verdigsel, wat die leser se waardesisteme betrek tydens die leesproses. Die leser konstrueer die storie en maak daaruit afleidings oor ewige, tydlose waardes. Op die agtergrond word 'n tema, gebaseer

op hierdie algemene waarhede, gekonstrueer in die vorm van dinkruime wat afleidings vervat oor wat in die lewe aan die gang is. Hierdie tema is altyd in die teenwoordigetyd, nie net as belewenisraam nie, maar as die tydraam waarbinne die leser sy lewenswaardes herinterpreteer.

Die storie vervat die chronologiese verloop van die gebeure. Die leser konstrueer die chronologie van gebeure as hede, verlede of toekoms deur telkens 'n nuwe tyd-dinkruim te open wanneer 'n bepaalde tydsvorm as sneller dien om van een tydvorm na 'n ander oor te gaan. 'n Reeks opeenvolgende gebeure wat op dieselfde manier getemporaliseer is, ontluik in dieselfde dinkruim, totdat 'n nuwe vorm van tydsmarkering 'n mens lei tot die oopmaak van 'n nuwe tyd-dinkruim (daar is reeds aangedui dat metaforiek op die vermenging van dinkruime berus). Soos wat die storie verloop, word nuwe dinkruime voortdurend assosiatief oopgemaak.

Die chronologiese opeenvolging van gebeure kan deur middel van een van twee meganismes onderbreek word:

- deur 'n bewussynsverplasing na 'n ander lokus ('meanwhile back at the ranch' – 'n maneuver van cowboy-verhale), of
- 'n tydsverplasing na die verledetyd of na die toekomendetyd, sodat die tydsrame herskik word.

In *Dennebol* konstrueer Opperman 'n groottydraam as 'n verkenning met 'n chronologiese verloop wat sy onmiddellike belewenis behels. Hierdie belewenis word plek-plek onderbreek, hoofsaaklik as verplasings na die verledetyd. Dit behels sy dinkruimprojeksies na die verlede: eerstens as jeugherinneringe, en tweedens as verbeeldingsvlugte. Na aanleiding van wat hy uit sy herinneringe en verbeelding konstrueer, maak hy ook toekomsprojeksies. Al hierdie tydverplasings geskied vanuit die teenwoordigetyd.

In die letterkunde is die teks 'n taalhandeling waarin die outeur 'n vertelling gebruik om die leser sy waardesisteem te laat verander. Indien die outeur net op

lewenswaardes konsentreer, is die teks 'n traktaat, sodat die leser maklik sy belangstelling verloor. Ten einde die leser se aandag te hou, word die dialektiek tussen hom en die leser verdoesel deur die storie as vermaaklik aan te bied.

Hoe kan 'n outeur onheilspellendheid verleen aan 'n verhaal? Deur dramatisering, waardeur 'n bewussynstaat van antisipasie geskep word – hoe meer onvoorspelbaar die gebeure, hoe meer dramaties. Onvoorspelbaarheid lei dus tot dramatisering. Om onheil te verleen aan die storie wat vertel word, moet die outeur tyd simbolies as versperring of blokkasie gebruik, sodat 'n spertyd (vgl. Sweetser 1990 oor kragdinamika) opgestel word.

In *Dennebol* word aanvanklik 'n rustige gebeurtenis aangebied waarin daar oënskynlik geen onheil versteek lê nie. Die verwysing na Vesuvius en ander informasie oor die ramp stel egter 'n informasiestruktuur op sodat ironie die gevolg is – die leser weet wat die gevolge van die ontploffing was, maar die karakters in die storie weet nie dat die ewige dood op hulle wag nie: “nou sal die oë...vir ewig staan”. 'n Versperring word egter ook vir die leser opgestel: die dag wanneer “'n aar bars, atome stoel uit die atol”. Dieselfde ironiese afleiding word derhalwe ook vir die leser gemaak.

6.2 AGTERGROND TOT DIE GEDIG

Die agtergrond tot die gedig, soos deur Kannemeyer (1989) uiteengesit, kan kortliks opgesom word as 'n ontploffing in 'n steenkoolmyn naby Dannhauser in Natal wat deur Opperman se vader beleef en in 'n skildery vasgelê is; 'n gebeurtenis wat hy jare later vir sy seun beskryf en in verband bring met die uitbarsting van Vesuvius. Hy het die motief in 'n houtskooltekening voortgesit met die woorde “Plinius studeer” onderaan en regs voor 'n figuur geteken wat as 'n soort medium met afgestorwenes in aanraking probeer kom. Die vader en seun het 'n meningsverskil oor die vader se interpretasie van die gebeurtenis wat hy gelykstel aan 'n fontein, of 'n verkoolde kiepersol. Die seun beskou hierdie interpretasie as “gesog”, dit wil sê as hoogs onwaarskynlik, waarop die vader kripties antwoord: “Skepper én skepping. Mooi!” Hulle stry, die seun word nie oortuig nie en uiteindelik gebruik die vader die twee briewe van Plinius aan Tacitus as objektiewe getuienis vir die geldigheid van sy siening. Die seun is later as volwassene 'n

toeris wat die oorblyfsels van Pompeii besoek waar hy deur assosiasie met Vesuvius weer die jeugherinnering oproep. Die reiservaring word gekombineer met die jeugherinnering wat uitloop op die slotkoeplet waarin die seun, na al die jare, vir sy vader “wat die kiepersol betref”, gelykgee. Hierdie teenoormekaarstelling van die fisiese reis en die jeugherinnering vorm die kern van die ontleding, met die fokus op veral die volgende aspekte:

- die fisiese reis van die toeris wat as metafoor gesien word vir sy denkbeeldige belewenis tydens die besoek aan Pompeii;
- die aard van pa en seun se twis, met spesifieke verwysing na –
 - . die skildery wat aan die seun voorgehou word, en
 - . die briewe wat bygehaal word as bewysvoering;
- die seun-as-volwassene se finale gevolgtrekking ná die integrasie van sy fisiese en nie-fisiese belewenisse.

In die volgende afdeling word aangetoon –

- hoe dinkruime die fisiese en denkbeeldige reise orden en struktureer deur middel van generiese, bron-, teiken- en mengruime;
- hoe die tema van die gedig bepaal word deur ‘n byeendink van die konsepte wat in die dinkruime vervat is.


6.3 OPSTEL VAN DINKRUIME IN *DENNEBOL*

6.3.1 GENERIESE, BRON-, TEIKEN- EN MENGRUIME

Die bronruim in die gedig omvat die gebeure tydens die middag waarop die digter as toeris ‘n besoek bring aan die oorblyfsels van die stad Pompeii. Uit ons agtergrondkennis van Opperman se persoonlike omstandighede weet ons dat hy in die jaar 1957 ‘n besoek gebring het aan Pompeii en dat die gedig ‘n uitvloeisel is van hierdie besoek¹ (Nienaber 1974, Kannemeyer 1989). In die teikenruim beleef die toeris as digter sekere innerlike gewaarwordinge, na aanleiding van dit wat hy tydens sy besigtigingstoer waarneem. In ‘n generiese ruim word die informasie wat in die bron- en teikenruime vervat is, gedeel as

¹ Een van die beginsels van die kognitiewe benadering is dat alle kennis van die mens geïntegreerd is en dat sy wêreldkennis bydra tot die interpretasie van die teks.

die konsep “iemand wat wat vanaf een punt na ‘n ander beweeg”. Deur die uiterlike belewenisse van die bronruim te projekteer op die innerlike belewenisse van die teikenruim, maak die digter sekere afleidings wat hom lei tot ‘n nuwe interpretasie van ‘n bestaande lewensbeskouing, wat in ‘n vermengde ruim saamgevat word:



Figuur 5:
Die generiese, bron-, teiken- en mengruime in konseptuele verbinding

In die bronruim verloop die handeling chronologies: daar word dus in die teenwoordigetyd ‘n opeenvolgende reeks gebeurtenisse geopen. Die toerbus kom by die hotel aan, die toeriste stap na die hotel, hulle stap verby die staatverkopers en luister na die toergids se beskrywing van die verskillende besienswaardighede. Hy wys na Vesuvius, en hierdie uitwys van die vulkaan is ‘n sneller wat ‘n dinkruim open vir die digter se jeugherinneringe. In hierdie dinkruim het hy ‘n woordewisseling met sy pa oor ‘n skildery, waarop sy pa die briewe van Tacitus voorlê, sodat ‘n nuwe dinkruim geopen word na ‘n datum iewers in die eerste eeu na Christus. In dié dinkruim word Plinius se ervarings wat tydens die ramp op skrif gestel is, beskryf, naamlik die middag van die uitbarsting in 79 n.C. ‘n Verdere dinkruim word geopen vir die digter se verbeelding oor

die vernietiging van die stede Sodom en Gomorra, in 2100 v.C. Die eerste dinkruim, die bronruim, is 'n fisiese reis waarin die tydsbeleving oor 'n paar uur heen strek en die tydsordening eenvoudig verloop. In teenstelling hiermee word die tweede en derde dinkruime, as teikenruim, beleef as 'n reis in die bewussyn wat vanaf 'n tydperk sowat 20 jaar vroeër (die jeugherinneringe) na 'n tydperk van 'n paar eeue vroeër heen strek, sodat die tydsordening kompleks en assosiatief verloop. Die digter is steeds in Pompeii, sodat geen lokusverandering plaasvind nie, terwyl die jeugherinneringe en historiese gebeure 'n verplasing in tyd behels.


Die bronruim is die basiese gebeureruim; dit is die inisiële ankerpunt vir toegang tot en interpretasie van tydsverloop en die ruim vanwaar deiktiese dimensies bepaal word. Vanuit die ankerruim skakel 'n mens telkens na 'n ander dinkruim en die gesigspunte van dié dinkruim op verskillende tydstippe, nie net in die verlede nie maar ook in die toekoms. Die snellers vir die verplasing van een dinkruim na 'n ander is assosiatiewe gewaarwordinge.

Beide die bronruim en die teikenruim bestaan uit 'n aantal gebeureraame wat verplasing vanaf een tydraam na 'n ander fasiliteer sodat die beweging, in hierdie geval die digter as toeris, heen en weer tussen die twee dinkruime kan beweeg. Elke dinkruim het (1) sy eie interne struktuur wat tydsverloop insluit, (2) 'n kousale struktuur wat dikwels 'n verandering in lokaliteit insluit en (3) 'n fokuspunt waar die betekenis van die gebeureraam gekonstrueer word. Die fokuspunt word deur middel van grammatiese en pragmatiese snellers, soos tempus, modaliteit, tydsadjunkte en aspek geïdentifiseer wat weer ander dinkruime aktiveer namate die diskoers vorder.

6.3.2 BEPALING VAN DIE TEMA (SENTRALE INFERENSIE) VAN DIE GEDIG

Wanneer die alledaagse konsep van 'n fisiese reis, geprojekteer op die konseptuele metafoor *die lewe is 'n reis*, gekombineer word met die konseptuele metafoor *DIE BREIN IS 'N LIGGAAM WAT DEUR RUIMTE BEWEEG*, kry ons die standaard metaforiese konsep *die lewe is 'n ontdekkingsreis*, waarvan *selfontdekking* een bepaalde vorm is. Dit bring ons uiteindelik by die metafoor *die lewe is 'n selfontdekkingsreis* - die werklike reis in die

gedig (waartydens “gekyk” word) en die metaforiese reis van selfontdekking (waartydens “gedink” word), word geïntegreer as die tema of sentrale inferensie in die gedig:



Figuur 6: 'n Skematiese voorstelling van die dinkruime waarop die metaforiese interpretasie van die tema in *Dennebol* van D.J. Opperman berus

6.4 DINKRUIME, GEBEURERAME EN TYDRAME IN *DENNEBOL*

Soos in afdeling 6.3.1. aangedui, omvat die bronruim die gebeure tydens 'n spesifieke middag in die jaar 1957. Die gebeure word op die voorgrond geplaas deur die retoriese vraag aan die begin van die gedig: daar word gesoek na 'n "bose" stad, "gekrap uit die ashoop". Die vraag skep 'n sekere antisipasie by die leser, omdat die antwoord nie geredelik beskikbaar is nie. Die versreël dui derhalwe die beginpunt van 'n soektog aan wat in die res van die gedig voortgesit word, en wat in die verloop van die middag voltrek behoort te word wanneer die "bose stad" gevind word. Hierdie soektog is 'n fisiese handeling waarby die deelnemers 'n groep toeriste is met die verteller as een van die toeriste, asook 'n toergids; die lokaliteit word uitgewys as die ruïnes van 'n vernietigde stad en die tyd is die hede. Hierdie tydruimtelike plasing is die deiktiese ankerpunt vir die interpretasie van tydsverloop in die res van die gedig.


Die retoriese vraag stel egter nie net die gebeure op die voorgrond nie, maar skep terselfertyd 'n agtergrond waarteen die gebeure afspeel, naamlik die denkbeeldige belewenisse van die digter wat oor verskillende tydspunte in die verlede heen strek. Die deiktiese ankerpunt verskuif telkens na 'n nuwe dinkruim namate die digter sy ervarings van een tydstop na 'n ander verplaas. Die fisiese ervaringe van die toeris is telkens die sneller vir 'n tydskuif na die gedagterewêreld van die digter, wat uiteindelik kulmineer in 'n konseptuele vermenging wat geprojekteer word op die toekoms en vandaar na 'n nuwe ruim, waar tydsverloop heeltemal opgehef word. Die groottydraam kan beskryf word as 'n "kyk"-ruim, en die ingebedde tydraam as 'n "dink"-ruim.

In die besprekings wat volg word aangedui hoe die gedig ontleed word deur middel van dinkruime en gebeurerame waarin tyd inbegryp is:

- elke strofe word ontleed deur die gebeure in afsonderlike rame te onderverdeel;
- elke gebeureraam kan gesien word as 'n klein verhaaltjie, met objekte en gebeurtenisse, akteurs en bewegings, evaluering van sekere gesigspunte en spesifieke aspekte waarop gefokus word;
- die verskillende verhaaltjies word georganiseer in 'n netwerk wat nie onafhanklik van mekaar staan nie maar struktuurkenmerke deel;

- beeldskemas van perseptuele en konseptuele kategorisering vorm deel van so 'n gebeureraam wat deur middel van analogie of metaforiek geïnterpreteer kan word;
- die temporele fokus van elke gebeureraam vorm 'n kousale verwantskap tussen die onderskeie rame wat in narratiewe verhoudings tot mekaar staan en wat op grammatika geprojekteer word sodat grammatiese kategorieë en relasies ontstaan;
- die netwerk van gebeurerame en grammatiese kategorieë en relasies vorm 'n kombinasie wat uitloop op 'n hiërargiese struktuur met 'n spesifieke gesigspunt/standpunt:

Figuur 7: Tyd- en gebeurerame in *Dernebol*



6.4.1. VESTIGING VAN DEIKTIESE ANKERPUNT IN DIE GROOTTYDRAAM: 'N VRAAG WORD GESTEL

Strofe 1

Gebeureraam 1.1: 'n Vraag word in die eerste versreël gestel - "Waar is die bese stad gekrap uit die ashoop?" Geen akteur word benoem nie. Die koppelwerkwoord *is* dui op 'n staat sodat die bestaan van die stad nie bevraagteken word nie. 'n Aanduiding word gegee van die aard en toestand van die stad – dit is "boos" en is "uit die ashoop" gekrap. Die vraagwoord bevraagteken die lokaliteit van die stad, sodat 'n soektog geïmpliseer word. Die adjektief en setselgroep dui aan dat daar twee dimensies aan die soektog gekoppel is: dat dit 'n fisiese realiteit is ('n vernietigde stad), maar dat daar ook 'n nie-fisiese, denkbeeldige element ter sprake is (die vernietiging hou verband met menslike sondigheid). Wat die tydsaspek betref, is dit duidelik dat vanuit die hede, die hier-en-nou van die vertelling, na die verlede (die stad is iewers in die verlede gebou), en na die toekoms (die oorblyfsels van die stad moet gesoek word), geprojekteer word. Hiermee word die deiktiese ankerpunt gevestig en die basis gelê vir tydsverloop in die res van die gedig.

6.4.2. DEIKTIESE ANKERPUNT IN DIE BRONRUIM : 'N FISIESE REIS

Gebeureraam 1.2: aankoms by Pompeii, 'n datum in die 20ste eeu

In hierdie gebeureraam word die twee dimensies wat by tydsdifferensiasie in die gedig teenwoordig is, gevestig. 'n Toergroep, waarby die digter as toeris ingesluit is, kom by 'n hotel aan waar hulle onderwerp word aan die tipiese ervarings van toeris-wees. Dat dit hier is waar die fisiese besigtigingstoer begin, word deur die tweede versreël aangedui: "Ons glasdakbus glip toetelend na die hotel." Die werkwoord *glip* suggereer gladde beweging; met die adjunk *toetelend* saamgelees word geïmpliseer dat die toeris allermens verwag dat die reis iets meer sal wees as 'n aangename tydverdryf. Die inchoatiewe skakelwerkwoord *begin* en duratiewe hoofwerkwoord *vertel* dui 'n tydskuif aan; die uitwys van "Vesuvius", ondersteun deur die tydsadjunk *Toe* en die werkwoord plus naamwoordstuk [^w *stuif* [^{NS} 'n jeughtoneel]] is die snellers wat ook 'n nuwe lokaliteit aandui. Die jeughtoneel is 'n herinnering en derhalwe 'n denkbeeldige lokaliteit, sodat dié deel van die reis wat as 'n soektog in die bewussyn van die digter beskou word, gevestig word.

6.4.3 VERPLASING VAN DIE DEIKTIESE SENTRUM NA DIE INGEBEDDETYDRAAM AS TEIKENRUIM: 'N REIS IN DIE BEWUSSYN

Strofe 2

Gebeureraam 2: 'n jeugtoneel, ongeveer 20 jaar vroeër

Die verledetydsvorm en perfektiewe hoofwerkwoord [^{W.PERF} *het* [^{AS} 'n skildery] *voltooi*] in die eerste versreël verplaas die leser na 'n toneel ongeveer 20 jaar voor die besoek aan Pompeii. Daarna word oorgeskakel na die teenwoordigetyd, sodat 'n nuwe deiktiese punt gevestig word waarvandaan tydskuiwe kan plaasvind. In dié toneel maak die pa 'n beslissing oor die betekenis van die skildery: "n fontein" of "n verkoolde kiepersol". Die seun betwis die interpretasie en pa antwoord met "Skepper én skepping. Mooi!". Hy gebruik dan die briewe van Plinius as bewysvoering vir sy argument wat 'n volgende tydskuiw aandui, ondersteun deur die tydsadjunk *Toe* en die werkwoord *voorlees*; die deeltjie *voor* kwalifiseer die duratiwiteit van die leesaksie as 'n handeling wat net vir 'n bepaalde tyd sal duur. Die leser verwag dus dat die briewe sekere insigte betreffende die twis tussen pa en seun sal verskaf.

Strofe 3

Gebeureraam 3.1: eerste brief van Plinius die jongere, 'n datum ná 79 v.C.

Die nuwe tydram is 'n onbekende datum ná afloop van die ramp wat in 79 n.C. plaasgevind het en waarin Plinius sy oom se deelname aan die ramp verwoord. Die werkwoord *onthou* wat met die geheue verband hou, met die tydsaanduiding *dié middag* saamgelees, dui 'n tyd- en lokaliteitskuiw aan; aangesien dit 'n herinnering is wat op skrif "herleef" word, word geïmpliseer dat die gebeure hiervandaan chronologies sal verloop.

Gebeureraam 3.2: 'n woonhuis in Misenum, die middag vóór die ramp, 79 n.C.

Aan die buitewyke van Pompeii word dit duidelik dat die vulkaan gaan uitbars. Plinius se oom "*ruk* met die volle vloot *op*" [^{SO} *na die smal kus*] – die werkwoord dui op 'n doelgerigte besluit deur oom, 'n feit wat vir die verdere verloop van die gebeure belangrik is. Saam met die setselgroep dui dit ook 'n tyd- en lokaliteitskuiw aan.

Strofe 4

Gebeureraam 4: die dek van 'n skip in die hawe van Pompeii, later dieselfde middag

Die vulkaan stort 'n as- en klippereën neer. Oom bly dapper sy waarnemings voortdikteer, totdat hy van die swaeldampe dood neerslaan.

Gebeureraam 1.3.1: eerste brief van Plinius²

"..a true savant..what he began with a philosophical, he pursued with an heroical turn of mind."

Die perfektiewe werkwoord neerslaan met die substantief dood saamgelees dui op 'n toestand waarin lewe ophou; dit dui ook die einde van die Plinius se eerste brief aan.

Strofe 5

Gebeureraam 5.1: tweede brief van Plinius die jongere, 'n datum ná die ramp, 79 n.C.

Die voegwoord en met die tydsadjunk verder saamgelees vestig 'n nuwe tydraam en lokaliteit waarvandaan Plinius sy beskrywing van sy wedervaringe voortsit:

Gebeureraam 5.1.1: tweede brief van Plinius

Though my shock'd soul recoils, my tongue shall tell".

Die modale hulpwerkwoord sal wat verpligting of noodwendigheid aandui word deur die werkwoord beskryf ondersteun, sodat nie net 'n skuif in tyd en lokaliteit geïmpliseer word nie, maar ook modaliteit wat die dwingendheid beklemtoon vir die briefskrywer om sy ervarings op skrif te stel.

Gebeureraam 5.2: die buitewyke van Pompeii, die middag van die ramp in 79 n.C.

Die seun en sy moeder vlug saam met die massas. Buiten die uitbarsting is daar ook ander gevare: "die voete van die menigte sal ons nog doodtrap". Hy moet sy moeder bemoedig en ondersteun om die vlugaksie voort te sit. Die noodwendigheid én die verpligting om haar te red word deur die modale hulpwerkwoord plus duratiewe hoofwerkwoord moes stap, versterk deur die tydsadjunk stadig, aangedui. Die implikasie van die handeling is duidelik – sy het ondersteuning nodig omdat sy nie net liggaamlik swak is nie, maar ook geestelik nie in staat is om die ramp te hanteer nie ("sy wou sit en sterf"). Moeder is dus simbolies van die massa wat op leiding moet staatmaak:

Gebeureraam 5.2.1: tweede brief van Plinius

"..the common people follow us in the utmost consternation, preferring the judgment of others to their own.."

² Suggesties deur die digter lei die navorser na die briewe van Plinius (in Kannemeyer 1989) waaruit afleidings gemaak word wat verband hou met die tema.

Strofe 6

Gebeureraam 6: buitewyke van Pompeii, later die middag: uitbarsting van die vulkaan

Mens en dier vlug voor die uitbarsting. Asreën stuif op alles neer: hulle *moes* dit kort-kort van hulle afskud om te voorkom dat hulle daardeur oorval word. Die modale hulpwerkwoord beklemtoon die noodwendigheid van die aksie; dit is immers dieselfde asreën wat talle burgers van die stad so onverhoeds oorval en laat'sterf het. Die laaste versreël is in die verledetyd: die substantief *duister*, die perfektiewe verledetydsvorm *het neergekom* en die setselgroep [^{sg} oor alles], dui 'n voortydige beëindiging van die dag aan. Dit is ook 'n sneller vir die gebeureraam in die volgende strofe.

Strofe 7

Gebeureraam 7: buitewyke van Pompeii, later die middag: nagevolge van die ramp

Die “dreunende duister” van die vorige strofe herinner Plinius aan die verwagte apokalipsis³ wat die “ganse mensdom en die gode” tref, hy verwoord sy eie en die ander vlugtendes se angs:

Gebeureraam 7.1: die tweede brief van Plinius

“...the greater part (of the people) imagining that there were no gods left anywhere..”

Die adjunk *Toe* is 'n sneller wat 'n tydskuif sowel as 'n toneelverandering aandui. 'n Flou lig *stoot* deur die wolke – 'n moeisame aksie, ondersteun deur die tydsadjunk *eindelik*, sodat geïmpliseer word dat die duister moeitevol plek maak vir lig. Die voornaamwoord *alles* met die werkwoord *staan* saamgelees dui op 'n soort verstening of verstarring van alle lewe, wat deur die setselgroepe versterk word: [^{sg} in die wit dons [^{sg} van die dood]]. Hiermee is die ramp voltrek en eindig Plinius se tweede brief. Hierdie feit dui vir die leser aan dat Pa se bewysvoering deur middel van die briewe tot 'n einde gekom het en impliseer dat 'n tyd- en lokaliteitskuif moet plaasvind.

6.4.4 “KYK”- EN “DINK”-RUIME: KOGNITIEWE BEWERKING VAN BEELDSKEMAS TOT KONSEPTE

Strofe 8

³ Die apokaliptiese godsdienssiening kan teruggevoer word na Zoroastrianisme (1400 v.C.) en Mithraïsme (300 v.C.) wat sy hoogtepunt in die tydperk 175 v.C.-135 n.C. bereik het (Hinnels 1984).

Gebeureraam 8: Pompeii, 'n datum in die 20ste eeu

Die digter as toeris bevind hom weer in die hede. Die gids se stem is "'n stoornis", 'n tydelike hindernis wat die digter se "kyk-en-dink" onderbreek – die aanduidings is dat waarneming en refleksie voortgesit sal word. Die genormaliseerde werkwoorde wat as 'n eenheid saamgelees word, is snellers vir tyd- en lokaliteitskuiwe: 'n skuif na 'n fisiese lokaliteit - 'n middag in die 20ste eeu, die museum en murasies by Pompeii, wat die "kyk"-ruim verteenwoordig. Die gids beskryf van die objekte wat uitgestal word: brood, dobbelstene, falli, 'n swanger vrou, 'n hond. 'n Verdere skuif na 'n denkbeeldige lokaliteit word deur die laaste twee versreëls aangedui as 'n refleksie deur die digter en verteenwoordig die "dink"-ruim: die "tor" is 'n kwer wat op verrotte oorblyfsels teer, die "akkedis" se stert breek maklik af maar groei weer aan; saam met die "toeris" kruip en vlug hulle deur die murasies. Hierdie simbolisering is belangrik vir interpretasie van die gedig: dit impliseer (1) dat die geringste in die natuur tot die hoogtepunt van die skepping onlosmaaklik verbonde is en die aarde se lotsbestemming deel, (2) dat herlewing en dus ook oorlewing moontlik is - indien mens en dier betyds kan ontkom. Daar kan dus verwag word dat die gedig van hier af aan deur die digter se kyk-en-dink beheers sal word – d.i. fisiese handeling as sneller vir denkbeeldige refleksie, sodat die fisiese reis en die denkbeeldige reis in 'n vermenging van ruime voortgesit word.

Strofe 9

Gebeureraam 9.1 "Was dit net so 'n middag?"

Die twee middae word met mekaar vergelyk: (1) 'n middag in die 20ste eeu – die hede; (2) die middag net vóór die ramp in 79 n.C. – die verlede.

Die digter reflekteer ("dink") oor sy waarnemings ("kyk"). In die vorm van 'n vraag vergelyk hy die een middag met 'n ander een, sodat die tydsverloop tussen die twee datums provisioneel opgehef word tot tyd en wyl 'n antwoord op die vraag gekry word. Die vraag en tydsaanduiding "net so 'n middag" is 'n sneller vir 'n tydskuif van die een middag in die 20ste eeu na 'n ander een in 79 n.C.

Gebeureraam 9.2: 'n verbeeldingryke "herlewing" van die middag vóór die ramp, 79 n.C.

Die digter se "kyk" in strofe 8 word nou deur middel van "dink" in verband gebring met die middag voor die ramp: skape ("skaapskêr"), matrose, mans ("dobbelstene", "falli"), slawe in die kombuis ("brood"), 'n swanger vrou ("moeg van werk en wellus", "vrug"),

'n waghond ("versmoor"). In die laaste versreël dui die skakelwerkwoord gaan met die duratiewe werkwoord rus saamgelees op (1) 'n toestand van innerlike vrede, en (2) vermoënis na afloop van "werk" en "wellus", sodat beide geïnterpreteer kan word as deel van die normale gang van sake. Die tydsaanduiding [^{NS}'n rukkie] in die naamwoordstuk en die elliptiese ruspunte modifiseer egter hierdie gerustheid met die implikasie dat die vredigheid moontlik nie lank kan duur nie.

Strofe 10

Gebeureraam 10: Pompeii, 'n datum in die 20ste eeu

Die gids se stem is die sneller vir 'n tydskuif na die hede. Sy verduideliking van die rol van Bacchus en Venus in die alledaagse lewe van die burgers van antieke Pompeii bevestig vir die digter sy refleksie oor werk en wellus in die vorige strofe; sensuele genot is 'n "spel" wat deur die gode gesanksioneer is en as "die hoogste waarde" beskou word. Die werkwoord lees bevestig die feit dat die gelykstelling van die entiteite "manstaf" en "maatstaf" met "fallus" en "goud" as 'n geskrewe "wet van ouds" beskou is. Die verwysing na die fisiese lees(kyk)-aksie is 'n sneller vir die "dink"-aksie in die volgende strofe.

Strofe 11

Gebeureraam 11.1: Pompeii, 'n datum in 20 n.C.

Na aanleiding van 'n inskripsie "Sodoma, Gomora" op 'n muur ("kyk") en refleksie in strofes 9 en 10 ("dink"), vra die digter wie vir die inskripsie verantwoordelik kon gewees het – die vraag en die verwysing na die Bybelse stede is 'n sneller vir 'n tydskuif na 'n tyd vóór die ramp in 79 n.C.

Gebeureraam 11.2: Sodom en Gomorra, ongeveer 2100 v.C.

Dié twee bese stede is volgens die Bybel deur swawel en vuur vernietig as gevolg van die mense se boosheid:

Genesis 19:5,24-26: "…die mans oral uit die stad uit..het vir Lot geroep en vir hom gevra: "Waar is die mans wat vanaand na jou toe gekom het? Bring hulle uit na ons toe. Ons wil geslagsgemeenskap met hulle hê".

Die digter besin oor die skrywer van die inskripsie: was dit 'n wetsgetroue Jood vol afsku vir die "roekelose kultu van kloon en skoot", of dalk 'n vroeë Christen "wat die

heidendiens verstoot”? Beide sou weens hulle godsdienstige oortuiginge premonisies kon hê van so ‘n apokaliptiese uur; hulle het immers albei kennis gedra van ‘n vorige vernietiging van sedelose stede deur Goddelike ingryping:

Vers 24-26: “Toe het die Here swael en vuur van Hom af, uit die hemel uit, laat reën op Sodom en Gomorra. En God het die stede en die hele vlakte verwoes en hulle inwoners om die lewe gebring; selfs die plante in die omgewing is uitgeroei...Lot se vrou het omgekyk en sy het in ‘n soutpilaar verander”.

Die refleksie oor Sodom en Gomorra is die sneller vir verdere besinning oor die lotgevalle van so ‘n ramp vir mens en dier, en vir ‘n antwoord op die vraag wat die digter gestel het.

6.4.5 VERMENGDE RUIM: NUWE INSIGTE

In ‘n vorige hoofstuk is aangedui dat die getemporaliseerde teenwoordigetyd betrekking kan hê op die hier-en-nou en dat dit gebruik kan word met ‘n betekenis van gewoontehandeling om ewige, tydlose waardes uit te druk. Die tydsadjunk “Nou” word in gebeureraam 12 dus as sneller gebruik waar albei hierdie interpretasies van die teenwoordigetyd geld.

Strofe 12

Gebeureraam 12: ‘n Besinning oor die lotsbestemming van die mens, van gister tot vandag

Die strofe begin met die tydsadjunk *Nou* wat geïnterpreteer kan word as geldig vir die mens van gister en vandag, sodat dit nie net ‘n besinning is oor die kyk-en-dink ruimte in strofes 8, 9, 10 en 11 nie maar ook ‘n antwoord is op die vraag wat deur die digter in strofe 11 gestel is: soos die mens van gister dra die mens van vandag kennis van die apokaliptiese uur. Die versteende oorblyfsels van mens en dier word die simbool van onvervulde potensiaal as gevolg van ‘n oorgawe aan sinlike genot wat lei tot die afstomping van die gees en ‘n verlies aan geestelike waardes en moraliteit. Die tydsetsgroepe [^{sg}deur die eeue heen] en [^{so}vir ewig] onderskryf die tydsaspek in die eerste versreël van die strofe, en is ‘n sneller vir die vraag in die volgende strofe.

Strofe 13

Gebeureraam 13.1: 'n besinning oor die lotsbestemming van die mens, van vandag tot in die toekoms

Die digter reflekteer oor die aard van die “spel” in strofe 10 en vra die onafwendbare vraag: wat van die mens van vandag en môre? Hoe lank sal dit vir die moderne mens voortduur voordat dit uitloop op vernietiging van die individu (“’n aar bars”) en vir die aarde (“atome stoel uit die atol”)? Die voornaamwoord “ons” is ‘n sneller vir ‘n tydskuif en lokaliteitskuif na ‘n fisiese realiteit:

Gebeureraam 13.2: Pompeii, ‘n datum in die 20e eeu

Die lokaliteitskuif is noodsaaklik vir die verdere verloop van die gedig: die digter word weer toeris, hy is een van die groep toeriste (“ons”= gewone mense) wat diep onder die indruk is van wat hulle by die murasies en museum waargeneem het. Die synskoppelwerkwoord is dui ‘n staat of toestand aan waarin ‘n mens bewus is, dit wil sê ken, weet en voel - ‘n totale staat van kennis oor “daardie vuur”, as (1) die een apokaliptiese uur wat “meteens” totale vernietiging vir alle lewe kan meebring, en (2) die vuur van menslike passie, verslinger met “stuifmeel en dennebol”, wat die potensiaal inhou vir voortsetting of vernietiging van lewe. Hierdie insig lei dan tot die finale gevolgtrekking wat die digter maak oor die vraag wat in die eerste versreël van die eerste strofe gestel is.

6.4.6 TRANSENDASIE VAN TYD EN RUIMTE: DIE VRAAG WORD BEANTWOORD

Strofe 14

Gebeureraam 14: 'n Gevolgtrekking oor die lotsbestemming van die mens

Waar is die bese stad gekrap uit die ashoop? As toeris op ‘n fisiese reis word die digter gelei na die murasies en oorblyfsels van ‘n verdorwe samelewing in Pompeii, 20ste eeu; as digter lei die reis in die bewussyn hom tot die oorsake vir die vernietiging van die “bese” stede Pompeii in 79 n.C. en Sodom en Gomorra in 2100 v.C. Dit het nou duidelik geword dat dit nie die fisiese lokaliteit van die antieke ruïnes is wat bevraagteken word nie omdat dit tog bekend is en deur enigeen besoek kan word; dit is ‘n ander dimensie van die stede, die “boosheid”, wat gevind moet word. Die digter se waarneming van die oorblyfsels van die stad, “gekrap uit die ashoop”, en sy besinning oor sy vader se interpretasie van die skildery, lei tot transendasie van tyd en ruimte sodat hy oplaas met

sy vader se pessimistiese vertolking moet saamstem: die boosheid is in die mens self. Gegewe 'n keuse tussen lewe – “'n fontein”, of vernietiging – “'n verkoolde kiepersol”, kies die mens, ten spyte van kennis oor die apokaliptiese uur, steeds laasgenoemde en bewerk so sy eie ondergang. Die ontploffende steenkoolmyn op die skildery is 'n voorbeeld van die mens se verstandelike en tegnologiese vermoëns, sodat hy as “skepper” in staat is tot ingewikkelde nuwe tegnologiese ontwikkeling, sy “skepping”; weens misbruik lei dit egter tot totale uitwissing⁴. Hy begryp nou waarom sy vader die briewe van Plinius gebruik het as bewysvoering vir sy standpunt: Oom verteenwoordig die filosoof/wetenskaplike wat die oorsake van natuurverskynsels en die betekenis van lewe waarneem en beskryf, selfs al is dit soms lewensgevaarlik; Plinius is die skrywer/historikus wat die mens se lewe saam met ander mense vir die nageslag op skrif stel sodat dit as rigtingwysers gebruik kan word. Hy besef ook nou dat sy vader as skilder/kunstenaar die vermoë gehad het – én die verpligting gevoel het – om wat in die gees lewe op so 'n wyse tot uitdrukking te bring dat dit individueel en persoonlik is. As reisiger/digter verkry hy self ook nuwe insigte en maak hy sy eie waarneming, wat oop is vir 'n pessimistiese of optimistiese vertolking. Pessimisties vertolk is daar 'n visie oor die mens se ontwikkelende tegnologiese vermoëns en sy gebrekkige geestesontwikkeling, wat die potensiaal vir selfvernietiging inhou. Optimisties vertolk, verwys die titel van die gedig (*Dennebol*) na die vrugdraende keël van die naaldboom wat juis in “as” en “vlam” sy saad uitskiet sodat nuwe lewe na die konflagrasie moontlik is. Dit is dus nie 'n uitgemaakte saak dat die mens tot niet sal gaan nie (vgl. Klopper 1989).

6.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aangedui hoe die dinkruimbenadering in die teenwoordigetyd gebruik word om ewige, tydlose waarhede te konstrueer, en hoe dinkruime gebruik kan word om die chronologie van 'n storie te agterhaal. Daar is aangedui:

- dat dinkruime gebruik word om betekenis te konstrueer deur middel van 'n storie waaruit 'n tema, met 'n baie algemene, tydlose waarde, gekonstrueer word;

⁴ Die gedig is geskryf op 'n tydstop toe Frankryk kerntoetse op verskeie eilande in die Stille Oseaan uitgevoer het.

- dat die storie ook die chronologiese verloop van die gebeure in die vorm van tydrame vervat, vanwaar vanuit die teenwoordigetyd na ander tydrame geprojekteer word;
- dat die chronologiese verloop van 'n reeks kousale verwante gebeure in die vorm van gebeurrame binne hierdie verskillende tydrame vervat word;
- dat beeldskemas van perseptuele en konseptuele kategorisering deel vorm van so 'n gebeureraam wat deur middel van analogie of metaforiek geïnterpreteer kan word;
- dat die temporele fokus van elke gebeureraam 'n kousale verwantskap vorm tussen die onderskeie rame wat in narratiewe verhoudings tot mekaar staan en wat op grammatika geprojekteer word sodat grammatiese kategorieë en relasies ontstaan;
- dat die netwerk van gebeurrame en grammatiese kategorieë en relasies 'n kombinasie vorm wat uitloop op 'n hiërgiesse struktuur met 'n spesifieke gesigspunt/standpunt.

ADDENDUM

***DENNEBOL* van D.J. Opperman**

1.

Waar is die bese stad gekrap uit die ashoop?

Ons glasdakbus glip toetelend na die hotel,
en toe ons stram uitklim en na die hekke loop,
haak knapsekêrels aan ons vas en steek en kwel:
Wil ons dié kaart? dié boek? die pornofoto's koop?
"Sê julle padgee!" baklei die gids... begin vertel:
"Dáár is Vesuvius, die verknotte keël"...
- Toe, uit my jongmansjare, stuif 'n jeugtoneel:

2.

My vader het so pas 'n skildery voltooi:
'n Steenkoolmyn ontplof, die mense vlug, die bol
swart as en vlam wat dit die lug instrooi,
is 'n fontein of 'n verkoolde kiepersol!
Ek sê: "Gesog!" Hy: "Skepper én skepping. Mooi!"
Ons stry, en soos 'n seun hou ek moedswillig vol,
toe hy met oë na die skildery soms skeef,
die brief van Plinius oor Pompeii aan my voorlees:

3.

"Ja, ek onthou nog duidelik die dood van Oom.
Dié middag, van die olie en die sonlê klam,
wek Moeder hom en wys beangs die rook en stoom
bokant Vesuvius wat uitspuit tot die stam
en skurwe takke van 'n platkopdenneboom
vol as en klippe in die kruin en stukke vlam.
Toe ruk hy van Misenum met die volle vloot
na die smal kus waar mense wegvlug van die dood.

4.

Die denneboom se boonste takke sproei uiteen
Met groen vlammenaalde wat die rook deurprik:
Toe sintel uit kerspitte van die kruin meteens
op dobberende dak en dek van elke skip
die skilferende stuifmeelpoeier van puimsteen
en geskubde dennebolle brandende klip.
Oom – asmaties – dikteer waarnemings op sy boot,
toe val hy skielik van die swaweldampe dood"...

5.

“En verder?” “Goed, Tacitus, ek sal die ramp beskryf.
Die huise tril, die see krul in homself terug.
Ons hardloop, maar Moeder, oud en swaar van lyf,
wou sit en sterf, sodat ek onbelas kon vlug.
‘Nee, kom!’ Ek vat haar aan die dik boarm styf.
Sy verwyt die ouderdom en vet, sy snak na lug.
‘Die voete op die paaie sal ons nog doodtrap’.
Ek moes deur ‘n lupineveld maar stadig met haar stap.

6.

‘n Gehyg en hoes, gesoek na water... sluk en gorrel;
die perde en die wingerde omheen word wit
onder die asreën wat vanuit die berg opborrel –
ons moes soos hoenders die stof kort-kort van ons skud –
toe druis die warm eiers van lapilli-korrrels
oor kop en skouers. Party skreeu en ander bid.
Agter die klippereën en rook verdwyn die son
- ‘n dreunende duister het oor alles neergekom.

7.

Is dit die oopskeur van die nag der nagte
wat nou die ganse mensdom én die gode tref?
‘n Geroep na kinders en bemindes, ‘n sagte
gekerm en gesnik, en liedere word aangehef.
Maar, wil jy glo, dit troos my nogal die gedagte
dat ek tesaam met almal én die aarde sterf!
Toe ‘n flou lig eindelijk deur die wolke stoot,
Staan alles in die wit dons van die dood”.

8.

Dis of die gids se stem jou kyk-en-dink verstoort.
Agter dié glas: brood, dobbelstene, falli, vrug,
Skaapskêr en beuel, ‘n swanger vrou lê krom vooroor
op elmboë en gesig, soos sy die dood ontvlug;
‘n waghond met halsband om sy nek versmoor,
happend na asem, pote rukkend in die lug...
Deur die murasies kruip die tor en die toeris
en vlug die bruingspikkelde akkedis.

9.

Was dit net so ‘n middag?... Onder die prampuntgranate
lê ‘n stuk of ses happerig geskeerde skaap,
twee wit osse trek ‘n waentjie deur klipstrate,
matrose drink en dobbel, die waghond krultong-gaap,
mans stry oor die verkiesing en die kandidate,
terwyl die slawe in kombuise wortels skraap.
Sy kyk hoe swaeltjies vlieg, en moeg van werk en wellus

Gaan die swanger vrou 'n rukkie in haar kamer rus...

10.

"Dit was 'n hawestad" hoor ek die gids bedui.
"Venus en Bacchus bepaal die speelgoed en altaar.
Kyk dié lantern: 'n fallus waaraan klokkies lui,
dié sater op die bok, hoe dat die kunstenaar
telkens met verf, legwerk of marmer, elke bui
van hartstog soek, soos die maniere om te paar.
Ja, manstaf is die maatstaf – dis die wet van ouds.
Lees hier."Hy is meer werd as sy gewig in goud.."

11.

Het die een of ander wetsgetroue, swartbaard-Jood
vol afsku vir Bacchus, vol verontwaardiging
oor die roekelose kulti van die kloot en skoot...
Of van Christus 'n vroeë Romeinse volgeling
(deur Paulus in Rome?) wat die heidendiens verstoot
en weet dat Hy verlossend 'n ander maatstaf bring,
met voorgevoelens van dié naderende uur
"Sodoma, Gomora" gekrap teen hierdie muur?

12.

Nou sal die oë van die waghond ewig staar,
grondwaarts, terwyl sy pote stuiptrek teen die lug,
dié sater, bok, dié mans en vrouens ewig paar,
dié swanger vrou probeer om van die dood te vlug:
haar kind in sy groei nou ewig ongebaar.
Die werksman het gaan eet, keer van sy huis nooit terug,
en die seun sal deur die eeue heen almal wakker raas
soos hy ewig oefen om 'n beuel te blaas.

13.

Hoe lank sal hierdie spel vir ons voortduur
Voordat 'n aar bars, atome stoel uit die atol?
Ons stap hotelwaarts, bewus van daardie vuur
Wat deur verslingerde stuifmeel en dennebol
Meteens binne 'n apokaliptiese uur
'n waghond, swanger vrou, 'n hele stad kan stol.

14.

Ek gee aan hom wat rus nou in die doderyk,
Volkome wat die kiepersol betref, gelyk.

Hoofstuk 7: SAMEVATTING

Die doelwit van hierdie dissertasie was (1) om deur middel van bronverkenning 'n oorsig te bied van werk wat in Afrikaans gedoen is oor tydvergestalting, (2) om aan te dui dat die Kognitiewe Retoriek as opkomende studiegebied ontledingsmeganismes bied vir probleme oor tydsmarkering wat nie deur tradisionele metodes van ontleding en beskrywing opgelos kan word nie, en (3) om aan te toon hoe die dinkruimbenadering van die Kognitiewe Retoriek aangewend kan word om tyd as agtergrond-organiserende meganisme in narratiewe tekste te ontleed.

Daar is geargumenteer dat tradisionele verduidelikings oor tydsdifferensiasie as problematies en ontoereikend beskou word omdat daar 'n verskuiwing plaasgevind het met betrekking tot die sistematiek wat die reëls van taal onderlê. Teenstrydig met tradisionele beskouings dat taal en betekenis ontleed kan word as entiteite wat in die objektiewe werklikheid bestaan, word taal gesien as die instrument waardeur betekenis oorgedra word – hiervolgens staan die konseptualiseerder van die werklikheid in die sentrum en is taal die refleksie van sy subjektiewe ervaring van die werklikheid. Daar is aangedui dat hierdie beginsel 'n sentrale aanname van die Kognitiewe Retoriek is. Tydsbeleving in diskoers kan ingevolge hierdie nuwe benadering derhalwe nie as 'n verskynsel beskryf word wat in die taal los van ander verskynsels staan nie.

Daar is egter ook aangedui dat die beginsels van die kognitiewe grammatika, soos in hierdie dissertasie uiteengesit, nie 'n revolusionêre hernuwing van insigte is nie, alhoewel daar sekere aspekte is wat nuut is. Deur met nuwe perspektiewe na gevestigde bronne te kyk oor aspekte soos deiksis, konteks en aspektuele onderskeid, is aangetoon dat die werk van taalkundiges soos De Villiers (1948, 1951, 1962, 1972), Loubser (1961) en Labuschagne (1972) op 'n vroeë stadium reeds 'n belangrike bydrae maak tot tydsondersoek. Daar is verder aangedui dat Wybenga (1983) hierdie insigte, sowel as dié van Ponelis (1979), benut vir sy ondersoek na tydsdifferensiasie in Afrikaans, wat die

hoof trekke vervat van die kognitiewe benadering wat later in die werk van taalkundiges soos De Stadler (1989, 1992a, 1992b), Hendrikse (1996), Botha (1996), Klopper (1997a, 1997b, 1997c, 1997d, 1998) en Swanepoel (1998) gereflekteer word.

'n Ontledingsraamwerk gebaseer op die kognitiewe dinkruimbenadering is ontwikkel wat voorsiening maak vir die beginsel dat die semantiese struktuur van 'n taal 'n mens se bewussyn van 'n fisiese, sosiale en taalkundige wêreld reflekteer, sodat tyd metafories as ruimte herbedink word. Hiervolgens word tyd as 'n beweging en manipuleerder beskou, wat op die agtergrond figureer om die verloop van gebeure te orden - 'n mens beweeg *vorentoe* en *agtertoe* in tyd, tyd kan jou *inhaal*, of jou vriende *wegneem*. Tyd is ook beskryf as 'n houer waarbinne tydskonsepte soos hede, verlede en toekoms as kleiner houters opgesluit lê. Hierdie houters funksioneer as dinkruime, wat gedeeltelike weergawes is van logiese, samehangende situasies of potensiële werklikhede. Die interpretasie van diskoers berus op die konstruksie van 'n komplekse konfigurasie van hiërargies verwante dinkruime - soos wat elke sin in die diskoers geprosesseer word, word die konfigurasie van ruime aangepas, gebaseer op leksikale en grammatiese snellers wat in die sin voorkom. Hierdie aangepaste konfigurasie van ruime word pragmaties uitgebrei vanuit agtergrondkennis vervat in die vorm van beeldskemas binne gebeurrame.

Die diskoers tussen gespreksgenote is ingevolge die raamteorie beskryf as 'n spektrum van taalhandelinge waarbinne die gespreksgenote versamelings kennis deel oor aspekte soos plek, tyd, okkasie, die intrinsieke kenmerke van dinge en prosesse, die tipe gebeurtenis waaroor gepraat word en die semantiese kenmerke betrokke by oorsaaklikheid en intensionaliteit. Daar is aangedui hoe hierdie kennis deur die brein beskikbaar gestel word in die vorm van kennisrame as 'n taalhandelingsraam, 'n staatraam en 'n gebeureraam. Elke raam verteenwoordig 'n soort kennis wat byeengedink word as 'n gekonsipieerde sekvensie van gebeure met prototipiese kenmerke, soos die prototipiese kousale, oorganklike struktuur "X doen iets aan/beïnvloed Y", of 'n prototipiese onoorganklike struktuur "X verkeer in Staat 1". Deur

middel van 'n vermengingsproses word die gebeuresekwens as 'n werklike uiting gekonstrueer.

'n Basiese vertrekpunt van die ontledingsraamwerk wat ontwikkel is, behels dat 'n dinkruim vir die teenwoordigetyd as die primêre belewingsruim van die mens beskou moet word, en as die kognitiewe vertrekpunt vanwaar hy projekteer na die verlede of die toekoms. Die spreker vestig homself tydens diskoers in die hier-en-nou deur 'n kognitiewe dinkruim vir die teenwoordigetyd oop te maak, sodat deiktiese verankering plaasvind. Vanuit hierdie dinkruim projekteer hy metafories na 'n verledetyddinkruim, of na 'n toekomstigetyddinkruim. Binne 'n bepaalde dinkruim is daar 'n sekwensie gebeureraamte vervat wat vir dieselfde tyd gemerk is; sodra 'n tydskuiw plaasvind, sal 'n mens 'n nuwe dinkruim oopmaak vir die nuwe tydraam. In die tydraam verloop die gebeure chronologies as 'n reeks kousale verwante gebeure, en kan 'n gebeurtenis as afgehandel, as 'n verwagting, as 'n voorwaardelikheid, of as historiese presens gekonstrueer word. Tydens projeksie na 'n ander dinkruim verskuif die deiktiese sentrum na die tyd en lokaliteit wat in die gebeureraam binne die dinkruim vervat, geïdentifiseer is.

Deur dieselfde beginsels wat ontwikkel is vir werklike taalgebruik ook op 'n fiksionele narratiewe poësie-tekste toe te pas, is aangetoon dat dieselfde projeksies ook in 'n storie gemaak word. Die storie word vertel, deur middel van assosiasies word dinkruime oopgemaak, en binne die dinkruime word gebeureraamte gekonstrueer wat bestaan uit 'n sekwensie van gebeure, wat die chronologiese verloop van die kousale verwante gebeure in die vorm van tydraam vervat. Soos in alledaagse taal, geskied al hierdie projeksies vanuit die teenwoordigetyd. Die doel van die fiktiewe vertelling is om die leser se waardesisteme te betrek by die leesproses – deur die byëndink van die informasie in die dinkruime vervat word afleidings gemaak oor wat in die lewe aan die gang is. Deur middel van 'n proses van konseptuele vermenging word die leser uiteindelik gelei tot 'n herinterpretasie van bestaande waardes.

Daar is aangetoon dat verledetyd, teenwoordigetyd en toekomendetyd op prototipiese en minder prototipiese maniere gebruik word. Die prototipiese gebruikspatroon vir verledetyd is *het ge+*, soos in *hy het sy werk gedoen*. In 'n minder tipiese patroon word 'n tydsadjunk gebruik om verledetydsgebeure te aan te dui, sodat die verledetydsmerkers redundant is: *gister kom hy toe hier aan*. Utings in die verledetyd maak toetsbare stellings oor afgehandelde gebeure, en is dus onderworpe aan waarheidsvoorwaardes.

In die teenwoordigetyd behels prototipiesheid dat 'n gebeurtenis in die hier-en-nou binne die deiktiese konteks voltrek word: *hy drink twee biere*. In 'n minder tipiese gebruikspatroon is die gespreksgenote in tyd en ruimte geskei, soos waar teenwoordigetyd gebruik word om 'n gewoonte te markeer: *hy drink elke oggend twee biere*. 'n Nog minder tipiese gebruikspatroon is om afgelope gebeure te rapporteer asof hulle in die hier-en-nou plaasvind, soos die gebruik van historiese (narratiewe) presens, of soos by sportuitsendings: *hy druk sy drie!* 'n Gebeureraam vir die teenwoordigetyd en konteks word gekonstrueer waarin die gebeurtenis op die voorgrond en tyd op die agtergrond figureer om die verloop van die gebeurtenis te orden.

By voorwaardelike konstruksies word die teenwoordigetyd prototipies met 'n toekomendetyd interpretasie gebruik: *As jy stout is, dan sal ek jou slaan*. Deur die apodose van toekomstigetyd te stroop, word groter onmiddelikheid en trefkrag aan 'n uiting verleen: *as jy stout is, slaan ek jou*.

Met die historiese narratiewe presens word elke gebeurtenis geïnterpreteer asof dit met die spraakgebeure ooreenkom, sodat dit 'n denkbeeldige "oorspeel" van afgelope gebeure behels.

Modaliteit is toekomsgerig, met teenwoordigetydspatrone wat prototipies te make het met kragte en grense wat op die fisiese omgewing inwerk, maar wat ook na die interne geestelike wêreld oorgedra kan word: *jy moet jou werk doen* (verpligting), *jy moet kom kuier* (toenaderbaarheid).

Aspektuele onderskeid is beskryf as 'n mens se persepsies oor ruimtelike beeldskemas van begrensing, d.i. begin- en eindpunte, herhaling, kortstondigheid teenoor gereetheid en momentele gebeurtenisse. Aspek is in die hoofwerkwoord vervat, ongeag of die werkwoord temporeel gemerk is vir 'n spesifieke gebeurtenis. By prototipiese aspektuele vorme word duratieweit as default waargeneem, met inchoatiewe aspek wat die begin en perfektiewe aspek wat die einde van 'n handeling aandui. Hierdie onderskeide kan versterk of gemodifiseer word deur skakelwerkwoorde of tydsadjunkte. Daar is aangetoon dat tempus en aspek binne 'n kliek werksaam is, en 'n kliekreël is geformuleer wat hierdie stelling onderskryf.

Daar is aangetoon dat wanneer tyd ingevolge die dinkruimbenadering ontleed word as 'n diskoersorganiseerder, data wat gewoonlik probleme veroorsaak vir taalkundiges, nie meer problematies is nie.

BIBLIOGRAFIE

- Botha, W.J. 1996. "Hoe beteken taal? 'n Kognitiewe perspektief". In: *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*. Supplement 28, pp.5-25.
- Binnick, Robert. 1991. *Time and the Verb: A Guide to Tense and Aspect*. New York: Oxford University Press.
- Bowmer, T.H. 1978. *'n Voorstelling van tydsaanduiding in Afrikaans*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van Pretoria.
- Brugman, C. 1996. "Mental Spaces, Constructional Meaning, and Pragmatic Ambiguity". In: G. Fauconnier & E. Sweetser (Red.). *Spaces, Worlds, and Grammar*, pp.29-56. Chicago: University of Chicago Press.
- Bunyan, John. 1968. *The Pilgrim's Progress*. Penguin Books.
- Bybee, J. 1985. *Morphology*. Amsterdam: John Benjamins.
- Calvin, William, H. 1996. *How brains think*. New York: Basic Books.
- Calvin, William, H. 1998. "Competing for Consciousness: A Darwinian Mechanism at an Appropriate Level of Explanation". In: *Journal of Consciousness Studies*, 5(4), pp. 389-4.
- Carstens, Adelia. 1993. "'n Funksionele benadering tot metonimie". In: *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 11(3), pp. 85-94.
- Chomsky, Noam. 1957. *Syntactic Structures*. The Hague: Mouton.
- Chomsky, Noam. 1965. *Aspects of the Theory of Syntax*. Cambridge: MIT Press.
- Comrie, Bernard. 1976. *Aspect*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Comrie, Bernard. 1984. *Subject and Object Control: Syntax, Semantics, and Pragmatics*. *BLS* 10, 450-464.

- Comrie, Bernard. 1985. *Tense*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Croft, William. 1991. *Syntactic Categories and Grammatical Relations*. Chicago: University of Chicago Press.
- Cutrer, L.M. 1994. *Time and tense in narrative and everyday language*. Unpublished doctoral thesis. University of California, San Diego.
- Damasio, A. 1991. *Descartes' Error*. New York: Putnam & Sons.
- Dawkins, Richard. 1995. *River out of Eden*. London: Phoenix Paperbacks.
- Deane, Paul, D. 1992. *Grammar in Mind and Brain: Explorations in Cognitive Syntax*. New York: Mouton de Gruyter.
- De Klerk, Vivian. 1992. "A cognitive model of language: The network approach." In: *South African Journal of Linguistics*, (10)4, pp. 181-186.
- De Stadler, L.G. 1989. *Afrikaanse Semantiek*. Johannesburg: Southern Uitgewers.
- De Stadler, L.G. 1990. "Kousatiewe deiktiese werkwoorde in Afrikaans: *bring* en *neem*". In: *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 8: 59-68.
- De Stadler, L.G. 1992a. "Semantic roles as prototypical categories". In: *South African Journal of Linguistics*, 10:4.
- De Stadler, L.G. 1992b. "Semantiese rolle en die polisemiese waarde van werkwoorde". In: *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 10:3.
- De Villiers, M. 1948. *Woordsoorte, werkwoorde en tye*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- De Villiers, M. 1951. *Werkwoordsvorme in Afrikaans in die verlede tyd*. Annale van die Universiteit van Stellenbosch, Jaargang XXVI, Reeks B, No. 1.
- De Villiers, M. 1962. "Die aanduiding van tyd in Afrikaans". *Standpunte*, 44(2), pp. 53-61.

De Villiers, M. 1971. *Die grammatika van tyd en modaliteit*. Kaapstad: A.A. Balkema.

De Villiers, M. 1975. *Die Semantiek van Afrikaans*. Kaapstad: HAUM.

Dewell, Robert B. "Over again: Image-shema transformations in semantic analysis". In: *Cognitive Linguistics*, 5-4 (1994), pp.351-380.

Dinsmore, John. 1991. *Partitioned representations*. Dordrecht: Kluwer Academic.

Dirven, R. 1994. "Metaphor and nation". In: *Duisburg Papers on Language and Culture*. Vol. 22. Frankfurt/M. Lang.

Dixon, R.M.W. 1991. *A new approach to English grammar, on semantic principles*. Oxford: Clarendon Press.

Edelman, G. 1989. *The Remembered Present: A Biological Theory of Consciousness*. New York: Basic Books, Inc.

Fauconnier, G. 1983. "Generalized Union". In: *Communication and Cognition*. pp. 163-37.

Fauconnier, G. 1985. *Mental Spaces: Aspects of Meaning Construction in Natural Language*. Cambridge, Mass.: MIT Press.

Fauconnier, G. 1986. "Roles and Connecting Paths". In: U. Eco, M. Santambrogio, P. Violi (Eds.): *Meaning and Mental Representation*. Bloomington: Indiana University Press.

Fauconnier, G. 1990. "Domains and Connections." In: *Cognitive Linguistics* 1.1, pp. 151-247.

Fauconnier, G. 1994. *Mental Spaces*. (2e uitgawe). Cambridge: Cambridge University Press.

Fauconnier, G. & Sweetser, E. (Eds.) 1996. *Spaces, Worlds, and Grammar*. Chicago:

University of Chicago Press.

Fauconnier, G. & Turner, M. 1994. *Conceptual Projection and Middle Spaces*.

Technical Report No. 9401. University of California, San Diego: Department of Cognitive Science.

Fauconnier, G. & Turner, M. 1996. "Blending as a Central Process of Grammar". In: A. Goldberg (Ed.) *Conceptual Structure, Discourse and Language*. Stanford: Centre for the Study of Language and Information. Distributed by Cambridge University Press.

Fillmore, C. 1968. "The case for case". In: E. Bach & R. Harms (Eds.). *Universals in Linguistic Theory*. New York: Holt.

Fillmore, C. 1977. "The case for case reopened". In: P. Cole (Ed.). *Syntax and Semantics 8: Grammatical Relations I*, pp. 59-81. New York: Academic Press.

Fillmore, C. & Kay, P. 1993. *Construction Grammar*. Unpublished manuscript. University of California, Berkeley.

Givon, T. 1979. *On understanding Grammar*. New York: Academica Press.

Givon, T. 1982. "Evidentiality and Epistemic Space". In: *Studies in Language*, 6.1, pp. 23-49.

Givon, T. 1984. *Syntax: A Functional Typological Introduction*. Vol. 1. Amsterdam: J. Benjamins Publishers.

Goldberg, Adele. 1995. *Constructions: A Construction Grammar Approach to Arguments Structure*. Chicago: Chicago University Press.

Hatav, Galia. 1989. "Aspects, *Aktionsarten*, and the time line". In: *Linguistics*, 27, pp. 487-516.

- Hawking, Stephen. 1994. *A brief history of time*. Toronto: Bantam Books.
- Hendrikse, A.P. & Poulos, G. 1994. "Word Categories: Prototypes and continua in Southern Bantu". In: *South African Journal for Linguistics*. Supplement 20, pp. 215-245.
- Hendrikse, A.P. 1995. "The category verb at the grammar-lexicon interface". In: *South African Journal of Linguistics*. Supplement 26, pp.163-184.
- Hendrikse, A.P. 1996. "On containers and concepts". In: *South African Journal of Linguistics*. Supplement 32, pp. 121-133.
- Hinnells, John R. (Ed.). 1984. *Dictionary of Religions*. Middlesex, England: Penguin Books.
- Jackendoff, R. 1983. *Semantics and Cognition*. Cambridge, Mass.: MIT Press.
- Jackendoff, R. 1990. *Semantic Structures*. Cambridge, Mass.: MIT Press.
- Johnson, M. 1987. *The body in the mind: The Bodily Basis of Meaning, Imagination, and Reason*. Chicago: University of Chicago Press.
- Joubert, Gideon. 1997. *Die groot gedagte – abstrakte weefsel van die kosmos*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
- Kannemeyer, J C. 1989. "Dennebol". In: *Getuigskrifte*. Jutalit.
- Klopper, E.M.M. 1989. *D J Opperman: "Spermutasie" – Die PalimpSES*. Ongepubliseerde doktrale proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.
- Klopper, R.M. 1997a. *In the mind's eye. The role of conceptual blending in having to see what you mean*. Inaugural lecture. University of Zululand: Durban-Umlazi Campus.
- Klopper, R.M. 1997b. *Embodied consciousness*. Unpublished manuscript. University

of Zululand, Durban-Umlazi Campus.

Klopper, R.M. 1997c. *Die figuur-en-grond-gestalt en die Afrikaanse werkwoorde van beweging*. Ongepubliseerde manuskrip. Universiteit van Zululand, Durban-Umlazi Kampus.

Klopper, R.M. 1997d. *The demise of certainty in interpretation*. Unpublished manuscript. University of Zululand, Durban-Umlazi Campus.

Klopper, R.M. 1998. "Eendag op 'n reëndag". In: Rufus Gouws en Ilse Feinauer, Samestellers: *Sintaksis op die voorgrond*. Van Schaik: Akademies.

Labov, William. 1972. "The Transformation of Experience in Narrative Syntax". In: *Language in the Inner City*, pp. 354-396. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

Labov, William. 1973. "The boundary of words and their meaning". In: R.W. Bailey & C.N. Shuy: *New ways of analysing variation in English*. Washington: Georgetown University Press.

Labuschagne, F.J. 1972. "Die oorsprong en wese van taal en die funksielingemaat in Afrikaans". RGN-publikasiereeks 16. Potchefstroom: Pro Rege.

Lakoff, George & Johnson, Mark. 1980. *Metaphors we live by*. Chicago: University of Chicago Press.

Lakoff, G. 1987. *Women, Fire and Dangerous Things*. Chicago: University of Chicago Press.

Lakoff, G. 1990. "The Invariance Hypotheses: is abstract reason based on image-schemas?" In: *Cognitive Linguistics* 1(1), pp. 39-74.

Langacker, R. W. 1987a. *Foundations of Cognitive Grammar. Volume I*. Stanford,

California: Stanford University Press.

Langacker, R.W. 1987b. *Grammatical Ramifications of the Setting/Participant Distinction*. BLS 13, pp. 383-394.

Langacker, R.W. 1987c. *Transitivity, Case, and Grammatical Relations: A Cognitive Grammar Prospectus*. Reproduced by LAUD, Duisburg: Linguistic Agency University of Duisburg.

Langacker, R.W. 1988. "An Overview of Cognitive Grammar". In: B. Rudzka-Ostyn, (Ed.). *Topics in Cognitive Linguistics*, pp. 127-161.

Langacker, Ronald W. 1990. *Concept, Image and Symbol. The Cognitive Basis of Grammar*. New York: Mouton de Gruyter.

Langacker, Ronald W. 1991. *Foundations of Cognitive grammar. Volume 2*. Stanford, California: Stanford University Press.

Lehrer, A. 1990. "Polysemy, conventionality, and the structure of the lexicon". In: *Cognitive Linguistics* 1-2, pp. 207-246.

Loubser, J.E. 1961. *Die saamgestelde verbale vorm van Nederlands en Afrikaans*. Groningen: J.B. Wolters.

Louw, J.P. 1976. *Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Love, Nigel. 1990. "Chomsky's theory of language acquisition". In: *South African Journal of Linguistics*, 8(4).

Lyons, J. 1968. *Introduction to theoretical linguistics*. London: Cambridge University Press.

Lyons, J. 1979. *Semantics I & II*. Cambridge: Cambridge University Press.

- MacLaury, R.E. 1991. "Prototypes revisited". In: *Annual Reviews Anthropology* 20, pp.55-74.
- Makoni, Sifree B. 1994. "The consequences of a Chomskyan perspective on rules in second language acquisition." In: *South African Journal for Linguistics*, 12(3).
- Mandelblit, N. 1997. *Grammatical Blending: Creative and Schematic Aspects in Sentence Processing and Translation*. Unpublished doctoral thesis. University of California, San Diego.
- Nienaber, C.J.M. 1974. "Dennebol". In: *D J Opperman: Dolosgooier van die woord*. Saamgestel deur A P Grové. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
- Nienaber-Luitingh, M & Nienaber, C.J.M. 1974. *Woordkuns*. Van Schaik: Pretoria.
- Nishimura, Yoshihiki. 1989. *Agentivity in cognitive grammar*. University of Tokio. Reproduced by the Linguistic Agency University of Duisburg, Series A, No. 230.
- Opperman, D.J. 1963. "Dennebol". In: *Dolosse*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
- Pinker, S. 1989. *Learnability and Cognition: The Acquisition of Argument Structure*. Cambridge, Mass.: MIT Press.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Pretorius, E.J. 1994. "What do 10-year-olds remember?" In: *South African Journal of Linguistics*. Supplement 20, pp.38-71.
- Pretorius, E.J. 1996. "Reading in the learning context: the role of cognitive variables". In: *South African Journal of Linguistics*. Supplement 32, pp. 35-58.
- Putnam, Hilary. 1985. *Reason, Truth and History*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Quirk, R. et. al. 1974. *A Grammar of Contemporary English*. London: Longman.

- Reichenbach, H. 1947. *Elements of Symbolic Logic*. New York: MacMillan.
- Rosch, E.H. 1973. "Natural Categories". In: *Cognitive Psychology*, 4:328-350.
- Rosch, E.H. 1975. "Cognitive Reference Points". In: *Cognitive Psychology*, 7:532-547.
- Rosch, E.H. 1978. "Principles of Categorization". In: B. Lloyd & E. Rosch (Eds.). *Cognition and Categorization*. Hillsdale, New York: Lawrence Erlbaum and Associates.
- Rudzka-Ostyn, B. (Ed.) 1988. *Topics in Cognitive Linguistics*. Amsterdam: John Benjamins.
- Salinger, J.D. 1951. *The Catcher in the Rye*. Penguin Classics.
- Schoeman, Karel. 1988. *Hierdie lewe*. Van Schaik: Pretoria.
- Swanepoel, Piet. 1998. "Kousatiwiteit: modelle, konstruksies en perspektivering". In: Rufus Gouws en Ilse Feinauer, Samestellers: *Sintaksis op die voorgrond*. Van Schaik: Akademies.
- Sweetser, Eve. 1990. *From Etymology to pragmatics: The mind as body metaphor in semantic structure and semantic change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Sweetser, Eve. 1993. *From etymology to pragmatics: Metaphorical and cultural aspects of semantic structure*. Cambridge Studies in Linguistics 54, Cambridge: Cambridge University Press.
- Talmy, L. 1985. "Lexicalization patterns: Semantic structure in lexical forms". In: *Language Typology and Syntactic Description III: Grammatical Categories and the Lexicon*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Talmy, L. 1988. "Force Dynamics in Language and Cognition". In: *Cognitive Science*.

12: 49-100.

Taylor, J.R. 1989. *Linguistic Categorization: Prototypes in Linguistic Theory*. Oxford: Clarendon Press.

Taylor, J.R. 1991. *Linguistic Categorization*. Oxford: Clarendon Press.

Taylor, John. 1992. "Language, thought and culture". In: *South African Journal of Linguistics*, 10(4), pp.185-186.

Taylor, John R. 1992. "A problem with synonyms (and a way to solution)". In: *South African Journal of Linguistics*, 10(2), pp. 99-104.81

Turner, Mark & Giles Fauconnier. 1995. *Conceptual integration and formal expression*. Available online at <http://metaphor.uoregon.edu/metaphor/htm>.

Turner, Mark. 1991. *Reading minds: The Study of English in the Age of Cognitive Science*. Princeton: New Jersey: Princeton University Press.

Turner, Mark. 1996. *The literary mind*. New York: Oxford University Press.

Turner, M. & Fauconnier, G. 1997. "A mechanism of creativity". Lecture: The Second International Conference of the Literary Semantics Association. Freiburg: Duitsland.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1963. *Inleiding tot die taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1972. *Afrikaans – sy aard en sy ontwikkeling*. Pretoria: Van Schaik.

Van Niekerk, Johan. 1997. "Leksikale aspek en temporele spesifikasie". In: *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 15(3), PP. 98-103.

Wierzbicka, A. 1992. "Semantic primitives and semantic fields". In: Lehrer & Kittay (Eds.), pp.209-227.

Wittgenstein, L. 1953. *Philosophical Investigations*. Oxford: Blackwell.

Wybenga, D.M. 1983. *Semantiese tydvergestalting in Afrikaans – 'n linguistiese ondersoek aan die hand van enkele Afrikaanse kortverhale*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Wybenga, D.M. 1993. "Gewete en waargenome wêreld: 'n Tekstuele perspektief op Afrikaanse Tydsuitdrukking. In: *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*. Supplement 15, pp. 15-30.

Zawada, B.E. "The representation of noun verb polysemy". In: *South African Journal of Linguistics*. Supplement 30, pp. 103-117.

Zulu, S.P. 1995. *Aspekte van oorganklikheid in Afrikaans*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Zululand.

NASLAANWERKE WAAR GEEN ENKELE OUTEUR/REDAKTEUR AANGEDUI WORD NIE

Cambridge Encyclopedia. The Second Edition.

Die Bybel. Die 1953-hersiene uitgawe van die 1933-vertaling.